| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 63 | 21,5 | 222 | 75,8 | 8 | 2,7 | 293 | 100,0 |
| Natal | 33 | 55,9 | 24 | 40,7 | 2 | 3,4 | 59 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 16 | 16,5 | 76 | 78,3 | 5 | 5,2 | 97 | 100,0 |
| Transvaal | 82 | 37,6 | 126 | 57,8 | 10 | 4,6 | 218 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 4 | 30,8 | 9 | 69,2 | 0 | 0,0 | 13 | 100,0 |
| Private skole | 82 | 60,7 | 43 | 31,9 | 10 | 7,4 | 135 | 100,0 |
| TOTAAL | 280 | 34,4 | 500 | 61,3 | 35 | 4,3 | 815 | 100,0 |

TABEL 1.6

NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE VOLGENS LIGGING (STAD, DORP, PLATTELAND) VERDEEL

| Onderwys-owerhede | Skole: Vraelyste teruggestuur | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Platteland | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 5 | 83,3 | 1 | 16,7 | 0 | 0,0 | 6 | 100,0 |
| Natal | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Transvaal | 8 | 53,3 | 6 | 40,0 | 1 | 6,7 | 15 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Nasionale Opvoeding | 3 | 15,0 | 13 | 65,0 | 4 | 20,0 | 20 | 100,0 |
| TOTAAL | 22 | 45,8 | 21 | 43,8 | 5 | 10,4 | 48 | 100,0 |

| Onderwys-owerhede | Universum: 1970 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Platteland | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 5 | 71,4 | 2 | 28,6 | 0 | 0,0 | 7 | 100,0 |
| Natal | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Transvaal | 11 | 55,0 | 8 | 40,0 | 1 | 5,0 | 20 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Nasionale Opvoeding | 3 | 15,0 | 13 | 65,0 | 4 | 20,0 | 20 | 100,0 |
| TOTAAL | 25 | 46,3 | 24 | 44,4 | 5 | 9,3 | 54 | 100,0 |

(d) <u>Gevolgtrekking met betrekking tot die betroubaarheid van die gegewens</u>

Op grond van die hoë persentasie skoolhoofde wat vraelyste teruggestuur het (kyk tabelle 1.1, 1.2 en 1.3), tesame met die ooreenstemmende persentasies ten aansien van die liggingsverspreiding van die skole van die universum en die besprekingsgroep (kyk tabelle 1.4, 1.5 en 1.6), kan die gegewens van die onderhawige verslag vir alle praktiese doeleindes as betroubaar aanvaar word.

## 1.4 ENKELE VERDUIDELIKINGS

### 1.4.1 Nywerheid-, verbetering- en spesiale skole

Hierdie drie tipes skole word as groep bespreek. Die leser moet egter onthou dat wanneer die posisie vir die Departement van Nasionale Opvoeding gestel word, dit slegs om nywerheid- en verbeteringskole gaan, aangesien slegs hierdie onderwysdepartement hierdie skooltipes het. Die provinsiale onderwysdepartemente en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika het slegs spesiale skole onder hulle beheer, en gevolglik gaan dit om spesiale skole wanneer hierdie onderwysowerhede onder hierdie kategorie skole bespreek word. Die tabelle maak dit moontlik om in die lig van hierdie verduideliking die getal skole wat onder die genoemde onderwysowerhede ressorteer, te bepaal.

### 1.4.2 Die gebrek aan fasiliteite vir die beoefening van sport

Met die algehele gebrek aan sportfasiliteite word bedoel dat 'n sportsoort deur 'n skool beoefen word sonder enige fasiliteite op die eie skool- en sportterrein. Waar hierdie aangeleentheid bespreek word, het dit slegs betrekking op daardie skole wat wel die sportsoort aanbied.

### 1.4.3 Die weglating van onderwysowerhede uit tabelle

Aangesien die Departement van Nasionale Opvoeding nie primêre en sekondêre skole onder sy beheer het nie, is hierdie onderwysdepartement uit die betrokke tabelle weggelaat. Omdat daar nie private nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (skole vir verstandelik vertraagdes) is nie, verskyn die private skole as onderwysowerheid nie in die betrokke tabelle nie. Verdere voorbeelde kan genoem word om die weglating van onderwysowerhede uit tabelle toe te lig. Wanneer tabelle in oënskou geneem word, moet die volgende in gedagte gehou word: <u>Waar</u>

onderwysowerhede uit tabelle weggelaat is, is dit omdat die aspek wat onder bespreking is, nie op die betrokke onderwysowerheid van toepassing is nie.

1.4.4 Sportsoorte wat deur skole aangebied word

Die lys van sportsoorte is deurgaans in daardie tabelle behou waar ontledings insake die sportsoorte gedoen is. Indien daar geen getalle teenoor 'n sportsoort onder 'n onderwysowerheid verskyn nie, is dit omdat die skole van die betrokke onderwysowerheid nie die sportsoort beoefen nie.

1.4.5 Verwysing na onderwysowerhede

Die volle benaming van 'n onderwysdepartement, byvoorbeeld die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika, word nie in die verslag gebruik nie. Wanneer in die verslag na Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal, Suidwes-Afrika en Nasionale Opvoeding verwys word, word daarmee die onderwysdepartement bedoel. Die benaming private skole geld vir alle private skole in die land as 'n groep.

## 1.5 DIE ONDERHAWIGE VERSLAG

Die leser word daarop attent gemaak dat die Departement van Nasionale Opvoeding nie primêre skole onder sy beheer het nie. Verder, dat tydens hierdie opname die sekondêre skole wat onder die Departement van Hoër Onderwys (tans Nasionale Opvoeding) geressorteer het, reeds aan die provinsiale onderwysdepartemente oorgedra was en dus verskyn daar in die tabelle nie gegewens oor sekondêre skole vir die Departement van Nasionale Opvoeding nie. Slegs gegewens oor die nywerheid- en verbeteringskole word in die tabelle teenoor die Departement van Nasionale Opvoeding verstrek. Die leser moet verder in gedagte hou dat persentasies altyd saam met die werklike getalle vergelyk moet word, omdat die getalle soms klein kan wees en persentasies in sulke gevalle 'n verkeerde beeld kan gee.

Soos reeds in die inleidende opmerkings gemeld, vorm hierdie studie die afronding van die navorsingsprogram ten aansien van die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite, en moet dit dus as eenheid met die voorafgaande studie gesien word. Daar word in die onderhawige verslag nie 'n diepgaande betoog gevoer oor die verantwoordbaarheid al dan nie, van die huidige bedeling nie. Inteendeel, die toestand met slegs enkele opmerkings daarby word weergegee met die vertroue dat die onderwysowerhede 'n beeld sal kry van waar die knelpunte met betrekking tot sportfasiliteite lê.

## HOOFSTUK 2

## FASETTE VAN DIE SKOOLPRAKTYK TEN AANSIEN VAN DIE BEOEFENING VAN SPORT

### 2.1 DIE INRUIMING VAN 'N SPORTPROGRAM IN DIE SKOOL SE OPVOEDENDE ONDERWYSPROGRAM

Soos reeds in die voorafgaande verslag[1]) gemeld, word deelname aan sport as 'n belangrike deel van die opvoedende onderwysprogram beskou. In die eersvolgende afdeling word 'n beeld gegee van hoe sodanige beleid in die praktyk vergestalting vind.

### 2.2 DIE AANBIEDING VAN 'N SPORTPROGRAM DEUR STEDELIKE SKOLE

#### 2.2.1 Stedelike primêre skole

Blykens tabel 2.1 bied verreweg die meeste skole van die onderskeie onderwysowerhede 'n sportprogram aan. Die persentasies wissel tussen 89,6 vir die private skole tot 100,0 persent vir Natal, Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika, met 'n persentasie van 95,3 vir al die stedelike primêre skole in die land.

#### 2.2.2 Stedelike sekondêre skole

Met die uitsondering van die stedelike private sekondêre skole (96,5%), bied al die stedelike sekondêre skole van die onderskeie onderwysdepartemente 'n sportprogram aan (kyk tabel 2.2).

#### 2.2.3 Stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole

Volgens tabel 2.3 bied al die nywerheid-, verbetering- en spesiale skole 'n sportprogram aan.

### 2.3 DIE AANBIEDING VAN 'N SPORTPROGRAM DEUR DORPSKOLE

#### 2.3.1 Primêre skole geleë in 'n dorp

Die landsbeeld toon dat 97,7 persent van die primêre skole

---

1) Kyk STRYDOM, A.E.: _'n Voorlopige verslag insake die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite,_ bl. 13 e.v.

TABEL 2.1

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 115 | 93,5 | 8 | 6,5 | 123 | 100,0 |
| Natal | 43 | 100,0 | 0 | 0,0 | 43 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 24 | 100,0 | 0 | 0,0 | 24 | 100,0 |
| Transvaal | 154 | 95,6 | 7 | 4,4 | 161 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Private skole | 26 | 89,6 | 3 | 10,4 | 29 | 100,0 |
| TOTAAL | 365 | 95,3 | 18 | 4,7 | 383 | 100,0 |

TABEL 2.2

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 56 | 100,0 | 0 | 0,0 | 56 | 100,0 |
| Natal | 27 | 100,0 | 0 | 0,0 | 27 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 14 | 100,0 | 0 | 0,0 | 14 | 100,0 |
| Transvaal | 65 | 100,0 | 0 | 0,0 | 65 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Private skole | 56 | 96,5 | 2 | 3,5 | 58 | 100,0 |
| TOTAAL | 221 | 99,1 | 2 | 0,9 | 223 | 100,0 |

TABEL 2.3

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 5 | 100,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| Natal | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Transvaal | 8 | 100,0 | 0 | 0,0 | 8 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Nasionale Opvoeding | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| TOTAAL | 22 | 100,0 | 0 | 0,0 | 22 | 100,0 |

TABEL 2.4

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN PRIMÊRE SKOLE GELEË IN 'N DORP

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 177 | 95,2 | 9 | 4,8 | 186 | 100,0 |
| Natal | 71 | 100,0 | 0 | 0,0 | 71 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 30 | 100,0 | 0 | 0,0 | 30 | 100,0 |
| Transvaal | 220 | 99,1 | 2 | 0,9 | 222 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 33 | 100,0 | 0 | 0,0 | 33 | 100,0 |
| Private skole | 21 | 91,3 | 2 | 8,7 | 23 | 100,0 |
| TOTAAL | 552 | 97,7 | 13 | 2,3 | 565 | 100,0 |

in dorpe 'n sportprogram aanbied. Vir die onderskeie onderwysowerhede wissel die persentasies van 91,3 vir die private skole tot 100,0 vir Natal, Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika (kyk tabel 2.4). Die afleiding wat gemaak word, is dat sport in die primêre skole in dorpe oorweldigend die aandag geniet.

### 2.3.2 Sekondêre skole geleë in 'n dorp

Met die uitsondering van een private sekondêre skool, het al die ander sekondêre skole in dorpe van die onderwysowerhede aangedui dat sport wel aangebied word (kyk tabel 2.5). Die afleiding is dat aan sport 'n belangrike plek in die sekondêre skoolprogram toegeken word (99,8 persent van die sekondêre skole in dorpe in die land bied 'n sportprogram aan).

### 2.3.3 Nywerheid-, verbetering- en spesiale skole geleë in 'n dorp

Volgens tabel 2.6 het al die skole aangedui dat sport 'n deel van die skoolprogram uitmaak, wat daarop dui dat sport 'n belangrike aandeel in die skoolprogram het.

## 2.4 DIE AANBIEDING VAN 'N SPORTPROGRAM DEUR PLATTELANDSE SKOLE

### 2.4.1 Primêre skole geleë op die platteland

In teenstelling met Transvaal, Suidwes-Afrika en Natal, waar al die plattelandse primêre skole aangedui het dat voorsiening vir 'n sportprogram gemaak word, het 'n aantal plattelandse primêre skole van Kaapland (55 of 28,7%) en die Oranje-Vrystaat (14 of 46,7%) asook een private primêre skool aangedui dat daar nie vir 'n sportprogram voorsiening gemaak word nie (kyk tabel 2.7). Kragtens die totaalbeeld het die meerderheid plattelandse primêre skole (81,5%) egter aangedui dat sportbeoefening wel 'n plek in die skoolprogram beklee.

### 2.4.2 Sekondêre skole geleë op die platteland

Blykens tabel 2.8 het al die plattelandse sekondêre skole aangedui dat daar wel vir 'n sportprogram voorsiening gemaak word.

### 2.4.3 Nywerheid-, verbetering- en spesiale skole geleë op die platteland

Al die skole in hierdie kategorie het aangedui dat daar wel vir 'n sportprogram voorsiening gemaak word (kyk tabel 2.9).

TABEL 2.5

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN SEKONDÊRE SKOLE GELEË IN 'N DORP

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 185 | 100,0 | 0 | 0,0 | 185 | 100,0 |
| Natal | 20 | 100,0 | 0 | 0,0 | 20 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 64 | 100,0 | 0 | 0,0 | 64 | 100,0 |
| Transvaal | 104 | 100,0 | 0 | 0,0 | 104 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 6 | 100,0 | 0 | 0,0 | 6 | 100,0 |
| Private skole | 29 | 96,7 | 1 | 3,3 | 30 | 100,0 |
| TOTAAL | 408 | 99,8 | 1 | 0,2 | 409 | 100,0 |

TABEL 2.6

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN
NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE GELEË IN 'N DORP

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Natal | - | - | - | - | - | - |
| Oranje-Vrystaat | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Transvaal | 6 | 100,0 | 0 | 0,0 | 6 | 100,0. |
| Suidwes-Afrika | - | - | - | | | - |
| Nasionale Opvoeding | 13 | 100,0 | 0 | 0,0 | 13 | 100,0 |
| TOTAAL | 21 | 100,0 | 0 | 0,0 | 21 | 100,0 |

TABEL 2.7

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN PRIMÊRE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 137 | 71,3 | 55 | 28,7 | 192 | 100,0 |
| Natal | 9 | 100,0 | 0 | 0,0 | 9 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 16 | 53,3 | 14 | 46,7 | 30 | 100,0 |
| Transvaal | 135 | 100,0 | 0 | 0,0 | 135 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 4 | 100,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 |
| Private skole | 7 | 87,5 | 1 | 12,5 | 8 | 100,0 |
| TOTAAL | 308 | 81,5 | 70 | 18,5 | 378 | 100,0 |

TABEL 2.8

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN SEKONDÊRE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 6 | 100,0 | 0 | 0,0 | 6 | 100,0 |
| Natal | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 5 | 100,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| Transvaal | 8 | 100,0 | 0 | 0,0 | 8 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | - | - | - | - | - | - |
| Private skole | 7 | 100,0 | 0 | 0,0 | 7 | 100,0 |
| TOTAAL | 27 | 100,0 | 0 | 0,0 | 27 | 100,0 |

TABEL 2.9

VOORSIENING AL DAN NIE VIR 'N SPORTPROGRAM AAN NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND

| Onderwysowerhede | Voorsiening vir 'n sportprogram | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | - | - | - | - | - | - |
| Natal | - | - | - | - | - | - |
| Oranje-Vrystaat | - | - | - | - | - | - |
| Transvaal | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | - | - | - | - | - | - |
| Nasionale Opvoeding | 4 | 100,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 |
| TOTAAL | 5 | 100,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |

## 2.5 DIE BEOEFENING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN DIE ONDERSKEIE SKOLE

Die keuse van sportsoorte atletiek, tennis, dwergtennis en swem vir bespreking in hierdie hoofstuk, berus daarop dat dit aktiwiteite is wat deur beide geslagte deur hulle hele skoolloopbaan beoefen kan word, en dat daar dus in sowel dubbel- as enkelgeslagskole 'n gelykbegeregtiging ten aansien van genoemde sportsoorte moontlik is. Wanneer die statistiek in oënskou geneem word, moet in gedagte gehou word dat daar tydens die aanlê van byvoorbeeld 'n atletiekbaan, nie noodwendig in so 'n groot mate van professionele kontrakteurs se hulp gebruik gemaak hoef te word as wat die geval by die bou van 'n swembad is nie. Die oënskynlike groter aanhang wat atletiek op skool geniet, moet ook in die lig van voorafgaande uiteensetting geëvalueer word. Aansluitend hierby dien ook genoem te word dat dwergtennis (tennissette) hoofsaaklik in skole met primêre afdelings (graad 1/substanderd A tot en met st. 5 of 6) aangebied word.

### 2.5.1 <u>Stedelike primêre skole wat atletiek, tennis en swem aanbied</u>

(a) <u>Stedelike primêre skole wat atletiek aanbied</u>

Blykens tabel 2.10 bied die oorgrote meerderheid van die stedelike primêre skole van die onderwysdepartemente - met die uitsondering van die private skole - atletiek as deel van die buitemuurse program aan. Die persentasies stedelike primêre skole van die onderwysdepartemente wat atletiek aanbied en beoefen, wissel van 78,9 vir Kaapland tot 100,0 vir Suidwes-Afrika, met 80,4 vir die land. Wat betref die private skole, blyk dat dié wat atletiek aanbied in die minderheid is, naamlik 44,8 persent.

(b) <u>Stedelike primêre skole wat tennis aanbied</u>

Met die uitsondering van Kaapland waar ongeveer die helfte van die stedelike primêre skole (49,6%), en Suidwes-Afrika waar al die stedelike primêre skole (100,0%) tennis aanbied, bied om en by twee derdes van die stedelike primêre skole van Natal (60,5%), Oranje-Vrystaat (66,7%) en Transvaal (60,9%) tennis aan. Die landsbeeld toon dat tennis 'n plek in die sportprogram van 58,0 persent van die stedelike primêre skole beklee (kyk tabel 2.10).

TABEL 2.10

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE

| Besonderhede | | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Private skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 97 | 78,9 | 35 | 81,4 | 23 | 95,8 | 137 | 85,1 | 3 | 100,0 | 13 | 44,8 | 308 | 80,4 |
| | Nee | 26 | 21,1 | 8 | 18,6 | 1 | 4,2 | 24 | 14,9 | 0 | 0,0 | 16 | 55,2 | 75 | 19,6 |
| | Totaal | 123 | 100,0 | 43 | 100,0 | 24 | 100,0 | 161 | 100,0 | 3 | 100,0 | 29 | 100,0 | 383 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 61 | 49,6 | 26 | 60,5 | 16 | 66,7 | 98 | 60,9 | 3 | 100,0 | 18 | 62,1 | 222 | 58,0 |
| | Nee | 62 | 50,4 | 17 | 39,5 | 8 | 33,3 | 63 | 39,1 | 0 | 0,0 | 11 | 37,9 | 161 | 42,0 |
| | Totaal | 123 | 100,0 | 43 | 100,0 | 24 | 100,0 | 161 | 100,0 | 3 | 100,0 | 29 | 100,0 | 383 | 100,0 |
| Swem | Ja | 67 | 54,5 | 24 | 55,8 | 14 | 58,3 | 64 | 39,8 | 1 | 33,3 | 18 | 62,1 | 188 | 49,1 |
| | Nee | 56 | 45,5 | 19 | 44,2 | 10 | 41,7 | 97 | 60,2 | 2 | 66,7 | 11 | 37,9 | 195 | 50,9 |
| | Totaal | 123 | 100,0 | 43 | 100,0 | 24 | 100,0 | 161 | 100,0 | 3 | 100,0 | 29 | 100,0 | 383 | 100,0 |
| Dwerg-tennis | Ja | 105 | 85,4 | 29 | 67,4 | 14 | 58,3 | 39 | 24,2 | 1 | 33,3 | 13 | 44,8 | 201 | 52,5 |
| | Nee | 18 | 14,6 | 14 | 32,6 | 10 | 41,7 | 122 | 75,8 | 2 | 66,7 | 16 | 55,2 | 182 | 48,5 |
| | Totaal | 123 | 100,0 | 43 | 100,0 | 24 | 100,0 | 161 | 100,0 | 3 | 100,0 | 29 | 100,0 | 383 | 100,0 |

(c) Die stedelike primêre skole wat swem aanbied

Met die uitsondering van Transvaal (39,8%) en Suidwes-Afrika (33,3%) waar om en by 'n derde van die stedelike primêre skole swem aanbied, blyk dat net meer as die helfte van die stedelike primêre skole van Kaapland (54,5%) en Natal (55,8%), en om en by drie vyfdes van die stedelike primêre skole van die Oranje-Vrystaat (58,3%) en van die private skole (62,1%) swem as buitemuurse aktiwiteit beoefen. Die landsbeeld toon dat 49,1 persent van die stedelike primêre skole swem as sportaktiwiteit aanbied (kyk tabel 2.10).

(d) Die stedelike primêre skole wat dwergtennis (tennissette) aanbied

Met die uitsondering van Suidwes-Afrika (33,3%), Transvaal (24,2%) en die private skole (44,8%), bied die meerderheid van die stedelike primêre skole van die onderwysdepartemente van Kaapland (85,4%), Natal (67,4%) en die Oranje-Vrystaat (58,3%) dwergtennis aan as 'n belangrike aktiwiteit in die buitemuurse program. Die landsbeeld toon dat slegs 52,5 persent van die stedelike primêre skole dwergtennis aanbied (kyk tabel 2.10).

2.5.2 Stedelike sekondêre skole wat atletiek, tennis en swem aanbied

(a) Stedelike sekondêre skole wat atletiek aanbied

Volgens tabel 2.11 word atletiek beslis deur die meerderheid stedelike sekondêre skole van die vier provinsiale onderwysdepartemente en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika aangebied (die persentasies wissel van 85,2 vir Natal tot 100,0 vir Suidwes-Afrika). Die persentasie stedelike private sekondêre skole wat atletiek aanbied, is aansienlik kleiner (58,6%) as die persentasie sekondêre skole van die onderwysdepartemente.

(b) Stedelike sekondêre skole wat tennis aanbied

Blykens tabel 2.11 word tennis in feitlik al die stedelike sekondêre skole in die land aangebied (95,1%). Die persentasies sekondêre skole van die onderskeie onderwysowerhede wissel van 91,4 vir die private skole tot 100,0 vir skole van die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika.

(c) Stedelike sekondêre skole wat swem aanbied

Hoewel die persentasies stedelike sekondêre skole volgens onderwysowerhede van 57,1 vir die Oranje-Vrystaat tot 100,0 vir

TABEL 2.11

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE

| Besonderhede | | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Private skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 50 | 89,3 | 23 | 85,2 | 14 | 100,0 | 57 | 87,7 | 3 | 100,0 | 34 | 58,6 | 181 | 81,2 |
| | Nee | 6 | 10,7 | 4 | 14,8 | 0 | 0,0 | 8 | 12,3 | 0 | 0,0 | 24 | 41,4 | 42 | 18,8 |
| | Totaal | 56 | 100,0 | 27 | 100,0 | 14 | 100,0 | 65 | 100,0 | 3 | 100,0 | 58 | 100,0 | 223 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 54 | 96,4 | 25 | 92,6 | 14 | 100,0 | 63 | 96,9 | 3 | 100,0 | 53 | 91,4 | 212 | 95,1 |
| | Nee | 2 | 3,6 | 2 | 7,4 | 0 | 0,0 | 2 | 3,1 | 0 | 0,0 | 5 | 8,6 | 11 | 4,9 |
| | Totaal | 56 | 100,0 | 27 | 100,0 | 14 | 100,0 | 65 | 100,0 | 3 | 100,0 | 58 | 100,0 | 223 | 100,0 |
| Swem | Ja | 36 | 64,3 | 20 | 74,1 | 8 | 57,1 | 39 | 60,0 | 3 | 100,0 | 53 | 91,4 | 159 | 71,3 |
| | Nee | 20 | 35,7 | 7 | 25,9 | 6 | 42,9 | 26 | 40,0 | 0 | 0,0 | 5 | 8,6 | 64 | 28,7 |
| | Totaal | 56 | 100,0 | 27 | 100,0 | 14 | 100,0 | 65 | 100,0 | 3 | 100,0 | 58 | 100,0 | 223 | 100,0 |

Suidwes-Afrika wissel, blyk dit dat die meerderheid sekondêre skole swem aanbied. Die posisie van swem as aktiwiteit in die skoolprogram is in Suidwes-Afrika (100,0% skole) en die private skole (91,4%) die gunstigste, gevolg deur Natal (74,1%), Kaapland (74,1%), Transvaal (60,0%) en die Oranje-Vrystaat (57,1%).

### 2.5.3 Stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole wat atletiek, tennis en swem aanbied

#### (a) Skole wat atletiek aanbied

Dit is volgens tabel 2.12 duidelik dat die meerderheid van die skole wel 'n atletiekprogram aanbied. Die persentasies wissel van 66,7 vir die Departement van Nasionale Opvoeding tot 100,0 vir die Oranje-Vrystaat, Natal en Suidwes-Afrika. Die landsbeeld (82,6% van hierdie skole) dui op 'n gunstige posisie vir atletiek in nywerheid-, verbetering- en spesiale skole.

#### (b) Skole wat tennis aanbied

Volgens tabel 2.12 blyk dat al hierdie skole van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat (100,0%), en die grootste groep van die Transvaalse skole (87,5%) tennis nie as 'n buitemuurse aktiwiteit aanbied nie. Ten opsigte van Kaapland, Natal en die Departement van Nasionale Opvoeding word tennis onderskeidelik deur 80,0; 50,0 en 66,7 persent van die skole aangebied. Kragtens die totaalbeeld blyk dit egter dat die skole wat tennis nie beoefen nie (56,5%) in die meerderheid is.

#### (c) Skole wat swem aanbied

Dit blyk dat, met die uitsondering van Kaapland (80,0%), Transvaal (50,0%) en die Departement van Nasionale Opvoeding (100,0%) swem nie as sportsoort deur hierdie skole van Natal, Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika aangebied word nie (kyk tabel 2.12).

### 2.5.4 Primêre skole geleë in 'n dorp wat atletiek, tennis, swem en dwergtennis aanbied

#### (a) Primêre skole in dorpe wat atletiek aanbied

Kragtens tabel 2.13 is dit duidelik dat die meerderheid primêre dorpskole, met die uitsondering van die private skole (43,5%), atletiek as sportsoort beoefen. Die persentasies primêre dorpskole wat atletiek aanbied, wissel (volgens die onderwysdepartemente) van 82,8 vir Kaapland tot 100,0 vir die

TABEL 2.12

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE

| Besonderhede | | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Nasionale Opvoeding | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 4 | 80,0 | 2 | 100,0 | 2 | 100,0 | 7 | 87,5 | 2 | 100,0 | 2 | 66,7 | 19 | 82,6 |
| | Nee | 1 | 20,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 12,5 | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 4 | 17,4 |
| | Totaal | 5 | 100,0 | 2 | 100,0 | 2 | 100,0 | 8 | 100,0 | 2 | 100,0 | 3 | 100,0 | 23 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 4 | 80,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 12,5 | 2 | 100,0 | 2 | 66,7 | 10 | 43,5 |
| | Nee | 1 | 20,0 | 1 | 50,0 | 2 | 100,0 | 7 | 87,5 | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 13 | 56,5 |
| | Totaal | 5 | 100,0 | 2 | 100,0 | 2 | 100,0 | 8 | 100,0 | 2 | 100,0 | 3 | 100,0 | 23 | 100,0 |
| Swem | Ja | 4 | 80,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 50,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 | 11 | 47,8 |
| | Nee | 1 | 20,0 | 2 | 100,0 | 2 | 100,0 | 4 | 50,0 | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 12 | 52,2 |
| | Totaal | 5 | 100,0 | 2 | 100,0 | 2 | 100,0 | 8 | 100,0 | 2 | 100,0 | 3 | 100,0 | 23 | 100,0 |

TABEL 2.13

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN PRIMÊRE SKOLE GELEË IN 'N DORP

| Besonderhede | | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Private skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 154 | 82,8 | 69 | 97,2 | 30 | 100,0 | 215 | 96,9 | 33 | 100,0 | 10 | 43,5 | 511 | 90,4 |
| | Nee | 32 | 17,2 | 2 | 2,8 | 0 | 0,0 | 7 | 3,1 | 0 | 0,0 | 13 | 56,5 | 54 | 9,6 |
| | Totaal | 186 | 100,0 | 71 | 100,0 | 30 | 100,0 | 222 | 100,0 | 33 | 100,0 | 23 | 100,0 | 565 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 107 | 57,5 | 60 | 84,5 | 25 | 83,3 | 157 | 70,7 | 31 | 93,9 | 19 | 82,6 | 399 | 70,6 |
| | Nee | 79 | 42,5 | 11 | 15,5 | 5 | 16,7 | 65 | 29,3 | 2 | 6,1 | 4 | 17,4 | 166 | 29,4 |
| | Totaal | 186 | 100,0 | 71 | 100,0 | 30 | 100,0 | 222 | 100,0 | 33 | 100,0 | 23 | 100,0 | 565 | 100,0 |
| Swem | Ja | 59 | 31,7 | 55 | 77,5 | 17 | 65,7 | 89 | 40,1 | 19 | 57,6 | 16 | 69,6 | 255 | 45,1 |
| | Nee | 127 | 68,3 | 16 | 22,5 | 13 | 43,3 | 133 | 59,9 | 14 | 42,4 | 7 | 30,4 | 310 | 54,9 |
| | Totaal | 186 | 100,0 | 71 | 100,0 | 30 | 100,0 | 222 | 100,0 | 33 | 100,0 | 23 | 100,0 | 565 | 100,0 |
| Dwerg-tennis | Ja | 119 | 64,0 | 48 | 67,6 | 15 | 50,0 | 35 | 15,8 | 16 | 48,5 | 9 | 39,1 | 242 | 42,8 |
| | Nee | 67 | 36,0 | 23 | 32,4 | 15 | 50,0 | 187 | 84,2 | 17 | 51,5 | 14 | 60,9 | 323 | 57,2 |
| | Totaal | 186 | 100,0 | 71 | 100,0 | 30 | 100,0 | 222 | 100,0 | 33 | 100,0 | 23 | 100,0 | 565 | 100,0 |

Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika. Die landsbeeld toon egter dat 90,4 persent van die skole hierdie sportsoort aanbied.

(b) Primêre skole in dorpe wat tennis aanbied

Volgens tabel 2.13 is dit duidelik dat die meerderheid primêre skole in dorpe van die vier provinsiale onderwysdepartemente, Suidwes-Afrika en die private skole tennis wel beoefen. Die persentasies wissel van 57,6 vir Kaapland tot 93,9 vir Suidwes-Afrika, met 70,6 vir die land.

(c) Primêre skole in dorpe wat swem aanbied

Met die uitsondering van Kaapland (31,7%) en Transvaal (40,1%), word swem as sportaktiwiteit in die meerderheid van primêre skole in dorpe van Natal (77,5%), Oranje-Vrystaat (65,7%), Suidwes-Afrika (57,6%) en die private skole (69,6%) aangebied. Die landsbeeld (54,9%) toon egter dat die meerderheid primêre skole in dorpe nie swem aanbied nie. Daarom is dit noodsaaklik dat onderwysowerhede se beeld indiwidueel in oënskou geneem word (kyk tabel 2.13).

(d) Primêre skole in dorpe wat dwergtennis aanbied

Dit blyk dat slegs ten opsigte van Kaapland (64,0%) en Natal (67,6%) die meerderheid primêre skole in dorpe aan dwergtennis 'n plek in die buitemuurse program toeken. Wat betref die landsbeeld is dit duidelik dat die meerderheid primêre skole in dorpe (57,2%) nie aan hierdie sportsoort aandag gee nie (kyk tabel 2.13).

2.5.5 Sekondêre skole geleë in 'n dorp wat atletiek, tennis en swem aanbied

(a) Sekondêre skole in dorpe wat atletiek aanbied

Soos blyk uit tabel 2.14 is dit duidelik dat, met die uitsondering van die private skole (43,3%), die oorgrote meerderheid van die sekondêre skole in dorpe aan atletiek 'n prominente plek in die buitemuurse program toeken. Die persentasies ten opsigte van die onderskeie onderwysdepartemente wissel van 95,0 vir Natal tot 100,0 vir die Oranje-Vrystaat, Transvaal en Suidwes-Afrika, met 94,1 persent vir die land.

(b) Sekondêre skole in dorpe wat tennis aanbied

Die beeld vir die onderskeie onderwysowerhede, soos weergegee in tabel 2.14, dui daarop dat tennis in 'n oorweldigende

TABEL 2.14

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN SEKONDÊRE SKOLE GELEË IN 'N DORP

| Besonderhede | | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Private skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 179 | 96,8 | 19 | 95,0 | 64 | 100,0 | 104 | 100,0 | 6 | 100,0 | 13 | 43,3 | 385 | 94,1 |
| | Nee | 6 | 3,2 | 1 | 5,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 17 | 56,7 | 24 | 5,9 |
| | Totaal | 185 | 100,0 | 20 | 100,0 | 64 | 100,0 | 104 | 100,0 | 6 | 100,0 | 30 | 100,0 | 409 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 182 | 98,4 | 20 | 100,0 | 62 | 96,9 | 104 | 100,0 | 6 | 100,0 | 27 | 90,0 | 401 | 98,0 |
| | Nee | 3 | 1,6 | 0 | 0,0 | 2 | 3,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 10,0 | 8 | 2,0 |
| | Totaal | 185 | 100,0 | 20 | 100,0 | 64 | 100,0 | 104 | 100,0 | 6 | 100,0 | 30 | 100,0 | 409 | 100,0 |
| Swem | Ja | 76 | 41,1 | 19 | 95,0 | 38 | 59,4 | 71 | 68,3 | 4 | 66,7 | 27 | 90,0 | 235 | 57,5 |
| | Nee | 109 | 58,9 | 1 | 5,0 | 26 | 40,6 | 33 | 31,7 | 2 | 33,3 | 3 | 10,0 | 174 | 42,5 |
| | Totaal | 185 | 100,0 | 20 | 100,0 | 64 | 100,0 | 104 | 100,0 | 6 | 100,0 | 30 | 100,0 | 409 | 100,0 |

persentasie sekondêre skole in dorpe beoefen word. Persentasies in genoemde verband wissel van 90,0 vir die private skole tot 100,0 vir Natal, Transvaal en Suidwes-Afrika. Volgens die landsbeeld is daar slegs 2,0 persent van die sekondêre skole in dorpe wat tennis nie aanbied nie.

(c) <u>Sekondêre skole in dorpe wat swem aanbied</u>

Met die uitsondering van Kaapland (41,1%) bied die meerderheid sekondêre skole in dorpe van Natal (95,0%), Oranje-Vrystaat (59,4%), Transvaal (68,3%), Suidwes-Afrika (66,7%) en die private skole (in dorpe) (90,0%) swem as deel van die buitemuurse program aan. Blykens die landsbeeld is deelname aan swem by 57,5 persent van die skole algemene praktyk (kyk tabel 2.14).

2.5.6 <u>Nywerheid-, verbetering- en spesiale skole geleë in 'n dorp wat atletiek, tennis en swem aanbied</u>

(a) <u>Skole wat atletiek aanbied</u>

Volgens tabel 2.15 maak al hierdie skole vir 'n atletiekprogram voorsiening.

(b) <u>Skole wat tennis aanbied</u>

Met die uitsondering van die Departement van Nasionale Opvoeding waar 92,3 persent skole tennis as buitemuurse aktiwiteit aanbied, en die enkele skole van Kaapland wat aandui dat tennis wel beoefen word, het die enkele skool van die Oranje-Vrystaat laat blyk dat dit daar nie die geval is nie. Twaalf van die dertien skole onder beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding (92,3%) gee te kenne dat tennis 'n plek in die buitemuurse program het (kyk tabel 2.15).

(c) <u>Skole wat swem aanbied</u>

Die enkele skool van sowel Kaapland as van die Oranje-Vrystaat maak nie vir swem as deel van die sportprogram voorsiening nie (kyk tabel 2.15). Daarteenoor word swem in 3 skole van die Transvaalse Onderwysdepartement (50,0%) en in 12 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding (92,3%) aangebied (kyk tabel 2.15).

TABEL 2.15

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE GELEË IN 'N DORP

| Besonderhede | | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Nasionale Opvoeding | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 1 | 100,0 | - | - | 1 | 100,0 | 6 | 100,0 | - | - | 13 | 100,0 | 21 | 100,0 |
| | Nee | 0 | 0,0 | - | - | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | - | - | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| | Totaal | 1 | 100,0 | - | - | 1 | 100,0 | 6 | 100,0 | - | - | 13 | 100,0 | 21 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 1 | 100,0 | - | - | 0 | 0,0 | 1 | 16,7 | - | - | 12 | 92,3 | 14 | 66,7 |
| | Nee | 0 | 0,0 | - | - | 1 | 100,0 | 5 | 83,3 | - | - | 1 | 7,7 | 7 | 33,3 |
| | Totaal | 1 | 100,0 | - | - | 1 | 100,0 | 6 | 100,0 | - | - | 13 | 100,0 | 21 | 100,0 |
| Swem | Ja | 0 | 0,0 | - | - | 0 | 0,0 | 3 | 50,0 | - | - | 12 | 92,3 | 15 | 71,4 |
| | Nee | 1 | 100,0 | - | - | 1 | 100,0 | 3 | 50,0 | - | - | 1 | 7,7 | 6 | 28,6 |
| | Totaal | 1 | 100,0 | - | - | 1 | 100,0 | 6 | 100,0 | - | - | 13 | 100,0 | 21 | 100,0 |

2.5.7 Primêre skole geleë op die platteland wat atletiek, tennis, swem en dwergtennis aanbied

(a) Plattelandse primêre skole wat atletiek aanbied

Volgens tabel 2.16 blyk dat in 50,0 persent van die plattelandse private primêre skole en in 63,3 persent van die plattelandse primêre skole onder die beheer van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat atletiek nie aangebied word nie. Met betrekking tot die plattelandse primêre skole van die vier provinsiale onderwysdepartemente en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika, blyk dat die meerderheid wel atletiek aanbied. Die persentasies wissel van 60,4 vir Kaapland tot 100,0 vir Suidwes-Afrika. Die landsbeeld (72,7%) dui ook op 'n tendens ten gunste van atletiek.

(b) Plattelandse primêre skole wat tennis aanbied

Slegs ten opsigte van Natal (66,7%), Suidwes-Afrika (75,0%) en die private skole (87,5%) word tennis deur die meerderheid van die skole aangebied. Die landsbeeld toon dat tennis slegs in 32,0 persent van die plattelandse primêre skole aangebied word (kyk tabel 2.16).

(c) Plattelandse primêre skole wat dwergtennis aanbied

Tabel 2.16 toon dat die plattelandse primêre skole slegs in 'n geringe mate aan dwergtennis aandag gee. Die persentasies plattelandse primêre skole wat wel dwergtennis aanbied, is ten aansien van Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal, Nasionale Opvoeding en dié van die private skole onderskeidelik 18,2; 22,2; 0,0; 4,4; 25,0 en 0,0.

2.5.8 Sekondêre skole geleë op die platteland wat atletiek, tennis en swem aanbied

(a) Plattelandse sekondêre skole wat atletiek aanbied

Al die plattelandse sekondêre skole van Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal en Suidwes-Afrika, en 6 van die 7 private skole (85,7%) beoefen atletiek as buitemuurse sportaktiwiteit (kyk tabel 2.17).

(b) Plattelandse sekondêre skole wat tennis aanbied

Kragtens tabel 2.17 blyk dat met die uitsondering van een van die sewe plattelandse sekondêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement, tennis in al die plattelandse

TABEL 2.16

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN PRIMÊRE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND

| Besonderhede | | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Private skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 116 | 60,4 | 7 | 77,8 | 11 | 36,7 | 131 | 97,0 | 4 | 100,0 | 4 | 50,0 | 273 | 72,2 |
| | Nee | 76 | 39,6 | 2 | 22,2 | 19 | 63,3 | 4 | 3,0 | 0 | 0,0 | 4 | 50,0 | 105 | 27,8 |
| | Totaal | 192 | 100,0 | 9 | 100,0 | 30 | 100,0 | 135 | 100,0 | 4 | 100,0 | 8 | 100,0 | 378 | 100,0 |
| Dwerg-tennis | Ja | 35 | 18,2 | 2 | 22,2 | 0 | 0,0 | 6 | 4,4 | 1 | 25,0 | 0 | 0,0 | 44 | 11,6 |
| | Nee | 157 | 81,8 | 7 | 77,8 | 30 | 100,0 | 129 | 95,6 | 3 | 75,0 | 8 | 100,0 | 334 | 88,4 |
| | Totaal | 192 | 100,0 | 9 | 100,0 | 30 | 100,0 | 135 | 100,0 | 4 | 100,0 | 8 | 100,0 | 378 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 36 | 18,8 | 6 | 66,7 | 4 | 13,3 | 65 | 48,2 | 3 | 75,0 | 7 | 87,5 | 121 | 32,0 |
| | Nee | 156 | 81,2 | 3 | 33,3 | 26 | 86,7 | 70 | 51,8 | 1 | 25,0 | 1 | 12,5 | 257 | 68,0 |
| | Totaal | 192 | 100,0 | 9 | 100,0 | 30 | 100,0 | 135 | 100,0 | 4 | 100,0 | 8 | 100,0 | 378 | 100,0 |

TABEL 2.17

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN SEKONDÊRE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND

| Besonderhede | | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Private skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 6 | 100,0 | 1 | 100,0 | 5 | 100,0 | 8 | 100,0 | 6 | 85,7 | 26 | 96,3 |
| | Nee | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 14,3 | 1 | 3,7 |
| | Totaal | 6 | 100,0 | 1 | 100,0 | 5 | 100,0 | 8 | 100,0 | 7 | 100,0 | 27 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 6 | 100,0 | 1 | 100,0 | 5 | 100,0 | 7 | 87,5 | 7 | 100,0 | 26 | 96,3 |
| | Nee | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 12,5 | 0 | 0,0 | 1 | 3,7 |
| | Totaal | 6 | 100,0 | 1 | 100,0 | 5 | 100,0 | 8 | 100,0 | 7 | 100,0 | 27 | 100,0 |
| Swem | Ja | 4 | 66,7 | 1 | 100,0 | 2 | 40,0 | 7 | 87,5 | 7 | 100,0 | 21 | 77,8 |
| | Nee | 2 | 33,3 | 0 | 0,0 | 3 | 60,0 | 1 | 12,5 | 0 | 0,0 | 6 | 22,2 |
| | Totaal | 6 | 100,0 | 1 | 100,0 | 5 | 100,0 | 8 | 100,0 | 7 | 100,0 | 27 | 100,0 |

sekondêre skole van die ander onderwysowerhede beoefen word.

(c) Plattelandse sekondêre skole wat swem aanbied

Dit blyk dat met die uitsondering van die Oranje-Vrystaat (40,0%), die meerderheid plattelandse sekondêre skole van Kaapland (66,7%), Natal (100,0%), Transvaal (87,5%) en die private skole (100,0%) vir swem as deel van die buitemuurse program voorsiening maak (kyk tabel 2.17).

2.5.9 Nywerheid-, verbetering- en spesiale skole geleë op die platteland wat atletiek, tennis en swem aanbied

(a) Skole wat atletiek aanbied

Volgens tabel 2.18 het die enkele skoolhoof van Transvaal aangedui dat atletiek wel beoefen word, terwyl 2 (50,0%) van die 4 hoofde van die skole onder beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding dienooreenkomstig gerapporteer het. In die geheel gesien, blyk dat in 3 (60,0%) van die 5 skole atletiek beoefen word.

(b) Skole wat tennis aanbied

Soos deur die hoofde aangedui, maak al 5 die skole voorsiening vir tennis in die sportprogram (kyk tabel 2.18).

(c) Skole wat swem aanbied

Sowel die enkele skool van Transvaal as die 4 van die Departement van Nasionale Opvoeding het aangedui dat vir swem as sportsoort voorsiening gemaak word (tabel.2.18).

## 2.6 ENKELE SLOTOPMERKINGS

Die voorafgaande gegewens toon duidelik dat die meerderheid van die skole die geleentheid wat van owerheidsweë gebied is om ook ten aansien van 'n buitemuurse program, persoonsvormende en liggaamlike ontplooiing van die kind tot vergestalting te bring, aangegryp het deur 'n sportprogram aan te bied. In ooreenstemming met departementele voorskrifte word buitemuurse aktiwiteite dan ook oor die hele linie van die onderskeie skoolgroeperinge aangebied. Dit is 'n bemoedigende praktyk, veral as in aanmerking geneem word dat sodanige program noodwendig 'n addisionele belading vir die betrokke skole, met betrekking tot onder andere finansiële uitgawes, en die naskoolse verpligtinge van die personeel meebring.

TABEL 2.18

DIE AANBIEDING VAN ENKELE SPORTSOORTE AAN NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND

| Besonderhede | | Transvaal | | Nasionale Opvoeding | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % |
| Atletiek | Ja | 1 | 100,0 | 2 | 50,0 | 3 | 60,0 |
| | Nee | 0 | 0,0 | 2 | 50,0 | 2 | 40,0 |
| | Totaal | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 5 | 100,0 |
| Tennis | Ja | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 5 | 100,0 |
| | Nee | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| | Totaal | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 5 | 100,0 |
| Swem | Ja | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 5 | 100,0 |
| | Nee | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| | Totaal | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 5 | 100,0 |

Die aanbieding van die sportsoorte atletiek, tennis en swem blyk ook wye aanhang te geniet. Gevalle waar genoemde sportsoorte nie aangebied word nie, moet moontlik nie net bloot as 'n gebrek aan inisiatief van die onderwyspersoneel gesien word nie, aangesien daar 'n verskeidenheid van faktore, soos onder andere 'n gebrek aan fasiliteite, 'n geringe leerlingtal en fisiese omgewingsfaktore, 'n remmende invloed mag uitoefen. Verder moet ook in aanmerking geneem word dat daar velerlei ander sportsoorte is wat ook 'n plek in die buitemuurse program van 'n skool mag beklee.

Daar die keuse van deelname aan buitemuurse sportaktiwiteite vir veral die junior leerlinge van die primêre skool beperk is, behoort primêre skole in 'n groter mate geleentheid ter beoefening van dwergtennis aan leerlinge te bied. Sodanige praktyk is aan te beveel enersyds omdat die betrokke sportsoort op 'n tennisbaan beoefen kan word en as voorbereiding vir die beoefening van tennis dien, en andersyds omdat dit bevorderlik vir die hand-oog-koördinasie van die kind is.

# HOOFSTUK 3

## DIE TOEREIKENDHEID AL DAN NIE VAN SKOOL- EN SPORTTERREINE VAN SKOLE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA

### 3.1 KRITERIA VIR DIE GROOTTE VAN SKOOL- EN SPORTTERREINE

Dit is duidelik dat die neerlê van 'n beleid met betrekking tot die grootte van die skool- en sportterrein van sowel primêre as sekondêre skole ten nouste met die tipe skool, asook die verwagte ingeskrewe leerlingtal, sal saamhang. Derhalwe sou dit nie altyd prakties moontlik wees om een standaardgrootte vir alle primêre skole enersyds en alle sekondêre skole andersyds neer te lê nie. In bogenoemde verband het die onderskeie onderwysdepartemente dan ook voorgeskrewe groottes ten opsigte van die klaskamer-, koshuis- en sportterrein, ooreenkomstig die verwagte ingeskrewe leerlingtal, neergelê. 1)

Aanvullend by bogenoemde het sommige van die onderwysdepartemente, onder andere dié van Kaapland, Transvaal, Oranje-Vrystaat, en Suidwes-Afrika, 'n enkele en/of gewenste standaardformule ten opsigte van die grootte van die skool- en sportterrein daargestel. Met betrekking tot die enkele standaardformule, blyk dit dat die genoemde vier onderwysdepartemente se voorskrifte ten opsigte van skole sonder koshuise neerkom op ± 10 morg of 8,568 hektaar vir sekondêre skole en ± 4 morg of 3,427 hektaar vir primêre skole. Die onderskeie formules met betrekking tot die grootte van terreine van skole met koshuise vertoon nie in alle opsigte 'n mate van ooreenstemming nie. So byvoorbeeld beveel die Transvaalse Onderwysdepartement 8 morg of 6,855 hektaar vir primêre skole en 20 morg of 17,137 hektaar vir sekondêre skole aan, terwyl die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika die groottes op onderskeidelik ± $8\frac{1}{2}$ morg of 7,283 hektaar en ± 13 morg of 11,139 hektaar stel. Alhoewel dit op die oog af voorkom asof daar tog ooreenstemming is, kan dit nie as sodanig aanvaar word nie, daar dit blyk dat waar genoemde voorskrif by een departement as die maksimum terreingrootte geld, dit by ander die minimum is, terwyl 'n ander weer dit bloot net as 'n aanbevole grootte stel.

---

1) STRYDOM, A.E.: Die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite Deel I, bl. 46-74.

Waar daar dan sprake van 'n aanbevole en/of gewenste standaardformule is, sal daar dan vervolgens 'n evaluering gemaak word van die toereikendheid al dan nie van die bestaande terrein van skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika. Met die enkele <u>standaardformules</u> van die onderskeie onderwysdepartemente as basis is die volgende evalueringskriteria ontwerp:

(1) <u>Skole sonder koshuise</u>

(a) Primêre skole (skool- en sportterrein): 3 tot 4 morg of 2,570 tot 3,427 hektaar.

(b) Sekondêre skole (skool- en sportterrein): 9 tot 10 morg of 7,712 tot 8,568 hektaar.

(2) <u>Skole met koshuise</u>

(a) Primêre skole (skool-, koshuis- en sportterrein): 7-8 morg of 5,998 tot 6,855 hektaar.

(b) Sekondêre skole (skool-, koshuis- en sportterrein): 11 morg en meer of 9,425 hektaar en meer.

Daar dien verder genoem te word dat bovermelde kriteria nie op plattelandse skole (waaronder plaasskole ook ressorteer) van toepassing gemaak sal word nie. Die rede hiervoor is dat veral 'n groot aantal primêre skole wat op die platteland geleë is, vanweë die geringe leerlingtal onregverdiglik beoordeel sal word.

Vir die doel van die hieropvolgende bespreking word van die veronderstelling uitgegaan dat die verwagte ingeskrewe leerlingtal die belangrikste bepalende faktor ten opsigte van die grootte van die skool en veral die sportterrein behoort te wees en nie noodwendig die ligging (byvoorbeeld die provinsie, stad, dorp of platteland) nie. Immers, waar die beskikbaarstelling van 'n terrein in die stad, dorp of op die platteland verskillende probleme mag oplewer, bly dit 'n feit dat byvoorbeeld 300 rugbyspelers in 'n stedelike skool net soveel en soortgelyke fasiliteite as dieselfde getal spelers in 'n dorp of op die platteland vereis.

Tydens 'n deurskouing van die praktyk moet die moontlikheid egter in gedagte gehou word dat baie van die skole vanweë hul geringe leerlingtal en/of ook vanweë die feit dat beplanning tydens 'n vroeëre dekade geskied het, nie ten opsigte van

die skool- en sportterrein op die standaardgrootte aanspraak kan maak nie. Daarteenoor moet daar nie summier by die voorafgaande veronderstelling berus word wanneer bevindinge neig om 'n negatiewe beeld te lewer nie, aangesien daar tydens die beplanning van 'n skool heelwaarskynlik vir moontlike uitbreiding voorsiening gemaak word.

## 3.2 DIE TOEREIKENDHEID VAN SKOOL- EN SPORTTERREINE VAN STEDELIKE SKOLE SONDER KOSHUISE

### 3.2.1 Skool- en sportterreine van stedelike primêre skole sonder koshuise

Hoewel 57,9 persent stedelike primêre skole sonder koshuise in die land oor die voorgeskrewe grootte skoolterrein (3 tot 4 morg/2,570 tot 3,427 hektaar) of oor 'n groter terrein beskik, is die persentasie skole wat nie oor die voorgeskrewe grootte skool- en sportterrein beskik nie (42,1%), relatief groot. Wat betref die onderskeie onderwysowerhede, het Kaapland die grootste persentasie skole (57,9%) wat nie oor die voorgeskrewe grootte skool- en sportterrein beskik nie, terwyl die helfte van die Natalse stedelike primêre skole sonder koshuise nie oor die voorgeskrewe grootte skool- en sportterrein beskik nie. Die beeld vir die Oranje-Vrystaat en Transvaal blyk gunstiger te wees aangesien onderskeidelik 85,7 en 66,3 persent stedelike primêre skole sonder koshuise oor die voorgeskrewe grootte terrein of oor 'n groter terrein beskik. Skole wat oor 'n terrein groter as die voorgeskrewe grootte beskik, wissel persentasiegewys van 14,3 vir Natal tot 21,7 vir Transvaal, behalwe vir die Oranje-Vrystaat met 61,9 persent skole. Die grootste groep private stedelike primêre skole sonder koshuise (45,4%) het nie die vraag beantwoord nie en is die groep wat nie oor die voorgeskrewe grootte terrein beskik nie (31,8%), die grootste enkele groep van die stedelike private skole (kyk tabel 3.1).

Indien die aangeleentheid van die toereikendheid al dan nie van slegs die sportterreine van skole bekyk word, bied tabel 3.2 nie 'n gunstige beeld nie. Dit blyk dat 60,7 persent van die hoofde van stedelike primêre skole sonder koshuise in die land die grootte van die sportterrein nie as toereikend beskou nie. Die Natalse Onderwysdepartement (71,4%) het die grootste persentasie skole waarvan die sportterrein ontoereikend is, gevolg in dalende orde deur Kaapland (69,3%), Transvaal (54,8%), Oranje-Vrystaat (52,4%) en die private skole (45,4%).

Dit blyk verder uit tabel 3.3 dat in die geval van 80,1 persent van die stedelike primêre skole sonder koshuise in die

TABEL 3.1

DIE GROOTTE VAN DIE SKOOL- EN SPORTTERREIN (GESAMENTLIK) VAN STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE WAT NIE OOR KOSHUISE BESKIK NIE

| Grootte van terrein | Kaapland | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Private skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
1) Kyk STRYDOM, A.E.: Die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite, bl. 46 - 74.

TABEL 3.34

DIE GROOTTE VAN DIE SKOOL- EN SPORTTERREIN (GESAMENTLIK) VAN VERBETERING-, NYWERHEID- EN SPESIALE SKOLE GELEË IN DIE DORP EN WAT OOR KOSHUISE BESKIK

| Grootte van terrein | Kaapland | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Nasionale Opvoeding | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 2 morg/<br>0,856 - 1,713 hektaar | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 5,3 |
| 3 - 4 morg/<br>2,570 - 3,427 hektaar | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 23,1 | 3 | 15,8 |
| 5 - 6 morg/<br>4,284 - 5,140 hektaar | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 7,7 | 2 | 10,5 |
| 7 - 8 morg/<br>5,998 - 6,855 hektaar | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 7,7 | 1 | 5,3 |
| 9 - 10 morg/<br>7,712 - 8,568 hektaar | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 7,7 | 1 | 5,3 |
| 11 morg en meer/<br>9,425 hektaar en meer | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 75,0 | 3 | 23,1 | 6 | 31,6 |
| Onbeantwoord | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 25,0 | 4 | 30,8 | 5 | 26,3 |
| TOTAAL | 1 | 100,0 | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 13 | 100,0 | 19 | 100,0 |

TABEL 3.35

DIE TOEREIKENDHEID AL DAN NIE VAN DIE GROOTTE VAN DIE SPORTTERREIN VAN VERBETERING-, NYWERHEID- EN SPESIALE SKOLE GELEË IN DIE DORP EN WAT OOR KOSHUISE BESKIK

| Besonderhede | Kaapland | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Nasionale Opvoeding | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Ja | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 8 | 61,5 | 13 | 68,4 |
| Nee | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 38,5 | 6 | 31,6 |
| Onbeantwoord | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 1 | 100,0 | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 13 | 100,0 | 19 | 100,0 |

TABEL 3.36

DIE VOORSIENING AL DAN NIE VIR DIE UITBREIDING VAN DIE SPORTTERREIN VAN VERBETERING-, NYWERHEID- EN SPESIALE SKOLE GELEË IN DIE DORP EN WAT OOR KOSHUISE BESKIK

| Besonderhede | Kaapland | | Nasionale Opvoeding | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Ja | 0 | 0,0 | 4 | 80,0 | 4 | 66,7 |
| Nee | 1 | 100,0 | 1 | 20,0 | 2 | 33,3 |
| Onbeantwoord | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 1 | 100,0 | 5 | 100,0 | 6 | 100,0 |

heid dat die beplanning van sportfasiliteite ook op 'n wetenskaplike basis, en veral by wyse van deskundige bemoeiing, moet geskied. Tydens die beplanning van 'n skool wat aangelê gaan word, moet daar beslis voorsiening gemaak word vir die vooruitgeskatte getal leerlinge - nie slegs die maksimum getal nie maar ook die moontlike oorskryding daarvan. Sodanige beplanning bied dan noodwendig ook 'n basis waarop die toekenning van sportfasiliteite kan en behoort te geskied.

'n Logiese aanname is dat waar daar ten opsigte van die toekenning van sportfasiliteite nie ten volle aan alle standaardformules voldoen kan word nie, daar ten minste vir die minimum getal fasiliteite voorsiening gemaak sal word. Waar 'n skool oor die minimum getal fasiliteite beskik, sal die aanlê van bykomstige fasiliteite vanweë 'n toename in leerlingtal met moontlike gepaardgaande belangstelling in buitemuurse aktiwiteite, feitlik 'n noodwendigheid wees.

Gesien in die lig van die voorafgaande bespreking, blyk dit sinvol te wees om die posisie ten aansien van die getal fasiliteite waaroor skole in Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika beskik, te ondersoek. Die sportsoorte rugby, krieket, atletiek, tennis, swem, netbal, korfbal, hokkie, skyfskiet, sokker, ringtennis en dwergtennis sal in die blikveld geplaas word ten einde die omvang van 'n <u>algehele gebrek</u> aan die nodige fasiliteite aan skole, waar genoemde sportsoorte beoefen word, te bepaal.

Vervolgens sal 'n evaluering gemaak word van die toereikendheid al dan nie van die fasiliteite aan skole waar die genoemde sportsoorte beoefen word. Sodanige evaluering sal noodwendig (om dit enigsins sinvol te maak) aan die hand van 'n kriterium of kriteria moet geskied. 'n Moontlike wyse van aanpak sou wees om 'n evaluering van die posisie aan skole van 'n betrokke onderwysowerheid aan die hand van daardie beheerliggaam se daargestelde beleid te maak. Soos egter reeds geblyk het, stem die onderskeie beheerliggame se beleid (ook die formules vir die toekenning van sportfasiliteite) nie in alle opsigte ooreen nie, en sou 'n vergelyking op landswye grondslag daardeur bemoeilik word.

Vir die doel van hierdie vergelykende studie op landswye grondslag, is evalueringskriteria opgestel.

Die getal leerlinge (seuns en dogters afsonderlik) van standerd 2 tot en met standerd 10 is as basis vir die evalueringskriteria gebruik. Geskoei op laasgenoemde basis en met inagneming van die onderskeie beheerliggame se beleid ten aansien

van fasiliteitvoorsiening, sowel as dié van outoritêre komitees[1]), is die volgende kriteria vir die onderskeie sportsoorte ontwerp:

(1) Rugby : Een veld vir elke 150 seuns.

(2) Hokkie : Een veld vir elke 150 dogters.

(3) Sokker : Een veld vir elke 150 seuns.

Ten einde vir addisionele fasiliteite te kwalifiseer, word een leerling meer as die maksimum vir 'n spesifieke groepering as vereiste gestel.

Daar dien genoem te word dat bogenoemde kriteria ontwerp is met die veronderstelling dat die getal leerlinge in standerds 2 tot 10 wat aan 'n spesifieke sportsoort deelneem, die oorwegende faktor moet wees en nie die leerlinge se ouderdom nie. Immers, 30 standerd 2-seuns wat rugby speel, is net so aangewese op die beskikbaarheid van ten minste een rugbyveld as wat die geval is met 30 matrikulante wat ook dié sportsoort beoefen.

### 3.6.2 Die omvang van 'n algehele gebrek aan fasiliteite ten aansien van enkele sportsoorte

In die eersvolgende afdeling word 'n beeld gegee van die omvang van 'n algehele gebrek aan fasiliteite in skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika. Daar dien hier genoem te word dat genoemde beeld slegs betrekking het op skole waar die betrokke sportsoort wel aangebied word.

## 3.7 DIE ALGEHELE GEBREK AAN SPORTFASILITEITE IN STEDELIKE SKOLE

### 3.7.1 Algehele gebrek aan sportfasiliteite aan stedelike primêre skole

Die afleidings wat van tabel 3.37 ten opsigte van die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan stedelike primêre skole gemaak word, is die volgende:

(1) Rugby

Dit blyk uit tabel 3.37 dat die minderheid van die stede-

---

1) Kyk die reeds gemelde verslag - bl. 56 en verder.

TABEL 3.37

STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Kaapland | | | Natal | | | Oranje-Vrystaat | | | Transvaal | | | Suidwes-Afrika | | | Private skole | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 82 | 20 | 24,4 | 10 | 3 | 30,0 | 20 | 1 | 5,0 | 90 | 20 | 22,2 | 3 | 1 | 33,3 | 3 | 1 | 33,3 | 208 | 46 | 22,1 |
| Krieket | 79 | 29 | 36,7 | 35 | 3 | 8,6 | 11 | 1 | 9,1 | 94 | 27 | 28,7 | - | - | - | 15 | 4 | 26,7 | 234 | 64 | 27,4 |
| Atletiek | 97 | 51 | 52,6 | 35 | 4 | 11,4 | 23 | 7 | 30,4 | 137 | 40 | 29,2 | 3 | 1 | 33,3 | 13 | 5 | 38,5 | 308 | 108 | 35,1 |
| Tennis | 61 | 18 | 29,5 | 26 | 8 | 30,8 | 16 | 2 | 12,5 | 98 | 25 | 25,5 | 3 | 0 | 0,0 | 18 | 5 | 27,8 | 222 | 58 | 26,1 |
| Swem | 67 | 50 | 74,6 | 24 | 11 | 45,8 | 14 | 6 | 42,9 | 64 | 27 | 42,2 | 1 | 0 | 0,0 | 18 | 12 | 66,7 | 188 | 106 | 56,4 |
| Netbal | 104 | 3 | 2,9 | 36 | 1 | 2,8 | 20 | 0 | 0,0 | 129 | 5 | 3,9 | 3 | 1 | 3,3 | 14 | 6 | 42,9 | 306 | 16 | 5,2 |
| Korfbal | 3 | 0 | 0,0 | - | - | - | - | - | - | 21 | 2 | 9,5 | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 25 | 2 | 8,0 |
| Hokkie | 10 | 2 | 20,0 | 26 | 6 | 23,1 | 3 | 1 | 33,3 | 5 | 1 | 20,0 | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 45 | 10 | 22,2 |
| Skyfskiet | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 1 | 50,0 | - | - | - | - | - | - | 2 | 1 | 50,0 |
| Sokker | 27 | 12 | 44,4 | 32 | 5 | 15,6 | 4 | 3 | 75,0 | 60 | 14 | 23,3 | 1 | 1 | 100,0 | 17 | 6 | 35,3 | 141 | 41 | 29,1 |
| Ringtennis | 4 | 2 | 50,0 | 2 | 2 | 100,0 | - | - | - | 3 | 0 | 0,0 | - | - | - | - | - | - | 9 | 4 | 44,4 |
| Dwergtennis | 105 | 5 | 4,8 | 29 | 2 | 6,9 | 14 | 2 | 14,3 | 39 | 5 | 12,8 | 1 | 1 | 100,0 | 13 | 5 | 38,5 | 201 | 20 | 10,0 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

like primêre skole in Kaapland (24,4% of 20 van 82 skole), Natal (30,0% of 3 van 10 skole), Oranje-Vrystaat (5,0% of 1 van 20 skole), Transvaal (22,2% of 20 van 90 skole), Suidwes-Afrika (33,3% of 1 van 3 skole) en van die stedelike private primêre skole (33,3% of 1 van 3 skole) waar rugby beoefen word, oor geen fasiliteite beskik nie. Wat betref die landsbeeld, is daar ongeveer 'n vyfde (22,1% of 46 van 208 skole) van die stedelike primêre skole wat rugby sonder die fasiliteite op die skoolterrein aanbied.

(2) Krieket

Hoewel die stedelike primêre skole wat krieket sonder fasiliteite aanbied, in Kaapland (36,7%), Natal (8,6%), Oranje-Vrystaat (9,1%), Transvaal (28,7%) en vir die private skole (26,7%) in dié minderheid is, is die persentasie stedelike primêre skole in Kaapland en Transvaal en die stedelike primêre private skole relatief hoog. In die skole van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika wat in die opname betrek is, word krieket skynbaar nie beoefen nie. Die landsbeeld toon dat dié skole wat oor geen fasiliteite vir krieket beskik nie maar dit wel beoefen, in die minderheid is (27,4%).

(3) Atletiek

Opvallend is dat soveel as 52,6 persent van die stedelike primêre skole van Kaapland wat atletiek aanbied, nie oor eie atletiekfasiliteite beskik nie. Van die stedelike primêre skole in die Oranje-Vrystaat, Transvaal, Suidwes-Afrika en van die stedelike private primêre skole wat atletiek aanbied, beskik onderskeidelik 30,4; 29,2; 33,3 en 38,5 persent van die skole nie oor die fasiliteite op die skoolterrein nie. Slegs 11,4 persent van die Natalse stedelike primêre skole wat atletiek aanbied, beskik nie oor eie fasiliteite nie. Die landsbeeld toon dat 35,1 persent van die stedelike primêre skole wat atletiek aanbied, nie oor eie fasiliteite beskik nie.

(4) Tennis

Van die stedelike primêre skole wat tennis aanbied, beskik 29,5; 30,8; 12,5; 25,5 en 27,8 persent van die skole van onderskeidelik Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal en van die private skole nie oor tennisbane nie. Die drie stedelike primêre skole van Suidwes-Afrika wat wel tennis aanbied, beskik oor eie tennisbane. As die landsbeeld in oënskou geneem word, beskik 26,1 persent van die stedelike primêre skole wat tennis aanbied, nie oor tennisbane nie.

(5) Swem

Soos verwag en heelwaarskynlik vanweë die feit dat die bou van 'n swembad heelwat meer aanvanklike kapitaaluitleg verg as wat die geval ten opsigte van ander sportfasiliteite is, vergelyk die posisie hier swak met dié van die ander sportsoorte. In skole van Kaapland het 74,6 persent van die stedelike primêre skole wat swem aanbied, nie eie swembaddens nie. Die persentasies stedelike primêre skole van Natal (45,8%), Oranje-Vrystaat (42,9%), Transvaal (42,2%), asook van die private skole (66,7%) wat swem sonder eie swembaddens aanbied, is relatief hoog. Die een skool van Suidwes-Afrika wat swem aanbied, beskik oor 'n eie swembad. Blykens die landsbeeld, het 56,4 persent van die stedelike primêre skole wat swem aanbied, nie 'n eie swembad nie.

(6) Netbal

Terwyl soveel as 42,9 persent van die private skole wat netbal aanbied oor geen netbalvelde beskik nie, ondervind geen enkele stedelike primêre skool van die Oranje-Vrystaat probleme in dié verband nie. Ook 'n geringe persentasie stedelike primêre skole van Kaapland (2,9%), Natal (2,8%), Transvaal (3,9%) en Suidwes-Afrika (3,3%) wat netbal aanbied, beskik nie oor 'n netbalveld nie. Slegs 16 (5,2%) van die 306 stedelike primêre skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika waar netbal beoefen word, beskik oor geen fasiliteite nie.

(7) Korfbal

Sowel die enkele private skool as die 3 skole van Kaapland het laat blyk dat hulle oor minstens die minimum aantal fasiliteite beskik, terwyl slegs 2 (9,5%) van die 21 skole van Transvaal nie oor 'n korfbalveld beskik nie. Wat betref die landsbeeld, blyk dat slegs 2 (8,0%) van die 25 stedelike primêre skole oor geen korfbalvelde beskik nie.

(8) Hokkie

Wat betref 'n algehele gebrek aan die nodige fasiliteite vir hokkie, verkeer 2 (20,0%) van die 10 skole van Kaapland, 6 (23,1%) van die 26 skole van Natal, 1 (33,3%) van die 3 skole van die Oranje-Vrystaat en 1 (20,0%) van die 5 skole van Transvaal in dié ongelukkige posisie dat hokkie aangebied word sonder 'n eie hokkieveld. Dit blyk dat die enkele stedelike private primêre skool wat hokkie aanbied, oor 'n hokkieveld beskik. In die geheel gesien, ontbreek dit 10 (22,2%) van die 45 stedelike primêre skole wat hokkie beoefen, aan hokkiefasiliteite.

(9) Skyfskiet

Volgens tabel 3.37 word skyfskiet aan slegs 2 stedelike primêre skole aangebied en wel aan skole van die Transvaalse Onderwysdepartement. Een van die 2 skoolhoofde het egter aangedui dat die betrokke skool nie oor 'n eie skyfskietbaan beskik nie.

(10) Sokker

Dit blyk dat van die stedelike primêre skole wat sokker beoefen, nie oor 'n sokkerveld beskik nie. Die hoof van die enkele skool van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika en 3 van die 4 hoofde van skole van die Oranje-Vrystaat wat sokker aanbied, het aangedui dat 'n eie sokkerveld ontbreek. Wat betref die ander onderwysowerhede, het 12 (44,4%) van die 27 skole van Kaapland, 5 (15,6%) van die 32 skole van Natal, 14 (23,3%) van die 60 skole van Transvaal en 6 (35,3%) van die 17 private skole aangedui dat sokker sonder 'n eie sokkerveld aangebied word. Wat betref die landsbeeld, beskik 41 (29,1%) van die 141 stedelike primêre skole wat sokker as sportsoort beoefen, oor geen sokkervelde nie.

(11) Ringtennis

Terwyl albei skoolhoofde van Natal en 2 van die 4 hoofde van Kaapland aangedui het dat daar by hulle skole geen ringtennisfasiliteite bestaan nie, blyk dit nie die geval by die 3 Transvaalse skole te wees nie. Met betrekking tot die landsbeeld blyk dat 4 (44,4%) van die 9 stedelike primêre skole wat ringtennis as sportsoort beoefen, nie fasiliteite vir ringtennis het nie.

(12) Dwergtennis

Die landsbeeld toon dat slegs 10,0 persent van die stedelike primêre skole (20 van 201 skole) wat dwergtennis aanbied, nie oor die fasiliteite beskik nie. Behalwe vir Suidwes-Afrika waar die enkele skool wat dwergtennis aanbied oor die fasiliteite beskik, het 'n klein persentasie stedelike primêre skole van Kaapland (4,8%), Natal (6,9%), Oranje-Vrystaat (14,3%), Transvaal (12,8%) en van die private skole (38,5%) wat dwergtennis aanbied, nie die nodige fasiliteite daarvoor nie.

3.7.2 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan stedelike sekondêre skole

Die afleidings wat van tabel 3.38 ten opsigte van die

TABEL 3.38

STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Kaapland | | | Natal | | | Oranje-Vrystaat | | | Transvaal | | | Suidwes-Afrika | | | Private skole | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 47 | 4 | 8,5 | 20 | 1 | 5,0 | 12 | 0 | 0,0 | 52 | 2 | 3,9 | 3 | 1 | 33,3 | 17 | 1 | 5,9 | 151 | 9 | 6,0 |
| Krieket | 47 | 8 | 17,0 | 19 | 1 | 5,3 | 9 | 2 | 22,2 | 47 | 9 | 19,2 | 3 | 3 | 100,0 | 28 | 2 | 7,1 | 153 | 25 | 16,3 |
| Atletiek | 50 | 22 | 44,0 | 23 | 3 | 13,0 | 14 | 0 | 0,0 | 57 | 8 | 14,0 | 3 | 0 | 0,0 | 34 | 6 | 17,7 | 181 | 39 | 21,5 |
| Tennis | 54 | 4 | 7,4 | 25 | 11 | 44,0 | 14 | 0 | 0,0 | 63 | 10 | 15,9 | 3 | 2 | 66,7 | 53 | 2 | 3,8 | 212 | 29 | 13,7 |
| Swem | 36 | 24 | 66,7 | 20 | 13 | 65,0 | 8 | 2 | 25,0 | 39 | 8 | 20,5 | 3 | 3 | 100,0 | 53 | 12 | 22,6 | 159 | 62 | 39,0 |
| Netbal | 44 | 3 | 6,8 | 14 | 0 | 0,0 | 10 | 0 | 0,0 | 39 | 2 | 5,2 | 2 | 0 | 0,0 | 28 | 2 | 7,1 | 137 | 7 | 5,1 |
| Korfbal | 2 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | - | - | - | 18 | 0 | 0,0 | - | - | - | 4 | 1 | 25,0 | 26 | 1 | 3,8 |
| Hokkie | 48 | 10 | 20,8 | 24 | 7 | 29,2 | 9 | 1 | 11,1 | 45 | 7 | 15,6 | 3 | 2 | 66,7 | 38 | 5 | 13,2 | 167 | 32 | 19,2 |
| Skyfskiet | 22 | 2 | 9,1 | 11 | 0 | 0,0 | 9 | 0 | 0,0 | 29 | 2 | 6,9 | - | - | - | 7 | 0 | 0,0 | 78 | 4 | 5,1 |
| Sokker | - | - | - | - | - | - | 5 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 3 | 3 | 100,0 | 20 | 4 | 20,0 | 29 | 7 | 24,1 |
| Ringtennis | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 100,0 | 4 | 2 | 50,0 | - | - | - | - | - | - | 5 | 3 | 60,0 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

algehele gebrek aan sportfasiliteite aan stedelike sekondêre skole gemaak word, is die volgende:

(1) Rugby

Die 12 stedelike sekondêre skole van die Oranje-Vrystaat wat rugby as sportsoort beoefen, beskik oor rugbyvelde. Daarenteen het 'n geringe persentasie van die stedelike sekondêre skole wat rugby aanbied in Kaapland (8,5%), Natal (5,0%) en Transvaal (3,9%) asook van die private skole (5,9%), nie 'n rugbyveld nie. Van die 3 skole in Suidwes-Afrika beskik slegs 1 nie oor 'n rugbyveld nie. Die landsbeeld toon dat slegs 6,0 persent van die stedelike sekondêre skole wat rugby aanbied, oor geen rugbyfasiliteite beskik nie.

(2) Krieket

Van die stedelike sekondêre skole wat krieket aanbied, is die persentasies skole van Kaapland (17,0%), Natal (5,3%), Oranje-Vrystaat (22,2%), Transvaal (19,2%) en van die private skole (7,1%), wat krieket sonder eie fasiliteite aanbied, relatief klein. Van die drie skole van Suidwes-Afrika wat krieket aanbied, beskik nie een oor eie krieketfasiliteite nie. Kragtens die landsbeeld beskik 16,3 persent van die stedelike sekondêre skole wat krieket aanbied oor geen krieketfasiliteite nie.

(3) Atletiek

Met die uitsondering van die 3 stedelike sekondêre skole van Suidwes-Afrika en die 14 van die Oranje-Vrystaat wat atletiek aanbied en oor die fasiliteite beskik, het 44,0 persent van die Kaaplandse skole wat atletiek aanbied, nie die nodige atletiekfasiliteite nie. Die persentasies skole van Natal (13,0%), Transvaal (14,0%) en van die private skole (17,7%) wat atletiek sonder eie fasiliteite beoefen, is relatief klein (kyk tabel 3.38). Volgens die landsbeeld beskik 21,5 persent van die stedelike sekondêre skole wat atletiek as sportsoort beoefen, nie oor die nodige atletiekfasiliteite nie.

(4) Tennis

Met betrekking tot die beskikbaarheid van tennisbane, blyk dat van die stedelike sekondêre skole wat tennis aanbied, daar skole in Kaapland (7,4%), Natal (44,0%), Transvaal (15,9%), en Suidwes-Afrika (66,7%/2 van 3 skole) asook private skole (3,8%) is wat tennis sonder die nodige fasiliteite aanbied. Slegs

die Oranje-Vrystaatse stedelike sekondêre skole wat tennis aanbied, beskik almal oor tennisbane. Die Natalse stedelike sekondêre skole skyn in die ongunstigste posisie te wees. Volgens die landsbeeld beskik 13,7 persent van die stedelike sekondêre skole wat tennis aanbied nie oor eie tennisbane nie.

(5) Swem

Afgesien van die 3 skole van Suidwes-Afrika wat nie oor 'n swembad beskik nie maar wat wel swem as sportsoort aanbied, is daar van die stedelike sekondêre skole in Kaapland (66,7%), Natal (65,0%), Oranje-Vrystaat (25,0%) en Transvaal (20,5%), asook van die private skole (22,6%), wat swem beoefen sonder 'n swembad op die skoolterrein. Volgens die landsbeeld beskik 39,0 persent van die stedelike sekondêre skole wat swem aanbied, nie oor 'n swembad op die skoolterrein nie.

(6) Netbal

Al die skoolhoofde verbonde aan stedelike sekondêre skole van Natal, Oranje-Vrystaat en Transvaal waar netbal beoefen word, het laat blyk dat die skole oor 'n netbalveld beskik. Die skole van Kaapland (6,8%), Transvaal (5,2%) asook van die private skole (7,1%) wat netbal sonder die nodige fasiliteite op die skoolterrein aanbied, is 'n geringe persentasie van die skole wat netbal as sportsoort beoefen. Ook die landsbeeld toon dat die persentasie skole wat netbal as sportsoort sonder fasiliteite op die skoolterrein aanbied, 'n geringe persentasie (5,1) van die skole uitmaak wat netbal beoefen.

(7) Korfbal

Met die uitsondering van een van die vier stedelike private sekondêre skole wat oor geen korfbalvelde beskik nie, beskik al die stedelike sekondêre skole van Kaapland, Natal en Transvaal oor korfbalvelde. Gevolglik vertoon die landsbeeld 'n gunstige posisie aangesien slegs een (3,8%) van die 26 skole nie oor 'n korfbalveld beskik nie.

(8) Skyfskiet

Dit blyk dat al die stedelike sekondêre skole van Natal (11), Oranje-Vrystaat (9), asook al die stedelike private sekondêre skole (7) waar skyfskiet aangebied word, oor 'n eie skietbaan beskik. Daarenteen beskik 2 van die 22 skole van Kaapland en 2 van die 29 skole van Transvaal wat skyfskiet aanbied, nie oor 'n eie skietbaan nie. Die landsbeeld dui egter

op 'n gunstige toedrag van sake aangesien slegs 4 (5,1%) van die 78 skole oor geen eie skietbaan beskik nie.

(9) Sokker

Hoewel die enkele stedelike sekondêre skool van Transvaal en al 5 dié skole van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat oor 'n sokkerveld beskik, het al drie die skoolhoofde van Suidwes-Afrika en 4 van die 20 hoofde van private skole wat sokker aanbied, te kenne gegee dat die skool nie oor 'n sokkerveld beskik nie. Kragtens die landsbeeld ontbreek die nodige fasiliteite aan 7 van die 29 skole waar sokker beoefen word.

(10) Ringtennis

Ten spyte daarvan dat 'n ringtennisbaan 'n relatief klein oppervlakte beslaan, is daar nogtans 2 van die 4 Transvaalse skole asook die enkele skool van die Oranje-Vrystaat wat ringtennis aanbied, wat nie oor 'n baan beskik nie. In die geheel gesien, het 3 van die 5 skole 'n behoefte aan ringtennisbane.

3.7.3 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole

Die afleidings wat van tabel 3.39 ten opsigte van die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole gemaak word, is die volgende:

(1) Rugby

In teenstelling met een van die twee skoolhoofde van die Oranje-Vrystaat en 3 van die 7 skoolhoofde van Transvaal, wat aangedui het dat hulle skole oor geen rugbyvelde beskik nie, het die skoolhoofde van die onderwysdepartemente van Kaapland, Natal, Suidwes-Afrika en Nasionale Opvoeding laat blyk dat hulle nie genoemde probleem ondervind nie. Wat betref die landsbeeld, blyk dat 4 van die 17 skole wat rugby aanbied, nie oor 'n rugbyveld beskik nie.

(2) Krieket

Wat betref die skole wat krieket aanbied, beskik die twee skole van Natal en die enkele skool van sowel die Oranje-Vrystaat as van die Departement van Nasionale Opvoeding wel oor krieketfasiliteite. Daarteenoor beskik een (50,0%) van die 2 skole van Kaapland, een (25,0%) van die 4 skole van Transvaal, en die enkele skool van Suidwes-Afrika nie oor krieket-

TABEL 3.39

STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Kaapland | | | Natal | | | Oranje-Vrystaat | | | Transvaal | | | Suidwes-Afrika | | | Nasionale Opvoeding | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 5 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 1 | 50,0 | 7 | 3 | 42,9 | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 17 | 4 | 23,5 |
| Krieket | 2 | 1 | 50,0 | 2 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 4 | 1 | 25,0 | 1 | 1 | 100,0 | 2 | 0 | 0,0 | 12 | 3 | 25,0 |
| Atletiek | 4 | 1 | 25,0 | 2 | 0 | 0,0 | 2 | 2 | 100,0 | 7 | 3 | 42,9 | 2 | 1 | 50,0 | 2 | 0 | 0,0 | 19 | 7 | 36,8 |
| Tennis | 4 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 10 | 0 | 0,0 |
| Swem | 4 | 2 | 50,0 | - | - | - | - | - | - | 4 | 1 | 25,0 | - | - | - | 3 | 0 | 0,0 | 11 | 3 | 27,3 |
| Netbal | 4 | 0 | 0,0 | 2 | 1 | 50,0 | 2 | 0 | 0,0 | 5 | 1 | 20,0 | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 16 | 2 | 12,5 |
| Korfbal | 5 | 0 | 0,0 | - | - | - | - | - | - | 3 | 0 | 0,0 | - | - | - | - | - | - | 8 | 0 | 0,0 |
| Hokkie | 3 | 2 | 66,7 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 100,0 | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 6 | 3 | 50,0 |
| Skyfskiet | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 0 | 0,0 | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 |
| Sokker | 1 | 1 | 100,0 | - | - | - | 1 | 1 | 100,0 | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 5 | 2 | 40,0 |
| Ringtennis | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

fasiliteite nie. Uit 'n totaal van 12 skole in die land wat krieket as sportsoort beoefen, beskik 3 (25,0%) nie oor die nodige fasiliteite nie.

(3) Atletiek

Die twee hoofde van Natal en die Departement van Nasionale Opvoeding het aangedui dat die betrokke skole wel oor 'n atletiekbaan beskik. In Kaapland beskik een (25,0%) van die 4 skole, in die Oranje-Vrystaat beskik albei skole, in Transvaal beskik 3 (42,9%) van die 7 skole, en in Suidwes-Afrika beskik een (50,0%) van die 2 skole nie oor die nodige atletiekfasiliteite nie. Die landsbeeld toon dat 7 (36,8%) van die 19 skole wat atletiek aanbied, nie oor die nodige atletiekfasiliteite beskik nie.

(4) Tennis

Dit blyk dat al 10 die stedelike nywerheid-, verbeteringen spesiale skole in die land wat tennis aanbied, oor tennisbane beskik.

(5) Swem

Volgens die inligting deur die hoofde verstrek, beskik 2 (50,0%) van die 4 skole van Kaapland en een (25,0%) van die 4 skole van Transvaal wat swem aanbied nie oor 'n swembad nie, terwyl al 3 die skole onder beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding wel oor 'n swembad beskik. Volgens die landsbeeld beskik 3 (27,3%) van die 11 skole wat swem as sportsoort aanbied, nie oor 'n swembad nie.

(6) Netbal

Die skole onder beheer van die onderwysdepartemente van Kaapland (4), Oranje-Vrystaat (2), Suidwes-Afrika (1) en Nasionale Opvoeding (2) wat netbal as sportsoort beoefen, beskik oor die nodige netbalvelde. Daarteenoor het een van die 2 skoolhoofde van Natal en een van die 5 skoolhoofde van Transvaal wat netbal aanbied, te kenne gegee dat hulle skole geen netbalfasiliteite het nie. In die geheel gesien, ontbreek die nodige netbalvelde aan 2 (12,5%) van die 16 skole wat netbal aanbied.

(7) Korfbal

Die vyf skole van Kaapland en die drie van Transvaal wat korfbal aanbied, beskik oor die nodige fasiliteite.

(8) Hokkie

Waar 2 van die 3 skole van Kaapland en die enkele skool van Transvaal oor geen hokkievelde beskik nie, het die enkele skool van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika en van die Departement van Nasionale Opvoeding 'n hokkieveld. In die geheel gesien, het 3 van die 6 skole wat hokkie aanbied nie die nodige hokkiefasiliteite nie.

(9) Skyfskiet

Dit blyk dat slegs die skole van Transvaal en van Nasionale Opvoeding skyfskiet aanbied. Al die skole van die Transvaalse Onderwysdepartement (4) en van die Departement van Nasionale Opvoeding (1) het 'n eie skietbaan.

(10) Sokker

Sowel die enkele skool van Kaapland as dié van die Oranje-Vrystaat wat sokker aanbied, het nie 'n eie sokkerveld nie, terwyl die enkele skool van Suidwes-Afrika en albei skole van die Departement van Nasionale Opvoeding oor 'n sokkerveld beskik. In die geheel gesien, het 2 van die 5 skole in hierdie kategorie wat sokker aanbied nie sokkervelde nie.

(11) Ringtennis

Die enkele skool van Transvaal wat aangedui het dat ringtennis ter plaatse beoefen word, beskik oor die nodige fasiliteite.

## 3.8 DIE ALGEHELE GEBREK AAN SPORTFASILITEITE AAN DORPSKOLE

### 3.8.1 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan primêre dorpskole

Die afleidings wat van tabel 3.40 ten opsigte van die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan primêre dorpskole gemaak word, is die volgende:

(1) Rugby

Wat betref 'n algehele gebrek aan die nodige fasiliteite, verkeer die primêre dorpskole onder beheer van die onderwysdepartemente van Natal, Kaapland en Suidwes-Afrika in die ongunstigste posisie, aangesien van die skole wat rugby beoefen daar onderskeidelik 50,0; 49,6 en 42,9 persent is wat nie 'n rugby-

TABEL 3.40

PRIMÊRE SKOLE GELEË IN 'N DORP WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Kaapland | | | Natal | | | Oranje-Vrystaat | | | Transvaal | | | Suidwes-Afrika | | | Private-skole | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 117 | 58 | 49,6 | 34 | 17 | 50,0 | 29 | 7 | 24,1 | 187 | 22 | 11,8 | 28 | 12 | 42,9 | 5 | 1 | 20,0 | 400 | 117 | 29,3 |
| Krieket | 50 | 28 | 56,0 | 57 | 12 | 21,1 | 11 | 4 | 36,4 | 155 | 37 | 23,9 | 5 | 3 | 60,0 | 10 | 3 | 30,0 | 288 | 87 | 30,2 |
| Atletiek | 154 | 94 | 61,0 | 69 | 16 | 23,2 | 30 | 13 | 43,3 | 215 | 49 | 22,8 | 33 | 12 | 36,4 | 10 | 3 | 30,0 | 511 | 187 | 36,6 |
| Tennis | 107 | 44 | 41,1 | 60 | 35 | 58,3 | 25 | 7 | 28,0 | 157 | 49 | 31,2 | 31 | 9 | 29,0 | 19 | 2 | 10,5 | 399 | 146 | 36,6 |
| Swem | 59 | 40 | 67,8 | 55 | 36 | 65,5 | 17 | 11 | 64,7 | 89 | 41 | 46,1 | 19 | 12 | 63,2 | 16 | 6 | 37,5 | 255 | 146 | 57,3 |
| Netbal | 125 | 18 | 14,4 | 35 | 5 | 8,6 | 29 | 3 | 10,3 | 165 | 8 | 4,9 | 30 | 5 | 16,7 | 16 | 0 | 0,0 | 400 | 39 | 9,8 |
| Korfbal | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 52 | 4 | 7,7 | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 56 | 4 | 7,1 |
| Hokkie | 4 | 0 | 0,0 | 35 | 6 | 17,1 | 1 | 1 | 100,0 | 3 | 2 | 66,7 | - | - | - | 6 | 0 | 0,0 | 49 | 9 | 16,3 |
| Skyfskiet | - | - | - | 2 | 1 | 50,0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 1 | 50,0 |
| Sokker | 7 | 3 | 42,9 | 35 | 3 | 8,6 | - | - | - | 33 | 6 | 18,2 | 10 | 5 | 50,0 | 8 | 3 | 37,5 | 93 | 20 | 21,5 |
| Ringtennis | 6 | 2 | 33,3 | 5 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 13 | 0 | 0,0 | 6 | 0 | 0,0 | 3 | 0 | 0,0 | 35 | 2 | 5,7 |
| Dwergtennis | 119 | 14 | 11,8 | 48 | 5 | 10,4 | 15 | 2 | 13,3 | 35 | 4 | 11,4 | 16 | 1 | 6,3 | 9 | 2 | 22,2 | 242 | 28 | 11,6 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

veld het nie. Hierna volg in dalende orde die onderwysdepartemente van die Oranje-Vrystaat (24,1%), die private skole (20,0%) en Transvaal (11,8%) met die kleinste persentasie primêre dorpskole wat rugby sonder die nodige fasiliteite aanbied. As die landsbeeld in oënskou geneem word, val dit op dat 29,3 persent van die 400 primêre skole wat rugby aanbied, nie oor rugbyvelde beskik nie. Alhoewel hierdie persentasie op 'n minderheid dui, beteken dit nogtans dat byna 3 uit elke 10 primêre dorpskole aangewys is op rugbyfasiliteite van ander instansies.

(2) Krieket

Met die uitsondering van die Natalse en Transvaalse Onderwysdepartemente (hier beskik onderskeidelik 21,1 persent en 23,9 persent van die primêre dorpskole nie oor 'n krieketveld nie), is die posisie met betrekking tot die algehele afwesigheid van krieketvelde vir Kaapland (56,0%), Oranje-Vrystaat (36,4%), Suidwes-Afrika (60,0%) en vir die private skole (30,0%) ongunstig. Die landsbeeld toon dat 30,0 persent van die primêre dorpskole wat krieket aanbied, nie oor krieketvelde beskik nie en van ander instansies se fasiliteite gebruik moet maak.

(3) Atletiek

Wat betref die voorsiening van atletiekvelde aan skole, bestaan daar 'n groot behoefte veral in Kaapland, aangesien 61,0 persent van die primêre dorpskole wat atletiek aanbied, nie oor 'n atletiekbaan beskik nie. Die persentasies primêre dorpskole van Natal (32,0%), Oranje-Vrystaat (43,3%), Transvaal (22,8%), Suidwes-Afrika (36,4%) en die private primêre dorpskole (30,0%) wat atletiek sonder fasiliteite aanbied, is relatief hoog. Die landsbeeld toon dat 36,6 persent van die primêre dorpskole wat atletiek aanbied, nie oor die nodige fasiliteite beskik nie.

(4) Tennis

Dit blyk dat die grootste behoefte aan tennisbane aan die skole van Natal (58,3%) voorkom. Daarna volg in dalende orde Kaapland (41,1%), Transvaal (31,2%), Suidwes-Afrika (29,0%), Oranje-Vrystaat (28,0%) en die private skole (10,5%). Kragtens die landsbeeld beskik 36,6 persent van die primêre dorpskole wat tennis aanbied, nie oor tennisbane nie.

(5) Swem

Die meerderheid primêre dorpskole van Kaapland (67,8%),



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Natal (65,5%), Oranje-Vrystaat (64,7%) en Suidwes-Afrika (63,2%) wat swem aanbied, beskik nie oor 'n swembad nie. Die persentasies primêre dorpskole van Transvaal (46,1%) en die private skole (37,5%) wat swem sonder die nodige fasiliteite op die skoolterrein aanbied, is ook relatief hoog (kyk tabel 3.40). Wat betref die geheelbeeld, het 57,3 persent van die skole wat swem aanbied, nie 'n eie swembad nie.

(6) Netbal

Met inagneming van die betreklik groot aantal primêre dorpskole van die onderskeie onderwysdepartemente waar netbal beoefen word, is die persentasie skole wat oor geen netbalvelde beskik, relatief klein. Terwyl die grootste gebrek in genoemde verband ten aansien van skole van Suidwes-Afrika voorkom (16,7%), ondervind 14,4 persent van die skole van Kaapland, 8,6 persent van Natal, 10,3 persent van die Oranje-Vrystaat en 4,9 persent van Transvaal dergelike probleme. Dit is opvallend dat al die private skole oor 'n netbalveld beskik. Wat betref die landsbeeld, blyk dat die getal skole wat oor geen fasiliteite beskik nie, relatief klein is (39 uit 400 of 9,8%).

(7) Korfbal

Beide die skoolhoofde van Natal en Suidwes-Afrika het te kenne gegee dat hulle betrokke skole oor 'n korfbalveld beskik, terwyl slegs 4 (7,7%) van die 52 primêre dorpskole van Transvaal oor geen fasiliteite beskik nie. As die landsbeeld in oënskou geneem word, blyk dat van die 56 skole waar korfbal beoefen word, slegs 4 skole oor geen fasiliteite beskik nie.

(8) Hokkie

In teenstelling met die 4 skole van die Kaaplandse Onderwysdepartement en die 6 private skole wat oor 'n hokkieveld beskik, het 6 (17,1%) van die 35 skole van Natal, die enkele skool van die Oranje-Vrystaat en 2 van die 3 skole van Transvaal laat blyk dat hulle geen hokkievelde het nie. Wat betref die landsbeeld, blyk dat 9 (16,3%) van die 49 skole 'n behoefte aan minstens een hokkieveld het.

(9) Skyfskiet

Slegs aan 2 primêre dorpskole, en wel van die Natalse Onderwysdepartement, word skyfskiet aangebied. Van hierdie twee skole beskik slegs een nie oor 'n eie skietbaan nie.

(10) Sokker

Wat betref die primêre dorpskole waar sokker beoefen word, blyk dat 3 (42,9%) van die 7 skole van Kaapland, 3 (8,6%) van die 35 skole van Natal, 6 (18,2%) van die 33 skole van Transvaal, 5 (50,0%) van die 10 skole van Suidwes-Afrika en 3 (37,5%) van die 8 private skole oor geen sokkerfasiliteite beskik nie. Die landsbeeld toon dat 21,5 persent of 20 van die 93 primêre dorpskole wat sokker aanbied, geheel en al op ander instansies, skole of klubs se sokkerfasiliteite aangewys is.

(11) Ringtennis

Al die primêre dorpskole van die onderwysdepartemente van Natal (5), Oranje-Vrystaat (2), Transvaal (13), Suidwes-Afrika (6), asook die private skole (3) waar ringtennis beoefen word, beskik oor 'n baan vir ringtennis, terwyl 2 van die 6 skole van Kaapland 'n behoefte aan 'n ringtennisbaan het. Volgens die landsbeeld het slegs 2 van die 35 primêre dorpskole wat ringtennis aanbied, geen fasiliteite vir die beoefening van die sportsoort nie.

(12) Dwergtennis

Die persentasies primêre dorpskole van Kaapland (11,8%), Natal (10,4%), Oranje-Vrystaat (13,3%), Transvaal (11,4%) en Suidwes-Afrika (6,3%), en die private skole (22,2%) wat nie oor die nodige fasiliteite beskik nie, is relatief hoog. Die landsbeeld toon dat slegs 11,6 persent van die primêre dorpskole wat dwergtennis aanbied, nie oor die fasiliteite beskik nie.

### 3.8.2 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan sekondêre dorpskole

Die afleidings wat van tabel 3.41 ten opsigte van die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan sekondêre dorpskole gemaak word, is die volgende:

(1) Rugby

Ten spyte daarvan dat rugby 'n besonder gewilde sportsoort blyk te wees (358 sekondêre dorpskole bied dit aan), is die persentasie skole van die onderwysdepartemente van Kaapland (37,0%), Oranje-Vrystaat (32,0%) en Suidwes-Afrika (33,3%) wat oor geen rugbyfasiliteite beskik nie, relatief groot. Daarby ontbreek die minimum getal velde aan 11,1 persent van die Natalse skole en 8,7 persent van die Transvaalse skole, terwyl nie 'n enkele private skool sodanige probleem ondervind nie. Die

TABEL 3.41

SEKONDÊRE SKOLE GELEË IN 'N DORP WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Kaapland | | | Natal | | | Oranje-Vrystaat | | | Transvaal | | | Suidwes-Afrika | | | Private skole | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 173 | 64 | 37,0 | 18 | 2 | 11,1 | 62 | 20 | 32,3 | 92 | 8 | 8,7 | 6 | 2 | 33,3 | 7 | 0 | 0,0 | 358 | 96 | 26,8 |
| Krieket | 96 | 44 | 45,8 | 16 | 1 | 6,3 | 18 | 7 | 38,9 | 79 | 21 | 26,6 | 4 | 1 | 25,0 | 9 | 1 | 11,1 | 222 | 75 | 33,8 |
| Atletiek | 179 | 96 | 53,6 | 19 | 1 | 5,3 | 64 | 27 | 42,2 | 104 | 20 | 19,2 | 6 | 2 | 33,3 | 13 | 4 | 30,8 | 385 | 150 | 39,0 |
| Tennis | 182 | 29 | 15,9 | 20 | 3 | 15,0 | 62 | 10 | 16,1 | 104 | 15 | 14,4 | 6 | 1 | 16,7 | 27 | 2 | 7,4 | 401 | 60 | 15,0 |
| Swem | 76 | 51 | 67,1 | 19 | 16 | 84,2 | 38 | 23 | 60,5 | 71 | 31 | 43,7 | 4 | 4 | 100,0 | 27 | 10 | 37,0 | 415 | 135 | 32,5 |
| Netbal | 167 | 21 | 12,6 | 15 | 1 | 6,7 | 62 | 8 | 12,9 | 71 | 7 | 9,9 | 6 | 0 | 0,0 | 14 | 1 | 7,1 | 335 | 38 | 11,3 |
| Korfbal | 1 | 1 | 100,0 | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 21 | 1 | 4,8 | - | - | - | 3 | 0 | 0,0 | 26 | 2 | 7,7 |
| Hokkie | 58 | 19 | 32,8 | 20 | 1 | 5,0 | 14 | 5 | 35,7 | 67 | 8 | 11,9 | 5 | 0 | 0,0 | 20 | 3 | 15,0 | 184 | 36 | 19,6 |
| Skyfskiet | 63 | 9 | 14,3 | 8 | 0 | 0,0 | 37 | 2 | 5,4 | 65 | 5 | 7,7 | 2 | 0 | 0,0 | 2 | 1 | 50,0 | 177 | 17 | 9,6 |
| Sokker | 3 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 1 | 100,0 | 8 | 3 | 37,5 | 2 | 1 | 50,0 | 9 | 1 | 11,1 | 24 | 6 | 25,0 |
| Ringtennis | 3 | 1 | 33,3 | - | - | - | 5 | 1 | 20,0 | 9 | 3 | 33,3 | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 18 | 5 | 27,8 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

landsbeeld toon dat 26,8 persent van die skole wat rugby aanbied, geen rugbyvelde het nie.

(2) Krieket

'n Dringende behoefte aan die nodige krieketfasiliteite bestaan aan 45,8 en 38,9 persent van die sekondêre dorpskole van onderskeidelik Kaapland en die Oranje-Vrystaat. Ongeveer 'n kwart van die sekondêre dorpskole van Transvaal (26,6%) en Suidwes-Afrika (25,0%) wat krieket aanbied, beoefen die sportsoort sonder eie fasiliteite, terwyl slegs 11,1 persent van die private skole en 6,3 persent van die Natalse skole nie oor die nodige fasiliteite beskik nie. Volgens die landsbeeld beoefen 33,8 persent van die sekondêre dorpskole (75 van 222 skole) krieket as sportsoort sonder eie fasiliteite.

(3) Atletiek

Meer as die helfte van die sekondêre dorpskole van Kaapland (53,6%), en 'n hoë persentasie skole van die Oranje-Vrystaat (42,2%) en Suidwes-Afrika (33,3%), asook van die private skole (30,8%), bied atletiek aan sonder fasiliteite op die skoolterrein. Daarenteen het slegs 5,3 persent van die Natalse skole en 19,2 persent van die Transvaalse skole nie 'n eie atletiekbaan nie. Kragtens die landsbeeld het 39,0 persent van die sekondêre dorpskole wat atletiek aanbied, nie 'n eie atletiekbaan nie.

(4) Tennis

Van die sekondêre dorpskole wat tennis aanbied, het slegs 7,4 persent van die private skole nie 'n tennisbaan nie. Die persentasies sekondêre dorpskole van Kaapland (15,9%), Natal (15,0%), Oranje-Vrystaat (16,1%), Transvaal (14,4%) en Suidwes-Afrika (16,7%) wat tennis sonder eie fasiliteite aanbied, is relatief laag. Die landsbeeld toon dat slegs 15,0 persent van die sekondêre dorpskole wat tennis aanbied, nie oor die fasiliteite beskik nie.

(5) Swem

Die meerderheid sekondêre dorpskole van Kaapland (67,1%), Natal (84,2%), Oranje-Vrystaat (60,5%) en Suidwes-Afrika (100,0%) wat swem aanbied, beskik nie oor 'n swembad nie. Hoewel die persentasie sekondêre dorpskole in Transvaal (43,7%) asook die persentasie private skole (37,0%) wat swem sonder eie fasiliteite aanbied, relatief hoog is, verkeer hierdie onderwysowerhede in 'n gunstiger posisie wat betref fasiliteite

vir swem as die eersgenoemde vier owerhede. In die geheel gesien, ontbreek die nodige fasiliteite aan 32,5 persent van die sekondêre dorpskole wat swem aanbied.

(6) Netbal

Ten spyte van die aanhang wat netbal geniet, tesame met die feit dat 'n netbalbaan 'n relatief klein oppervlakte beslaan en dus geredelik maklik aangelê kan word, is dit slegs die sekondêre dorpskole van Suidwes-Afrika wat oor die nodige fasiliteite beskik. Hoewel die persentasies sekondêre dorpskole van Kaapland (12,6%), Natal (6,7%), Oranje-Vrystaat (12,9%), Transvaal (9,9%), asook van die private skole (7,1%) wat netbal sonder eie netbalbane aanbied, klein is, weerspieël dit nogtans 'n tekort aan fasiliteite. Wat betref die landsbeeld, het 11,3 persent van die skole wat netbal as sportsoort beoefen, geen netbalbane nie.

(7) Korfbal

Al drie die sekondêre private dorpskole en die enkele skool van Natal wat korfbal aanbied, beskik oor 'n korfbalbaan, terwyl die enkele sekondêre dorpskool van Kaapland en een van die 21 skole van Transvaal in dié opsig 'n tekort ondervind. Die landsbeeld toon dat 2 (7,7%) van die 26 sekondêre dorpskole wat korfbal as sportsoort beoefen, oor geen korfbalveld beskik nie.

(8) Hokkie

Met die uitsondering van die 5 skole van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika wat hokkie as sportsoort beoefen en oor hokkievelde beskik, beoefen 32,8 persent of 19 van die 58 sekondêre dorpskole van Kaapland, 35,7 persent of 5 van die 14 sekondêre dorpskole van die Oranje-Vrystaat, 15,3 persent of 3 van die 20 private sekondêre dorpskole, 11,9 persent of 8 van die 67 sekondêre dorpskole van Transvaal en 5,0 persent of 1 van die 20 sekondêre dorpskole van Natal hokkie sonder die nodige hokkievelde op die skoolterrein. Die landsbeeld toon dat 36 (15,0%) van die 184 skole wat hokkie as sport beoefen oor geen eie fasiliteite beskik nie en van 'n ander skool of instansie se fasiliteite gebruik moet maak.

(9) Skyfskiet

Wat betref die behoefte aan skietbane by sekondêre dorpskole, blyk dat 9 (14,3%) van die 63 dorpskole van Kaapland, 2 (5,4%) van die 37 skole van die Oranje-Vrystaat, 5 (7,7%) van

die 65 skole van Transvaal en een (50,0%) van die 2 private skole nie oor 'n eie skietbaan beskik nie. Daarteenoor beskik die 8 skole van Natal en die 2 skole van Suidwes-Afrika wat skyfskiet aanbied, oor die nodige skietbane. Die landsbeeld toon dat van die 177 sekondêre dorpskole waar skyfskiet beoefen word, 'n relatief klein persentasie, te wete 9,6, nie oor 'n eie skietbaan beskik nie.

(10) <u>Sokker</u>

Terwyl die enkele sekondêre skool van Natal en al drie die skole van Kaapland wat sokker as sportsoort beoefen, oor sokkervelde beskik, het 3 van die 8 Transvaalse skole, 1 van die 2 skole van Suidwes-Afrika, 1 van die 9 private skole en die enkele skool van die Oranje-Vrystaat wat sokker beoefen, nie 'n eie sokkerveld op die skoolterrein nie. In die geheel gesien, het 6 (25,0%) van die 24 sekondêre dorpskole wat sokker beoefen, nie 'n eie sokkerveld nie, en beoefen klaarblyklik die sport op sokkervelde van ander instansies.

(11) <u>Ringtennis</u>

Ten spyte daarvan dat 'n ringtennisbaan 'n relatiewe klein oppervlakte beslaan en dus maklik aangelê kan word, is daar nogtans een van die 3 sekondêre dorpskole van Kaapland, een van die 5 skole van die Oranje-Vrystaat en 3 van die 9 skole van Transvaal wat nie 'n ringtennisbaan het nie. Die enkele skool van Suidwes-Afrika wat ringtennis beoefen, beskik oor 'n ringtennisbaan. Kragtens die landsbeeld ontbreek 'n minimum van een baan aan 5 (27,8%) van die 18 sekondêre dorpskole wat ringtennis aanbied.

3.8.3 <u>Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan nywerheid-, verbetering- en spesiale skole geleë in 'n dorp</u>

Die afleiding wat van tabel 3.42 ten opsigte van die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan nywerheid-, verbeteringen spesiale skole in dorpe gemaak word, is die volgende:

(1) <u>Rugby</u>

Die enkele skool van sowel Kaapland as van die Oranje-Vrystaat, asook die 5 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding wat rugby aanbied, beskik oor die nodige rugbyvelde op die skoolterrein, terwyl 2 van die 6 skole van Transvaal wat rugby beoefen, nie oor eie fasiliteite beskik nie. As die landsbeeld in oënskou geneem word, blyk dat slegs 2 skole uit die totaal van 13 rugby beoefen sonder rugbyfasiliteite op

## TABEL 3.42

NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE GELEË IN 'N DORP WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Kaapland | | | Oranje-Vrystaat | | | Transvaal | | | Nasionale Opvoeding | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 6 | 2 | 33,3 | 5 | 0 | 0,0 | 13 | 2 | 15,4 |
| Krieket | - | - | - | - | - | - | 5 | 2 | 40,0 | 5 | 1 | 20,0 | 10 | 3 | 30,0 |
| Atletiek | 1 | 1 | 100,0 | 1 | 0 | 0,0 | 6 | 2 | 33,3 | 13 | 5 | 38,5 | 21 | 8 | 38,1 |
| Tennis | 1 | 1 | 100,0 | - | - | - | 1 | 1 | 100,0 | 12 | 0 | 0,0 | 14 | 2 | 14,3 |
| Swem | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 | 33,3 | 12 | 6 | 50,0 | 15 | 7 | 46,7 |
| Netbal | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 | 8 | 0 | 0,0 | 15 | 0 | 0,0 |
| Korfbal | - | - | - | - | - | - | 2 | 0 | 0,0 | - | - | - | 2 | 0 | 0,0 |
| Hokkie | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 | 33,3 | 5 | 0 | 0,0 | 8 | 1 | 12,5 |
| Skyfskiet | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 |
| Sokker | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 100,0 | 3 | 0 | 0,0 | 4 | 1 | 25,0 |
| Ringtennis | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 2 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 | 8 | 0 | 0,0 |
| Dwergtennis | - | - | - | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 1 | 50,0 | 3 | 1 | 33,3 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

die skoolterrein.

(2) Krieket

Van die 5 Transvaalse skole asook van die vyf skole van die Departement van Nasionale Opvoeding wat krieket as sport beoefen, het onderskeidelik 2 (40,0%) skole en 1 (20,0%) skool nie die nodige krieketfasiliteite nie. In die geheel gesien, het 3 (30,0%) van die 10 skole in die land wat krieket speel, nie die nodige fasiliteite op die skoolterrein nie.

(3) Atletiek

Die enkele skool van Kaapland, 2 (33,3%) van die 6 Transvaalse skole en 5 (38,5%) van die 13 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding het aangedui dat die betrokke skool nie die nodige atletiekfasiliteite het nie, terwyl die enkele skool van die Oranje-Vrystaat wel 'n atletiekbaan het. In totaal ondervind 8 (38,1%) van die 21 skole wat atletiek as sportsoort aanbied 'n algehele gebrek aan die nodige fasiliteite.

(4) Tennis

Die enkele skool van sowel Kaapland as Transvaal bied tennis aan sonder die nodige fasiliteite op die skoolterrein, terwyl die 12 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding oor tennisbane beskik. Blykens die landsbeeld het 2 (14,3%) van die 14 skole aangedui dat 'n algehele gebrek aan die nodige fasiliteite vir die beoefening van tennis ondervind word.

(5) Swem

Dit blyk dat een (33,3%) van die 3 skole van Transvaal en 6 (50,0%) van die 12 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding nie oor 'n swembad beskik nie. Die landsbeeld toon dat 7 (46,7%) van die 15 skole nie die nodige fasiliteite vir swem op die skoolterrein het nie.

(6) Netbal

Dit is beslis verblydend om te sien dat al die skole van die onderskeie onderwysdepartemente waar netbal beoefen word (Kaapland 1, Oranje-Vrystaat 1, Transvaal 5, en Nasionale Opvoeding 8 skole) oor die nodige netbalbane beskik. Daar kan aanvaar word dat hierdie toedrag van sake nie slegs belangstelling in die onderhawige sportsoort kan aanwakker en tot die uitbouing van die gehalte van die spel kan bydra nie, maar dat

dit veral die leerling is wat by wyse van verantwoordbare ontspanning as deel van die verwerkliking van sy persoonsvorming, daarby baat sal vind.

(7) <u>Korfbal</u>

Aangesien die 2 skole van Transvaal waar hierdie sportsoort aangebied word oor die nodige korfbalbane beskik, kan wat ten aansien van netbal in die voorafgaande afdeling gestel is, ook hier herhaal word.

(8) <u>Hokkie</u>

Al 5 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding beskik oor fasiliteite om hokkie as sportsoort aan te bied, terwyl dit by een van die 3 skole van Transvaal nie die geval is nie. Die landsbeeld toon dat slegs een van die 8 skole nie oor 'n hokkieveld beskik nie.

(9) <u>Skyfskiet</u>

Die vyf skole van die Departement van Nasionale Opvoeding wat skyfskiet aanbied, het almal laat blyk dat daar wel fasiliteite vir die beoefening van skyfskiet bestaan.

(10) <u>Sokker</u>

Terwyl die enkele skool van die Transvaalse Onderwysdepartement nie oor 'n eie sokkerveld beskik nie, is dit nie die geval by die 3 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding nie.

(11) <u>Ringtennis</u>

Dat die nodige bane vir die beoefening van ringtennis beskikbaar is, is aangedui deur die enkele skool van Kaapland, die 2 skole van Transvaal en die 3 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding.

(12) <u>Dwergtennis</u>

Die doeltreffende beoefening van dwergtennis kan heelwaarskynlik weens 'n gebrek aan 'n eie baan aan een van die 2 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding gestrem word, terwyl die enkele skool van Transvaal, wat oor die nodige baan beskik, in voorafgenoemde verband nie noodwendig rede tot klagte het nie.

## 3.9 DIE ALGEHELE GEBREK AAN SPORTFASILITEITE AAN PLATTELANDSE SKOLE

### 3.9.1 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan plattelandse primêre skole

Die afleidings wat van tabel 3.43 ten opsigte van die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan plattelandse primêre skole gemaak word, is die volgende:

(1) Rugby

Dit blyk dat behalwe vir Transvaal (78) en Kaapland (26) 'n geringe getal plattelandse primêre skole van die ander onderwysowerhede rugby as sportsoort beoefen. Die persentasie plattelandse skole wat rugby sonder eie fasiliteite aanbied, is soos volg: Kaapland 46,2 of 12 van 26 skole, Natal 66,7 of 2 van 3 skole, Oranje-Vrystaat 50,0 of 2 van 4 skole, Transvaal 11,5 of 9 van 78 skole, Suidwes-Afrika 33,3 of 1 van 3 skole. Alleen die 4 private plattelandse primêre skole beskik oor rugbyfasiliteite. Die landsbeeld toon dat 22,0 persent of 26 van die 118 plattelandse primêre skole rugby sonder eie fasiliteite aanbied.

(2) Krieket

Krieket word deur 'n klein getal plattelandse primêre skole aangebied, en behalwe vir die private skole wat oor die fasiliteite beskik, het van die skole van die ander onderwysowerhede wat die sportsoort aanbied, nie die nodige fasiliteite op die skoolterrein nie. Die persentasies plattelandse primêre skole wat sonder eie fasiliteite krieket aanbied, is volgens onderwysowerhede soos volg: Kaapland 52,9 of 9 van 17 skole, Natal 20,0 of 1 van 5 skole, Oranje-Vrystaat 100,0 of al twee skole, Transvaal 32,0 of 16 van 50 skole en Suidwes-Afrika 100,0 of die een skool. Die landsbeeld toon dat 37,2 persent of 29 van 78 plattelandse primêre skole nie oor krieketvelde beskik nie en dat krieket derhalwe op die terrein van 'n ander skool of instansie se velde beoefen word.

(3) Atletiek

Dit blyk dat die 4 plattelandse private primêre skole wat atletiek beoefen, oor die nodige fasiliteite beskik. Daarteenoor het 3 (75,0%) van die 4 skole van Suidwes-Afrika, 7 (63,6%) van die 11 skole van die Oranje-Vrystaat, 71 (61,2%) van 116 skole van Kaapland, 3 (42,9%) van 7 skole van Natal, en 29

TABEL 3.43

PRIMÊRE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Kaapland | | | Natal | | | Oranje-Vrystaat | | | Transvaal | | | Suidwes-Afrika | | | Private skole | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 26 | 12 | 46,2 | 3 | 2 | 66,7 | 4 | 2 | 50,0 | 78 | 9 | 11,5 | 3 | 1 | 33,3 | 4 | 0 | 0,0 | 118 | 26 | 22,0 |
| Krieket | 17 | 9 | 52,9 | 5 | 1 | 20,0 | 2 | 2 | 100,0 | 50 | 16 | 32,0 | 1 | 1 | 100,0 | 3 | 0 | 0,0 | 78 | 29 | 37,2 |
| Atletiek | 116 | 71 | 61,2 | 7 | 3 | 42,9 | 11 | 7 | 63,6 | 131 | 29 | 22,1 | 4 | 3 | 75,0 | 4 | 0 | 0,0 | 273 | 113 | 41,4 |
| Tennis | 36 | 9 | 25,0 | 6 | 4 | 66,7 | 4 | 1 | 25,0 | 65 | 4 | 6,2 | 3 | 0 | 0,0 | 7 | 2 | 28,6 | 121 | 20 | 16,5 |
| Swem | 11 | 3 | 27,3 | 4 | 3 | 75,0 | 2 | 1 | 50,0 | 24 | 12 | 50,0 | 3 | 1 | 33,3 | 5 | 1 | 20,0 | 49 | 21 | 42,9 |
| Netbal | 61 | 8 | 13,1 | 3 | 0 | 0,0 | 5 | 2 | 40,0 | 64 | 5 | 7,8 | 4 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 139 | 15 | 10,8 |
| Korfbal | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | - | - | - | 46 | 3 | 6,5 | - | - | - | - | - | - | 49 | 3 | 6,1 |
| Hokkie | 2 | 2 | 100,0 | 2 | 1 | 50,0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 5 | 3 | 60,0 |
| Skyfskiet | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 3 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 |
| Sokker | 2 | 0 | 0,0 | - | - | - | - | - | - | 2 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 5 | 0 | 0,0 |
| Ringtennis | 17 | 8 | 47,1 | 3 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 18 | 2 | 11,1 | - | - | - | - | - | - | 40 | 10 | 25,0 |
| Dwergtennis | 35 | 6 | 17,1 | 2 | 0 | 0,0 | - | - | - | 6 | 1 | 16,7 | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 44 | 7 | 15,9 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

(22,1%) van 131 skole van Transvaal nie atletiekbane op die skoolterreine nie. Die landsbeeld toon dat 41,4 persent van die plattelandse primêre skole (113 van 273 skole) nie oor die nodige fasiliteite beskik nie.

(4) Tennis

Waar die 3 plattelandse primêre skole van Suidwes-Afrika wat tennis aanbied, oor die nodige tennisbane beskik, het 66,7 persent (4 van 6 skole) van die Natalse skole, 28,6 persent (2 van 7 skole) van die private skole, 25,0 persent (1 van 4 skole) van die Oranje-Vrystaatse skole, 25,0 persent (9 van 36 skole) van die Kaaplandse skole, nie die nodige fasiliteite op die skoolterrein om tennis aan te bied nie. Die landsbeeld dui daarop dat slegs 16,5 persent van die plattelandse primêre skole (20 van 121 skole) nie oor die fasiliteite vir tennis beskik nie.

(5) Swem

Hoewel die getalle plattelandse primêre skole wat swem aanbied, ten aansien van die onderskeie onderwysowerhede klein is, het van die skole wat die sportsoort aanbied nie 'n swembad nie. Van die 4 Natalse skole het 3 (75,0%) nie 'n swembad nie, terwyl 12 (50,0%) van die 24 Transvaalse skole, 1 (50,0%) van die 2 Oranje-Vrystaatse skole, 1 (33,3%) van die 3 skole van Suidwes-Afrika, 3 (27,3%) van die 11 Kaaplandse skole en 1 (20,0%) van die 5 private skole nie oor 'n swembad beskik nie. Die landsbeeld toon dat 21 (42,9%) van 49 plattelandse primêre skole nie 'n eie swembad op die skoolterrein het nie.

(6) Netbal

Slegs die 4 plattelandse primêre skole van Suidwes-Afrika, die 3 Natalse skole en die 2 private skole wat netbal aanbied, het die nodige netbalvelde. Van die plattelandse primêre skole van die Oranje-Vrystaat, Kaapland en Transvaal het onderskeidelik 40,0 persent (2 van 5 skole), 13,1 persent (8 van 61 skole) en 7,8 persent (5 van 64 skole) nie netbalvelde nie. Hierdie skole maak gebruik van die fasiliteite van ander skole of instansies om netbal as sportsoort aan te bied. Van die 139 plattelandse primêre skole in die land wat netbal aanbied, het 15 of 10,8 persent nie eie netbalvelde nie.

(7) Korfbal

Slegs enkele plattelandse primêre skole van Kaapland (1),

Natal (2) en Transvaal (46) beoefen korfbal as sport. Drie van die 46 (6,5%) van die Transvaalse skole het nie fasiliteite vir korfbal op die skoolterrein nie. Die landsbeeld toon dat slegs 6,1 persent of 3 van die 49 plattelandse primêre skole nie oor eie korfbalbane beskik nie.

(8) Hokkie

Slegs enkele plattelandse primêre skole van Kaapland (2), Natal (2), en die private skole (1) bied hokkie as sportsoort aan. Die 2 skole van Kaapland en 1 van die 2 skole van Natal beskik nie oor eie hokkievelde nie, terwyl die 1 private skool wel oor 'n hokkieveld beskik. Die landsbeeld toon dat 3 van die 5 (60,0%) plattelandse primêre skole hokkie sonder eie fasiliteite aanbied.

(9) Skyfskiet

Die een plattelandse primêre skool van sowel Kaapland as Transvaal, en die 3 private skole wat skyfskiet aanbied, beskik oor skietbane. Dus beskik al die skole wat skyfskiet in die land aanbied, oor skietbane.

(10) Sokker

Van die plattelandse primêre skole in Kaapland, Transvaal en Suidwes-Afrika bied onderskeidelik 2, 2 en 1 sokker as sportsoort aan en hierdie skole beskik oor eie sokkervelde.

(11) Ringtennis

Die drie plattelandse primêre skole van Natal en die twee van die Oranje-Vrystaat wat ringtennis aanbied, beskik oor eie bane, terwyl 8 (47,1%) van 17 Kaaplandse skole en 2 (11,1%) van die 18 Transvaalse skole wat ringtennis aanbied, nie oor eie bane beskik nie. Die landsbeeld toon dat 10 (25,0%) van die 40 plattelandse primêre skole nie oor die fasiliteite vir ringtennis beskik nie.

(12) Dwergtennis

Wat betref die fasiliteite vir dwergtennis aan plattelandse primêre skole, het 6 (17,1%) van 35 skole van Kaapland en 1 (16,7%) van die 6 skole van Transvaal nie dwergtennisbane nie. Die 2 skole van Natal en die enkele skool van Suidwes-Afrika wat dwergtennis aanbied, beskik egter oor dwergtennisbane. As al die skole in ag geneem word, blyk dat daar 'n gebrek aan

fasiliteite vir dwergtennis by 15,9 persent (7 van 44 skole) van die plattelandse primêre skole wat dwergtennis beoefen, bestaan.

### 3.9.2 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan plattelandse sekondêre skole

Die afleidings wat van tabel 3.44 ten opsigte van die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan plattelandse sekondêre skole bestaan, is soos volg:

(1) Rugby

Die getalle plattelandse sekondêre skole wat rugby beoefen, blyk vir Kaapland (6), Natal (1), Oranje-Vrystaat (5), Transvaal (8) en die private skole (5) gering te wees. Van hierdie skole beskik slegs al die skole van Natal, die Oranje-Vrystaat en die private skole oor eie fasiliteite. Van die 6 Kaaplandse skole beskik 1 en van die 8 Transvaalse skole beskik 1 nie oor 'n eie rugbyveld nie. Van die 25 plattelandse sekondêre skole in die land, beskik 2 van die 25 of 8,0 persent nie oor eie fasiliteite nie.

(2) Krieket

Slegs 2 hoofde (50,0%) van die 4 plattelandse sekondêre skole in Transvaal het aangedui dat die betrokke skole nie oor 'n krieketveld beskik nie. Die posisie ten opsigte van die private skole en die skole van Kaapland, Natal en die Oranje-Vrystaat blyk gunstig te wees, aangesien die skole wat krieket aanbied, oor krieketvelde beskik. Met betrekking tot die landsbeeld blyk dat 2 (10,0%) van die 20 skole nie oor krieketfasiliteite beskik nie.

(3) Atletiek

Die posisie met betrekking tot atletiekfasiliteite by sowel die private skole (6) as skole van Natal (1) en die Oranje-Vrystaat (5) blyk gunstig te wees aangesien hierdie plattelandse sekondêre skole oor atletiekvelde beskik. Daarteenoor het 2 (33,3%) van die 6 skole van Kaapland en 1 (12,5%) van die 8 skole van Transvaal wat atletiek aanbied, nie die nodige fasiliteite nie. Die landsbeeld dui daarop dat 15,8 persent of 3 van die 19 plattelandse sekondêre skole wat atletiek aanbied, nie oor die vereiste fasiliteite beskik nie.

(4) Tennis

Dit blyk dat een (16,7%) van die 6 plattelandse sekondêre

TABEL 3.44

SEKONDÊRE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Kaapland | | | Natal | | | Oranje-Vrystaat | | | Transvaal | | | Private skole | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 6 | 1 | 16,7 | 1 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 | 8 | 1 | 12,5 | 5 | 0 | 0,0 | 25 | 2 | 8,0 |
| Krieket | 4 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 4 | 0 | 0,0 | 4 | 2 | 50,0 | 7 | 0 | 0,0 | 20 | 2 | 10,0 |
| Atletiek | 6 | 2 | 33,3 | 1 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 | 8 | 1 | 12,5 | 6 | 0 | 0,0 | 19 | 3 | 15,8 |
| Tennis | 6 | 1 | 16,7 | 1 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 | 7 | 0 | 0,0 | 7 | 1 | 14,3 | 26 | 2 | 7,7 |
| Swem | 4 | 1 | 25,0 | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 1 | 50,0 | 7 | 1 | 14,3 | 7 | 2 | 28,6 | 21 | 5 | 23,8 |
| Netbal | 1 | 1 | 100,0 | - | - | - | 3 | 0 | 0,0 | 6 | 0 | 0,0 | - | - | - | 10 | 1 | 10,0 |
| Korfbal | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 |
| Hokkie | - | - | - | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 3 | 0 | 0,0 | 6 | 0 | 0,0 |
| Skyfskiet | 4 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | 9 | 0 | 0,0 |
| Sokker | 1 | 1 | 100,0 | - | - | - | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 2 | 1 | 50,0 |
| Ringtennis | 1 | 1 | 100,0 | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 3 | 1 | 33,3 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

skole van Kaapland en een (14,3%) van die 7 private skole wat tennis aanbied, nie oor 'n tennisbaan beskik nie. Daarenteen beskik die plattelandse sekondêre skole van Natal (1), Oranje-Vrystaat (5) en Transvaal (7) wat tennis aanbied, oor die nodige tennisbane op die skoolterrein. Die landsbeeld toon dat 2 (7,7%) van die 26 plattelandse sekondêre skole nie oor die nodige fasiliteite beskik nie.

(5) Swem

Hoewel die een plattelandse sekondêre skool van Natal wat swem aanbied, oor 'n eie swembad beskik, het 1 van die 4 skole van Kaapland, 1 van die 2 skole van die Oranje-Vrystaat, 1 van die 7 skole in Transvaal en 2 van die 7 private skole nie 'n swembad op die skoolterrein nie. Kragtens die landsbeeld het 23,8 persent of 5 van die 21 plattelandse sekondêre skole nie die nodige fasiliteite op die skoolterrein om swem aan te bied nie.

(6) Netbal

Die plattelandse sekondêre skole van sowel die Oranje-Vrystaat (3) as van Transvaal (6) wat netbal aanbied, het netbalvelde, terwyl die 1 skool van Kaapland netbal sonder die nodige fasiliteite aanbied. Die landsbeeld toon dat slegs 1 van die 10 plattelandse sekondêre skole nie oor fasiliteite vir netbal beskik nie.

(7) Korfbal

Slegs een plattelandse sekondêre skool van Transvaal bied korfbal aan en beskik oor die nodige fasiliteite.

(8) Hokkie

Slegs enkele plattelandse sekondêre skole van die Oranje-Vrystaat (1), Transvaal (2) en van die private skole (3) bied hokkie aan en beskik ook oor die nodige fasiliteite.

(9) Skyfskiet

Slegs enkele plattelandse sekondêre skole van Kaapland (4), Natal (1), Oranje-Vrystaat (1) en Transvaal (2) en van die private skole (1) bied skyfskiet aan en beskik oor die nodige fasiliteite.

(10) Sokker

Die een plattelandse sekondêre skool van Kaapland wat sokker aanbied, beskik nie oor 'n eie sokkerveld nie, terwyl die een Transvaalse skool wat sokker aanbied, wel oor 'n sokkerveld beskik.

(11) Ringtennis

Die een plattelandse sekondêre skool van sowel die Oranje-Vrystaat as Transvaal wat ringtennis aanbied, beskik oor die nodige fasiliteite, terwyl die een Kaaplandse skool ringtennis sonder eie fasiliteite aanbied.

3.9.3 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan plattelandse nywerheid-, verbetering- en spesiale skole

Die afleidings wat van tabel 3.45 ten opsigte van die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan plattelandse nywerheid-, verbetering- en spesiale skole gemaak word, is dat behalwe vir die een enkele skool van Transvaal wat swem sonder 'n eie swembad aanbied, daar by die skole wat van die ander sportsoorte beoefen, geen tekort aan fasiliteite bestaan nie.

## 3.10 DIE TOEREIKENDHEID AL DAN NIE VAN SKOLE SE SPORTFASILITEITE GEËVALUEER AAN DIE HAND VAN DIE GETAL INGESKREWE LEERLINGE AS GESTELDE KRITERIUM

3.10.1 Die toereikendheid van rugbyvelde

(a) Kaaplandse Onderwysdepartement

Uit tabel 3.46 blyk dat uit 'n totaal van 457 skole daar 159 of 34,8 persent is wat oor geen rugbyfasiliteite beskik nie. Van die 215 skole wat oor een rugbyveld beskik, kwalifiseer 76 of 35,4 persent vir addisionele fasiliteite. Vervolgens is op te merk dat uit 'n totaal van 53 skole wat oor 2 rugbyvelde beskik, daar 12 of 22,7 persent is wat in werklikheid op meer fasiliteite kan aanspraak maak. Uit 'n totaal van 18 skole wat oor 3 rugbyvelde beskik, kwalifiseer 5 of 27,8 persent vir addisionele fasiliteite. Vevolgens is op te merk dat uit 'n totaal van 53 skole wat oor 2 rugbyvelde beskik, daar 12 of 22,7 persent is wat in werklikheid op meer fasiliteite kan aanspraak maak. Uit 'n totaal van 18 skole wat oor 3 rugbyvelde beskik, kwalifiseer 5 of 27,8 persent vir beter voorsiening. Waar 6 skole oor 4 rugbyvelde elk beskik, is daar slegs een of 16,7 persent wat vir addisionele fasiliteite kwalifiseer.

TABEL 3.45

NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE GELEË OP DIE PLATTELAND WAT TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE SPORTSOORTE OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE

| Sportsoorte | Transvaal | | | Nasionale Opvoeding | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_1$ | $N_2$ | % | $N_3$ | $N_4$ | % |
| Rugby | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 3 | 0 | 0,0 |
| Krieket | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 3 | 0 | 0,0 |
| Atletiek | 1 | 0 | 0,0 | 2 | 0 | 0,0 | 3 | 0 | 0,0 |
| Tennis | 1 | 0 | 0,0 | 4 | 0 | 0,0 | 5 | 0 | 0,0 |
| Swem | 1 | 1 | 100,0 | 4 | 0 | 0,0 | 5 | 1 | 20,0 |
| Netbal | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 |
| Korfbal | 1 | 0 | 0,0 | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 |
| Skyfskiet | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 |
| Sokker | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 |
| Ringtennis | - | - | - | 1 | 0 | 0,0 | 1 | 0 | 0,0 |

$N_1$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_2$ = Totale getal skole van 'n onderwysowerheid wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

$N_3$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort aanbied.

$N_4$ = Totale getal skole in die land wat 'n spesifieke sportsoort sonder fasiliteite aanbied.

TABEL 3.46

DIE GETAL RUGBYVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER BEHEER VAN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT VAN KAAPLAND STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEMERS

| Getal seuns in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | Onbe-antwoord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 122 | 76,7 | 136 | 63,3 | 21 | 39,6 | 2 | 11,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 | 283 | 61,9 |
| 151 - 300 | 29 | 18,2 | 61 | 28,4 | 19 | 35,8 | 7 | 38,9 | 2 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 118 | 25,8 |
| 301- 450 | 2 | 1,3 | 13 | 6,0 | 10 | 18,9 | 3 | 16,7 | 2 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 30 | 6,6 |
| 451 - 600 | 2 | 1,3 | 1 | 0,5 | 2 | 3,8 | 2 | 11,1 | 1 | 16,7 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 9 | 2,0 |
| 601 - 750 | 0 | 0,0 | 1 | 0,5 | 0 | 0,0 | 3 | 16,7 | 1 | 16,7 | 2 | 66,7 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 8 | 1,7 |
| 751 - 900 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 901 - 1 050 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aangedui | 4 | 2,5 | 3 | 1,4 | 1 | 1,9 | 1 | 5,6 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 9 | 2,0 |
| TOTAAL | 159 | 100,0 | 215 | 100,0 | 53 | 100,0 | 18 | 100,0 | 6 | 100,0 | 3 | 100,0 | 1 | 100,0 | 2 | 100,0 | 457 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 159 | 34,8 | 215 | 47,0 | 53 | 11,6 | 18 | 3,9 | 6 | 1,3 | 3 | 0,8 | 1 | 0,2 | 2 | 0,4 | 457 | 100,0 |

Oorsigtelik beskou, is daar van die 298 skole wat oor een of meer velde beskik 'n minderheid, te wete 94 of 31,6 persent wat volgens die leerlingtal op addisionele fasiliteite kan aanspraak maak. Tesame met dié wat oor geen fasiliteite beskik nie, is 253 of 55,3 persent van die 457 skole nie goed toegerus nie.

(b) <u>Natalse Onderwysdepartement</u>

Blykens tabel 3.47 beskik 25 of 28,7 persent van die 87 skole oor geen fasiliteite nie. Met inagneming van die een rugbyveld waaroor die betrokke 31 skole beskik, is daar 8 of 25,8 persent wat volgens die ingeskrewe leerlingtal op addisionele velde kan aanspraak maak. Daarteenoor kwalifiseer 13 of 68,4 persent van die 19 skole wat oor 2 rugbyvelde beskik vir 'n ruimer voorsiening. Dit blyk verder dat 3 of 37,5 persent van die 8 skole wat oor 3 velde beskik op meer velde kan aanspraak maak. Slegs een van die twee skole wat oor 4 rugbyvelde beskik, kwalifiseer vir addisionele velde, terwyl die een skool wat oor 5 velde beskik moontlik vir 'n addisionele veld kan kwalifiseer.

In die geheel gesien, het die minderheid, naamlik 26 of 41,9 persent, van die 62 skole wat wel oor fasiliteite beskik, rede tot aanspraak op uitbreiding van die aantal fasiliteite. Met inagneming van die 25 skole wat oor geen fasiliteite beskik nie, is daar 51 of 58,6 persent van die 87 skole wat onvoldoende toegerus is.

(c) <u>Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement</u>

Uit 'n totaal van 135 skole is daar volgens tabel 3.48, 31 (22,9%) wat oor geen fasiliteite beskik nie. Dit blyk dat uit 'n totaal van 78 skole wat oor een rugbyveld beskik, daar 30 of 38,5 persent is wat kragtens die leerlingtal op 'n ruimer voorsiening kan aanspraak maak. Verder kan 5 of 27,8 persent van die 18 skole wat oor 2 velde beskik ook, vanweë die leerlingtal, op uitbreiding van fasiliteite aanspraak maak. Ook het 2 of 50,0 persent van die 4 skole wat elk oor 3 rugbyvelde beskik rede tot soortgelyke aanspraak. Van die 2 skole wat oor 5 velde beskik, is daar een wat op grond van die leerlingtal moontlik op 'n addisionele veld kan aanspraak maak.

Soos in die geval van Kaapland en Natal is daar slegs 'n minderheid, te wete 36,5 persent of 38 skole, van die 104 skole in die Oranje-Vrystaat wat wel oor fasiliteite beskik maar wat oor die toereikendheid daarvan ontevrede kan voel. As dié 31 skole bygereken word wat oor geen fasiliteite beskik nie, is

121

TABEL 3.47

DIE GETAL RUGBYVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER BEHEER VAN DIE NATALSE ONDERWYSDEPARTEMENT STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEMERS

| Getal seuns in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 7 | | Onbe-antwoord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 19 | 76,0 | 22 | 71,0 | 2 | 10,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 43 | 49,4 |
| 151 - 300 | 4 | 16,0 | 6 | 19,4 | 4 | 21,1 | 3 | 37,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 17 | 19,5 |
| 301 - 450 | 2 | 8,0 | 1 | 3,2 | 7 | 36,8 | 2 | 25,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 12 | 13,8 |
| 451 - 600 | 0 | 0,0 | 1 | 3,2 | 5 | 26,3 | 1 | 12,5 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 8 | 9,2 |
| 601 - 750 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 1,2 |
| 751 - 900 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 5,3 | 1 | 12,5 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 4 | 4,6 |
| 901 - 1 050 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 12,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 1,2 |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aangedui | 0 | 0,0 | 1 | 3,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 1,2 |
| TOTAAL | 25 | 100,0 | 31 | 100,0 | 19 | 100,0 | 8 | 100,0 | 2 | 100,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 87 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 25 | 28,7 | 31 | 35,6 | 19 | 21,8 | 8 | 9,2 | 2 | 2,3 | 1 | 1,2 | 0 | 0,0 | 1 | 1,2 | 0 | 0,0 | 87 | 100,0 |

TABEL 3.48

DIE GETAL RUGBYVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER DIE BEHEER VAN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEMERS

| Getal seuns in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde | | | | | | | | | | | | | | Onbe-ant-woord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 26 | 83,9 | 47 | 60,3 | 7 | 38,9 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 80 | 59,3 |
| 151 - 300 | 5 | 16,1 | 25 | 32,1 | 6 | 33,3 | 1 | 25,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 38 | 28,2 |
| 301 - 450 | 0 | 0,0 | 4 | 5,1 | 5 | 27,8 | 1 | 25,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 11 | 8,2 |
| 451 - 600 | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 0 | 0,0 | 2 | 50,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 3,0 |
| 601 - 750 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 751 - 900 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 0,7 |
| 901 - 1 050 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aange-dui | 0 | 0,0 | 1 | 1,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 0,7 |
| TOTAAL | 31 | 100,0 | 78 | 100,0 | 18 | 100,0 | 4 | 100,0 | 2 | 100,0 | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 135 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 31 | 22,9 | 78 | 57,8 | 18 | 13,3 | 4 | 3,0 | 2 | 1,5 | 2 | 1,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 135 | 100,0 |

daar 69 of 51,8 persent van die totale aantal skole wat 'n behoefte aan addisionele voorsiening van rugbyvelde het.

(d) Transvaalse Onderwysdepartement

Volgens tabel 3.49 blyk dat van die 521 skole daar 67 of 12,8 persent is wat oor geen fasiliteite beskik nie. Van die 307 skole wat oor een rugbyveld beskik, is daar 120 of 39,1 persent wat op 'n uitbreiding van fasiliteite kan aanspraak maak. 'n Soortgelyke aanspraak kan deur 37 of 43,6 persent van die 85 skole wat oor 2 velde beskik en deur 25 of 50,0 persent van die 50 skole wat oor 3 velde beskik, gemaak word.

Samevattend blyk dat 182 of 40,1 persent van die 454 skole wat wel oor fasiliteite beskik, nie oor voldoende rugbyvelde beskik nie. Tesame met die 67 skole wat oor geen fasiliteite beskik nie, het 249 of 47,4 persent van die skole nie 'n toereikende getal voetbalvelde nie.

(e) Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Tabel 3.50 toon dat 17 of 38,6 persent van die 44 skole oor geen rugbyvelde beskik nie. Aanspraak op 'n ruimer mate van fasiliteitvoorsiening kan deur 10 of 40,0 persent van die 25 skole wat oor een rugbyveld beskik, gemaak word. Die enkele skool wat oor 2 rugbyvelde beskik, voldoen aan die daargestelde kriterium.

In die geheel gesien, is daar van die 27 skole wat wel oor fasiliteite beskik, 10 (37,0% persent) wat geregverdigde aanspraak op uitbreiding kan maak. Indien die 17 skole wat oor geen fasiliteite beskik, in ag geneem word, het 27 of 61,4 persent van die skole op grond van die leerlingtal rede om op addisionele fasiliteite aanspraak te maak.

(f) Die Departement van Nasionale Opvoeding

Kragtens tabel 3.51 blyk dat daar nie 'n enkele skool is wat nie oor fasiliteite beskik nie. Slegs een of 20,0 persent van die vyf skole wat oor een rugbyveld beskik, kwalifiseer vir ten minste een addisionele veld. Origens blyk dat die meerderheid van die skole ten opsigte van rugbyvelde toereikend voorsien is.

Dit is ook volgens die totaalbeeld duidelik dat uit 'n totaal van 10 skole dit slegs die reeds genoemde skool is wat rede het om op grond van die ingeskrewe leerlingtal op 'n addisionele rugbyveld aanspraak te kan maak.

TABEL 3.49

DIE GETAL RUGBYVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER BEHEER VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEMERS

| Getal seuns in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde | | | | | | | | | | | | | | Onbe-antwoord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 45 | 67,2 | 184 | 59,9 | 14 | 16,5 | 3 | 6,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 247 | 47,4 |
| 151 - 300 | 15 | 22,4 | 106 | 34,5 | 33 | 38,8 | 9 | 18,0 | 2 | 28,6 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 165 | 31,7 |
| 301 - 450 | 3 | 4,5 | 8 | 2,6 | 19 | 22,3 | 13 | 26,0 | 2 | 28,6 | 1 | 25,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 46 | 8,8 |
| 451 - 600 | 1 | 1,5 | 6 | 2,0 | 10 | 11,8 | 14 | 28,0 | 3 | 42,9 | 3 | 75,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 37 | 7,1 |
| 601 - 750 | 2 | 3,0 | 0 | 0,0 | 6 | 7,1 | 7 | 14,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 15 | 2,9 |
| 751 - 900 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 4,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 0,4 |
| 901 - 1 050 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 2,4 | 1 | 2,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 0,6 |
| 1 050 en meer | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 0,2 |
| Leerlingtal nie aangedui | 1 | 1,5 | 3 | 1,0 | 1 | 1,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 1,0 |
| TOTAAL | 67 | 100,0 | 307 | 100,0 | 85 | 100,0 | 50 | 100,0 | 7 | 100,0 | 4 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 521 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 67 | 12,8 | 307 | 58,9 | 85 | 16,3 | 50 | 9,6 | 7 | 1,4 | 4 | 0,8 | 0 | 0,0 | 1 | 0,2 | 521 | 100,0 |

TABEL 3.50

DIE GETAL RUGBYVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER DIE BEHEER VAN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT VAN SUIDWES-AFRIKA STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEMERS

| Getal seuns in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde: 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | Onbeantwoord | | Groottotaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 14 | 82,4 | 15 | 60,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 30 | 68,2 |
| 151 - 300 | 3 | 17,7 | 8 | 32,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 12 | 27,3 |
| 301 - 450 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 451 - 600 | 0 | 0,0 | 2 | 8,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 4,6 |
| 601 - 750 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 751 - 900 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 901 - 1 050 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aangedui | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| TOTAAL | 17 | 100,0 | 25 | 100,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 44 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 17 | 38,6 | 25 | 56,8 | 1 | 2,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,3 | 44 | 100,0 |

TABEL 3.51

DIE GETAL RUGBYVELDE WAAROOR SKOLE ONDER BEHEER VAN DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING BESKIK IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEMERS

| Getal seuns in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | Onbe-ant-woord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 0 | 0,0 | 4 | 80,0 | 1 | 33,3 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 60,0 |
| 151 - 300 | 0 | 0,0 | 1 | 20,0 | 2 | 66,7 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 40,0 |
| 301 - 450 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 451 - 600 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 601 - 750 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 751 - 900 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 901 - 1 050 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aangedui | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| TOTAAL | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 | 3 | 100,0 | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 10 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 0 | 0,0 | 5 | 50,0 | 3 | 30,0 | 2 | 20,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 10 | 100,0 |

(g) Private skole

Blykens tabel 3.52 is daar slegs een of 6,3 persent van die 16 private skole wat oor geen fasiliteite beskik nie. Verder kwalifiseer 3 of 37,5 persent van die 8 skole wat oor een rugbyveld beskik, vir 'n meer toereikende voorsiening. In die geheel gesien, is daar 4 of 25,0 persent van die 16 skole waar daar 'n leemte met betrekking tot die voorsiening van voetbalvelde bestaan.

3.10.2 Die toereikendheid van hokkievelde

(a) Kaaplandse Onderwysdepartement

'n Algehele gebrek aan die nodige hokkievelde bestaan volgens tabel 3.53 by 33 of 26,8 persent van die 123 skole waar hokkie aangebied word. Verder kan 34 of 52,3 persent van die 65 skole wat oor een veld beskik, op uitbreiding van hokkiefasiliteite aanspraak maak. 'n Soortgelyke aanspraak kan deur 8 of 47,1 persent van die 17 skole wat oor 2 hokkievelde beskik, gemaak word.

Die geheelbeeld toon dat daar 42 of 46,7 persent van die 90 skole is wat wel oor hokkiefasiliteite beskik, maar wat oor onvoldoende hokkievelde beskik. Indien laasgenoemde skole by die 33 gevoeg word wat oor geen fasiliteite beskik nie, voldoen 75 of 60,9 persent van die skole se getal hokkievelde volgens die ingeskrewe leerlingtal nie aan die daargestelde kriterium nie.

(b) Natalse Onderwysdepartement

Soos uit tabel 3.54 blyk, beskik 21 of 19,6 persent van die 107 skole oor geen hokkievelde nie. Daarby kan 20 of 33,4 persent van die 60 skole wat oor een veld beskik, aanspraak op 'n uitbreiding van hokkiefasiliteite maak. So is daar ook 12 of 52,2 persent van die 23 skole wat oor 2 velde beskik, en 2 of 66,7 persent van die 3 skole wat oor 3 velde beskik wat op 'n soortgelyke aanspraak geregverdig is.

Van die totale aantal skole (86) wat oor een of meer velde beskik, is daar 39,5 persent of 34 wat op grond van die ingeskrewe leerlingtal, geregverdigde aansprake ten opsigte van die verbetering van die toestand kan aanvoer. Hierdie persentasie word opgestoot tot 51,4 persent indien die 21 skole wat oor geen hokkiefasiliteite beskik nie, bygereken word.

TABEL 3.52

DIE GETAL RUGBYVELDE WAAROOR PRIVATE SKOLE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA BESKIK IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEMERS

| Getal seuns in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 8 | | Onbe-ànt-woord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | %. | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 0 | 0,0 | 5 | 62,5 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 37,5 |
| 151 - 300 | 1 | 100,0 | 3 | 37,5 | 1 | 50,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 37,5 |
| 301 - 450 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 18,8 |
| 451 - 600 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 6,3 |
| 601 - 750 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 751 - 900 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 901 - 1 050 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aange-dui | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| TOTAAL | 1 | 100,0 | 8 | 100,0 | 2 | 100,0 | 1 | 100,0 | 2 | 100,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 16 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 1 | 6,3 | 8 | 50,0 | 2 | 12,5 | 1 | 6,3 | 2 | 12,5 | 1 | 6,3 | 0 | 0,0 | 1 | 6,3 | 0 | 0,0 | 16 | 100,0 |

TABEL 3.53

DIE GETAL HOKKIEVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER BEHEER VAN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT VAN KAAPLAND STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEEMSTERS

| Getal dogters in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | Onbe-antwoord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 9 | 27,3 | 24 | 36,9 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 33,3 | 35 | 28,5 |
| 151 - 300 | 10 | 30,3 | 20 | 30,8 | 4 | 23,5 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 66,7 | 39 | 31,7 |
| 301 - 450 | 7 | 21,2 | 11 | 16,9 | 5 | 29,4 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 24 | 19,5 |
| 451 - 600 | 1 | 3,0 | 3 | 4,6 | 3 | 17,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 7 | 5,7 |
| 601 - 750 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 751 - 900 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 901 - 1 050 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aange-dui | 6 | 18,2 | 7 | 10,8 | 5 | 29,4 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 18 | 14,6 |
| TOTAAL | 33 | 100,0 | 65 | 100,0 | 17 | 100,0 | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 100,0 | 123 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 33 | 26,8 | 65 | 52,8 | 17 | 13,9 | 2 | 1,6 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 4,9 | 123 | 100,0 |

TABEL 3.54

DIE GETAL HOKKIEVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER DIE BEHEER VAN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT VAN NATAL STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEEMSTERS

| Getal dogters in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | Onbe-ant-woord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 7 | 33,3 | 34 | 56,7 | 4 | 17,4 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 45 | 42,1 |
| 151 - 300 | 7 | 33,3 | 16 | 26,7 | 7 | 30,4 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 30 | 28,0 |
| 301 - 450 | 3 | 14,3 | 3 | 5,0 | 7 | 30,4 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 14 | 13,1 |
| 451 - 600 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 17,4 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 3,7 |
| 601 - 750 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 751 - 900 | 0 | 0,0 | 1 | 1,7 | 1 | 4,4 | 2 | 66,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 3,7 |
| 901 - 1 050 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aangedui | 4 | 19,1 | 6 | 10,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 10 | 9,4 |
| TOTAAL | 21 | 100,0 | 60 | 100,0 | 23 | 100,0 | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 107 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 21 | 19,6 | 60 | 56,1 | 23 | 21,5 | 3 | 2,8 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 107 | 100,0 |

(c) Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Van die 28 skole beskik 8 of 28,6 persent oor geen hokkievelde nie. Verder blyk uit tabel 3.55 dat 13 of 81,3 persent van dié skole met een of meer hokkievelde, 'n ontoereikende voorsiening van fasiliteite het. Blykens die totaalbeeld is daar 21 of 75,0 persent van die 28 skole waar daar op grond van die ingeskrewe leerlingtal 'n leemte met betrekking tot die voorsiening van hokkiefasiliteite bestaan.

(d) Transvaalse Onderwysdepartement

In Transvaal het 20 of 15,9 persent van die 126 skole waar hokkie aangebied word, aangedui dat hulle oor geen fasiliteite beskik nie. Dit blyk verder uit tabel 3.56 dat van die 54 skole wat oor een veld beskik, 44 of 81,6 persent op grond van die leerlingtal rede het om op 'n uitbreiding van hokkiefasiliteite aanspraak te kan maak. Soortgelyke aansprake kan deur 29 of 70,8 persent van die 41 skole wat oor 2 velde beskik, en deur 2 of 28,6 persent van dié met 3 velde gemaak word.

Kragtens die landsbeeld is 70,7 persent of 75 van die skole volgens die daargestelde kriterium, geregverdig om op 'n ruimer voorsiening van hokkiefasiliteite aanspraak te maak. Indien die 19 skole wat oor geen fasiliteite beskik nie, ook in aanmerking geneem word, is daar by 75,4 persent of 95 van die 126 skole 'n behoefte aan hokkiefasiliteite.

(e) Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Volgens tabel 3.57 beskik 3 of 33,3 persent van die 9 skole oor geen hokkiefasiliteite nie. Verder is 4 of 80,0 persent van die 5 skole wat oor een veld beskik, ontoereikend voorsien. Indien die getal skole bygereken word wat oor geen fasiliteite beskik nie, bestaan daar 'n behoefte aan toereikende hokkiefasiliteite by 7 of 77,8 persent van die 9 skole in Suidwes-Afrika.

(f) Die Departement van Nasionale Opvoeding

Uit tabel 3.58 is af te lei dat 2 of 22,2 persent van die 9 skole oor geen fasiliteite beskik nie, terwyl 2 of 28,6 persent van die 7 skole wat oor een hokkieveld beskik, volgens die daargestelde kriterium ontoereikend voorsien is. In die geheel gesien, het 4 of 44,4 persent van die 9 skole van die Departement van Nasionale Opvoeding rede om aanspraak op 'n verbetering van die voorsiening van hokkiefasiliteite te maak.

TABEL 3.55

DIE GETAL HOKKIEVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER BEHEER VAN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEEMSTERS

| Getal dogters in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde | | | | | | | | | | | | | | Onbe-ant-woord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 2 | 25,0 | 3 | 18,7 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 21,4 |
| 151 - 300 | 3 | 37,5 | 8 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 12 | 42,9 |
| 301 - 450 | 2 | 25,0 | 2 | 12,6 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 17,9 |
| 451 - 600 | 1 | 12,5 | 3 | 18,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 14,3 |
| 601 - 750 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 751 - 900 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 901 - 1 050 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 050 en meer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leerlingtal nie aange-dui | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 3,6 |
| TOTAAL | 8 | 100,0 | 16 | 100,0 | 3 | 100,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 28 | 100,0 |
| Totaal van vertikale kolomme as persentasie van groottotaal | 8 | 28,6 | 16 | 57,1 | 3 | 10,7 | 1 | 3,6 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 28 | 100,0 |

TABEL 3.56

DIE GETAL HOKKIEVELDE WAAROOR SKOLE BESKIK WAT ONDER BEHEER VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT STAAN IN VERHOUDING TOT DIE MOONTLIKE GETAL DEELNEEMSTERS

| Getal dogters in st. 2 tot en met st. 10 | Getal velde 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | Onbe-antwoord | | Groot-totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 150 | 3 | 15,0 | 6 | 11,0 | 2 | 4,9 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 11 | 8,7 |
| 151 - 300 | 7 | 35,0 | 9 | 16,7 | 7 | 17,1 | 1 | 14,3 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 26 | 20,6 |
| 301 - 450 | 2 | 10,0 | 13 | 24,1 | 12 | 29,3 | 3 | 42,9 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 31 | 24,6 |
| 451 - 600 | 4 | 20,0 | 12 | 22,2 | 12 | 29,3 | 1 | 14,3 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 30 | 23,8 |
| 601 - 750 | 3 | 15,0 | 9 | 16,7 | 3 | 7,3 | 1 | 14,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 16 | 12,7 |
| 751 - 900 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 901 - 1 050 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 4,9 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 1,6 |
| 1 050 en meer | 0 | 0,0 | 1 | 1,9 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 0,8 |
| Leerlingtal nie aangedui | 1 | 5,0 | 4 | 7,4 | 3 | 7,3 | 1 | 14,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 9 | 7,1 |
Behalwe in Natal en die Oranje-Vrystaat waar die skoolhoofde nie die vraag beantwoord het nie, is die meerderheid hoofde van Suidwes-Afrika (2/100,0%) en van die Departement van Nasionale Opvoeding (2/66,7%) ten gunste van twee skole per een gemeenskaplike sportterrein. Van Kaapland het 60,0 persent (3 skole) en van die Departement van Nasionale Opvoeding het 33,3 persent (1 skool) 'n mening ten gunste van drie skole per een gemeenskaplike sportterrein uitgespreek. Die afleiding wat gemaak word, is dat twee van hierdie kategorie skole een gemeenskaplike sportterrein kan gebruik (kyk tabel 4.15).

## 4.7 DIE PERSONE EN/OF INSTANSIES WAT DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE INSTANDHOUDING VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN MOET DRA

4.7.1 Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike primêre skole insake die instandhouding van die gemeenskaplike sportterrein

Volgens tabel 4.16 het die grootste enkele groep hoofde van stedelike primêre skole van Kaapland (53,6%), Natal (83,7%) en die Oranje-Vrystaat (41,7%) aangedui dat die betrokke onderwysowerheid al die verantwoordelikheid vir die instandhouding van 'n gemeenskaplike sportterrein moet dra. Daarteenoor verkies die grootste enkele groep hoofde van Transvaal (40,4%), Suidwes-Afrika (66,7%) en dié van die private skole (62,1%) dat die

TABEL 4.14

DIE MAKSIMUM GETAL SKOLE WAT MET SUKSES VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN GEBRUIK SAL KAN MAAK SOOS DEUR HOOFDE (EN PERSONEEL) VAN STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE AANGEDUI

| Onderwys-owerhede | Moontlike getal skole | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Twee | | Drie | | Vier | | Vyf | | Ses | | Sewe tot tien | | Onbeant-woord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 24 | 42,9 | 16 | 28,6 | 5 | 8,9 | 2 | 3,6 | 1 | 1,8 | 0 | 0,0 | 8 | 14,2 | 56 | 100,0 |
| Natal | 5 | 18,5 | 7 | 25,9 | 3 | 11,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 7,4 | 10 | 37,1 | 27 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 7 | 50,0 | 4 | 28,6 | 1 | 7,1 | 1 | 7,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 7,2 | 14 | 100,0 |
| Transvaal | 25 | 38,5 | 14 | 21,5 | 4 | 6,2 | 1 | 1,5 | 1 | 1,5 | 1 | 1,5 | 19 | 29,2 | 65 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Private skole | 15 | 25,9 | 17 | 29,3 | 4 | 6,9 | 1 | 1,7 | 0 | 0,0 | 1 | 1,7 | 20 | 34,5 | 58 | 100,0 |
| TOTAAL | 79 | 35,4 | 58 | 26,0 | 17 | 7,6 | 5 | 2,2 | 2 | 0,9 | 4 | 1,8 | 58 | 26,0 | 223 | 100,0 |

TABEL 4.15

DIE MAKSIMUM GETAL SKOLE WAT MET SUKSES VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN GEBRUIK SAL KAN MAAK SOOS DEUR HOOFDE (EN PERSONEEL) VAN STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE AANGEDUI

| Onderwys-owerhede | Moontlike getal skole | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Twee | | Drie | | Vier | | Vyf | | Ses | | Sewe tot tien | | Onbeant-woord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 2 | 40,0 | 3 | 60,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| Natal | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 | 2 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 2 | 100,0 |
| Transvaal | 3 | 37,5 | 0 | 0,0 | 3 | 37,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 25,0 | 8 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Nas. Opvoeding | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| TOTAAL | 9 | 40,9 | 4 | 18,2 | 4 | 18,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 22,7 | 22 | 100,0 |

TABEL 4.16

DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE INSTANDHOUDING VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN SOOS DEUR HOOFDE (EN PERSONEEL) VAN STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE AANGEDUI

| Onderwys-owerhede | Alternatiewe | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Slegs die betrokke skole | | Die onderwysowerheid moet alle verantwoordelikheid dra | | Die betrokke skole en die onderwysowerheid gesamentlik | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 3 | 32,4 | 66 | 53,6 | 39 | 31,7 | 15 | 12,2 | 123 | 100,0 |
| Natal | 1 | 2,3 | 36 | 83,7 | 3 | 7,0 | 3 | 7,0 | 43 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 2 | 8,3 | 10 | 41,7 | 6 | 25,0 | 6 | 25,0 | 24 | 100,0 |
| Transvaal | 10 | 6,2 | 64 | 39,8 | 65 | 40,4 | 22 | 13,6 | 161 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 3 | 100,0 |
| Private skole | 2 | 6,9 | 5 | 17,2 | 18 | 62,1 | 4 | 13,8 | 29 | 100,0 |
| TOTAAL | 18 | 4,7 | 181 | 47,3 | 133 | 34,7 | 51 | 13,3 | 383 | 100,0 |

betrokke skole en die onderwysowerheid gesamentlik die verantwoordelikheid moet dra.

4.7.2 <u>Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike sekondêre skole insake die verantwoordelikheid vir die instandhouding van 'n gemeenskaplike sportterrein</u>

Die grootste enkele groep hoofde van Kaapland (66,1%), Natal (63,0%) en Transvaal (43,1%) is ten gunste daarvan dat die betrokke onderwysowerheid alle verantwoordelikheid vir die instandhouding van 'n gemeenskaplike sportterrein moet dra. In teenstelling daarmee is die grootste enkele groep hoofde van die Oranje-Vrystaat (57,1%) en die private skole (48,3%) ten gunste van gesamentlike verantwoordelikheid deur die onderwysowerheid en die betrokke skole. Die hoofde van stedelike sekondêre skole van Suidwes-Afrika is egter verdeeld ten aansien van die 3 alternatiewe wat gestel is (kyk tabel 4.17).

4.7.3 <u>Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole insake die verantwoordelikheid vir die instandhouding van 'n gemeenskaplike sportterrein</u>

Tabel 4.18 toon dat die grootste groep hoofde van hierdie skole van Kaapland (80,0%), Natal (50,0%) en Transvaal (50,0%) voorstanders daarvan is dat die betrokke onderwysowerheid die verantwoordelikheid vir die instandhouding van 'n gemeenskaplike sportterrein moet dra. Die persentasies hoofde wat die verantwoordelikheid vir die instandhouding van die gemeenskaplike sportterrein aan die betrokke onderwysowerheid en die hoofde van die betrokke skole opdra, is vir Kaapland (20,0%), Oranje-Vrystaat (50,0%), Transvaal (37,5%) en Suidwes-Afrika (50,0%) relatief groot, terwyl hulle die grootste enkele groep van die skole van die Departement van Nasionale Opvoeding uitmaak.

## 4.8 DIE PROGRAM WAARVOLGENS 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN GEBRUIK SAL WORD

4.8.1 <u>Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike primêre skool insake die program waarvolgens 'n gemeenskaplike sportterrein gebruik kan word</u>

Die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole in Kaapland (80,5%), Natal (88,4%), Oranje-Vrystaat (62,5%), Transvaal (74,5%), Suidwes-Afrika (66,7%) en van die private skole (75,9%) is dit eens dat die gebruik van 'n gemeenskaplike

TABEL 4.17

DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE INSTANDHOUDING VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN SOOS DEUR HOOFDE (EN HUL PERSONEEL) VAN STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE AANGEDUI

| Onderwys-owerhede | Alternatiewe | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Slegs die betrokke skole | | Die onderwysowerheid moet alle verantwoordelikheid dra | | Die betrokke skole en die onderwysowerheid gesamentlik | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 2 | 3,5 | 37 | 66,1 | 15 | 26,8 | 2 | 3,6 | 56 | 100,0 |
| Natal | 0 | 0,0 | 17 | 63,0 | 9 | 33,3 | 1 | 3,7 | 27 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 0 | 0,0 | 5 | 35,7 | 8 | 57,1 | 1 | 7,2 | 14 | 100,0 |
| Transvaal | 1 | 1,5 | 28 | 43,1 | 26 | 40,0 | 10 | 15,4 | 65 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 1 | 33,3 | 1 | 33,3 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Private skole | 5 | 8,6 | 14 | 24,1 | 28 | 48,3 | 11 | 19,0 | 58 | 100,0 |
| TOTAAL | 9 | 4,0 | 102 | 45,7 | 87 | 39,0 | 25 | 11,2 | 223 | 100,0 |

TABEL 4.18

DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE INSTANDHOUDING VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN SOOS DEUR HOOFDE (EN HUL PERSONEEL) VAN STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE AANGEDUI

| Onderwys-owerhede | Alternatiewe | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Slegs die betrokke skole | | Die onderwysowerheid moet alle verantwoordelikheid dra | | Die betrokke skole en die onderwysowerheid gesamentlik | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 0 | 0,0 | 4 | 80,0 | 1 | 20,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| Natal | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 2 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Transvaal | 0 | 0,0 | 4 | 50,0 | 3 | 37,5 | 1 | 12,5 | 8 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Nasionale Opvoeding | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 2 | 66,7 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| TOTAAL | 2 | 8,7 | 10 | 43,5 | 8 | 39,1 | 2 | 8,7 | 22 | 100,0 |

sportterrein volgens 'n beplande rooster moet geskied. Ook met betrekking tot die landsbeeld blyk dat die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole (77,3%) voorstanders van 'n beplande rooster vir die gebruik van 'n gemeenskaplike sportterrein is (kyk tabel 4.19).

### 4.8.2 Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike sekondêre skole insake die program waarvolgens 'n gemeenskaplike sportterrein gebruik kan word

Soos in die geval van die hoofde van stedelike primêre skole, is die hoofde van stedelike sekondêre skole oorweldigend ten gunste van die gebruik van 'n gemeenskaplike sportterrein volgens 'n beplande rooster. Die persentasies vir die onderskeie onderwysowerhede wissel van 73,9 vir Transvaal tot 100,0 vir Suidwes-Afrika. Die landsbeeld toon dat 81,2 persent hoofde van stedelike sekondêre skole ten gunste daarvan is dat die gebruik van 'n gemeenskaplike sportterrein volgens 'n beplande rooster moet geskied (kyk tabel 4.20).

### 4.8.3 Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole insake die program waarvolgens 'n gemeenskaplike sportterrein gebruik kan word

Volgens tabel 4.21 blyk dat die grootste persentasie van die hoofde van Kaapland (100,0%), Natal (50,0%), Transvaal (37,5%) en die Departement van Nasionale Opvoeding (66,7%) voorstanders van die gedagte is dat die gebruik van 'n gemeenskaplike sportterrein volgens 'n beplande rooster moet geskied. Die twee hoofde van Suidwes-Afrika is verdeeld met betrekking tot hul siening van die aangeleentheid daar die een 'n program volgens 'n beplande rooster voorstel, terwyl die ander van mening is dat die onmiddellike behoeftes van die skool bepalend moet wees. Die enkele hoof van die Oranje-Vrystaat wat wel 'n opinie gelug het, is van mening dat daar streng volgens 'n rotasiebeleid sonder 'n definitiewe rooster te werk gegaan moet word. Die landsbeeld toon egter dat die grootste persentasie hoofde (54,5%) voorstanders van die gedagte van 'n beplande rooster is.

TABEL 4.19

DIE PROGRAM WAARVOLGENS 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN GEBRUIK SAL WORD, SOOS DEUR DIE HOOFDE (EN HUL PERSONEEL) VAN STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE AANGEDUI

| Onderwys-owerhede | Alternatiewe | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Volgens 'n beplande rooster | | Volgens skole se onmiddelike behoeftes sonder definitiewe rooster deur onderlinge skakeling | | Streng volgens 'n rotasiebeleid sonder 'n definitiewe rooster | | Willekeurig | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 99 | 80,5 | 2 | 1,6 | 6 | 4,9 | 0 | 0,0 | 16 | 13,0 | 123 | 100,0 |
| Natal | 38 | 88,4 | 1 | 2,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 9,3 | 43 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 15 | 62,5 | 1 | 4,2 | 3 | 12,5 | 0 | 0,0 | 5 | 20,8 | 24 | 100,0 |
| Transvaal | 120 | 74,5 | 10 | 6,2 | 8 | 5,0 | 0 | 0,0 | 23 | 14,3 | 161 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 2 | 66,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 3 | 100,0 |
| Private skole | 22 | 75,9 | 2 | 6,9 | 1 | 3,4 | 0 | 0,0 | 4 | 13,8 | 29 | 100,0 |
| TOTAAL | 296 | 77,3 | 16 | 4,2 | 18 | 4,7 | 0 | 0,0 | 53 | 13,8 | 383 | 100,0 |

## 4.9 DIE WENSLIKHEID AL DAN NIE VAN DIE UITLEEN OF -HUUR VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN DEUR DIE BELANGHEBBENDE SKOLE AAN ANDER

### 4.9.1 Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike primêre skole insake die uitleen of -huur van 'n gemeenskaplike sportterrein

Blykens tabel 4.22 is dit duidelik dat, met die uitsondering van die private skole, die hoofde van stedelike primêre skole van Kaapland (74,0%), Natal (65,1%), Oranje-Vrystaat (54,2%), Transvaal (55,3%) en Suidwes-Afrika (66,7%) dit eens is dat sodanige gemeenskaplike sportterrein slegs deur die oorspronklike belanghebbendes gebruik moet word. Ten opsigte van die private skole bestaan daar verdeeldheid oor die onderhawige aangeleentheid, aangesien ewe veel hoofde (41,4%) vir en teen die uitleen of -huur van die gemeenskaplike sportterrein is. Die landsbeeld toon dat die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole (61,4%) ten gunste daarvan is dat slegs die betrokke skole die terrein moet gebruik.

### 4.9.2 Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike sekondêre skole insake die uitleen of -huur van 'n gemeenskaplike sportterrein

Dit is volgens tabel 4.23 duidelik dat die hoofde van stedelike sekondêre skole van Kaapland (83,9%), Natal (77,8%), Oranje-Vrystaat (92,9%), Transvaal (72,3%) en van die private skole (58,6%) nie daarvoor te vinde is dat ander persone en/of instansies behalwe die betrokke skole self die gemeenskaplike sportterrein moet gebruik nie.

### 4.9.3 Die menings van hoofde (en hulle personeel) van stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole insake die uitleen of -huur van 'n gemeenskaplike sportterrein

Terwyl daar met betrekking tot Transvaal en Suidwes-Afrika verdeeldheid oor die onderhawige aangeleentheid bestaan, het al die hoofde van hierdie kategorie stedelike skole van Kaapland en van die Departement van Nasionale Opvoeding asook 50,0 persent van die hoofde van die Oranje-Vrystaat aangedui dat hulle dit nie as wenslik beskou dat 'n gemeenskaplike sportterrein aan ander skole of instansies, uitgeleen of -gehuur word nie (kyk tabel 4.24).

TABEL 4.22

DIE WENSLIKHEID AL DAN NIE VAN DIE UITHUUR OF -LEEN VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN AAN ANDER INSTANSIES, SOOS DEUR DIE HOOFDE (EN HUL PERSONEEL) VAN STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE AANGEDUI

| Onderwysowerhede | Wenslikheid al dan nie | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Wenslik | | Onwenslik | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 17 | 13,8 | 91 | 74,0 | 15 | 12,2 | 123 | 100,0 |
| Natal | 11 | 25,6 | 28 | 65,1 | 4 | 9,3 | 43 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 6 | 25,0 | 13 | 54,2 | 5 | 20,8 | 24 | 100,0 |
| Transvaal | 49 | 30,4 | 89 | 55,3 | 23 | 14,3 | 161 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 0 | 0,0 | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 3 | 100,0 |
| Private skole | 12 | 41,4 | 12 | 41,4 | 5 | 17,2 | 29 | 100,0 |
| TOTAAL | 95 | 24,8 | 235 | 61,4 | 53 | 13,8 | 383 | 100,0 |

TABEL 4.23

DIE WENSLIKHEID AL DAN NIE VAN DIE UITHUUR OF -LEEN VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN AAN ANDER INSTANSIES, SOOS DEUR HOOFDE (EN HUL PERSONEEL) VAN STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE AANGEDUI

| Onderwysowerhede | Wenslikheid al dan nie | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Wenslik | | Onwenslik | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 6 | 10,7 | 47 | 83,9 | 3 | 5,4 | 56 | 100,0 |
| Natal | 4 | 14,8 | 21 | 77,8 | 2 | 7,4 | 27 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 0 | 0,0 | 13 | 92,9 | 1 | 7,1 | 14 | 100,0 |
| Transvaal | 8 | 12,3 | 47 | 72,3 | 10 | 15,4 | 65 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Private skole | 9 | 15,5 | 34 | 58,6 | 15 | 25,9 | 58 | 100,0 |
| TOTAAL | 27 | 12,1 | 165 | 74,0 | 31 | 12,9 | 223 | 100,0 |

TABEL 4.24

DIE WENSLIKHEID AL DAN NIE VAN DIE UITHUUR OF -LEEN VAN 'N GEMEENSKAPLIKE SPORTTERREIN AAN ANDER INSTANSIES, SOOS DEUR HOOFDE (EN HUL PERSONEEL) VAN STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE AANGEDUI

| Onderwysowerhede | Wenslikheid al dan nie | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Wenslik | | Onwenslik | | Onbeant-woord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| Natal | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 2 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 1 | 50,0 | 2 | 100,0 |
| Transvaal | 3 | 37,5 | 3 | 37,5 | 2 | 25,0 | 8 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 1 | 50,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Nasionale Opvoeding | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| TOTAAL | 5 | 22,7 | 13 | 59,1 | 4 | 18,2 | 22 | 100,0 |

## 4.10 DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER STEDELIKE SKOLE WAT OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE, VAN 'N SPESIFIEKE SKOOL SE FASILITEITE GEBRUIK MAAK

### 4.10.1 Stedelike primêre skole sonder sportfasiliteite: wyse waarop reëlings met die gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite verloop

Terwyl die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole sonder fasiliteite, van Kaapland (72,2%), Oranje-Vrystaat (100,0%), Transvaal (57,1%) en Suidwes-Afrika (100,0%) aangedui het dat die reëlings met die gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite gladweg verloop, het een van die twee hoofde van onderskeidelik Natal en van die private skole laat blyk dat daar in hulle gevalle soms probleme met die reëlings voorkom. Die landsbeeld toon dat 22 (66,7%) van die 33 skole te kenne gee dat die reëlings met die gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite gladweg verloop, terwyl slegs 8 (24,2%) laat blyk het dat probleme soms voorkom (kyk tabel 4.25).

### 4.10.2 Stedelike sekondêre skole sonder fasiliteite: wyse waarop reëlings met die gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite verloop

Volgens tabel 4.26 het die meerderheid hoofde van stedelike sekondêre skole sonder fasiliteite van sowel Kaapland (60,0%) as van die private skole (80,0%) aangedui dat die reëlings met die gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite gladweg verloop het.

Daarteenoor het een van die twee skoolhoofde van Natal en 2 van die 4 skoolhoofde van Transvaal laat blyk dat probleme met die reëlings vir die gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite dikwels voorkom. Blykens die landsbeeld is die meerderheid hoofde van sekondêre skole (59,1%) se ondervinding dat die reëlings gladweg verloop.

### 4.10.3 Stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole sonder fasiliteite: wyse waarop reëlings met die gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite verloop

Slegs Kaapland en die Oranje-Vrystaat het skole in hierdie kategorie wat van 'n ander skool se sportfasiliteite gebruik maak. Die een skoolhoof van Kaapland wat van 'n ander skool se sportfasiliteite gebruik maak, het aangedui dat die reëlings gladweg verloop, terwyl die een skool van die Oranje-Vrystaat nie die vraag beantwoord het nie (kyk tabel 4.27).

TABEL 4.25

DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE WAT OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE, VAN 'N SPESIFIEKE SKOOL SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 13 | 72,2 | 0 | 0,0 | 4 | 22,2 | 1 | 5,6 | 18 | 100,0 |
| Natal | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Transvaal | 4 | 57,1 | 1 | 14,3 | 2 | 28,6 | 0 | 0,0 | 7 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Private skole | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 1 | 33,3 | 3 | 100,0 |
| TOTAAL | 22 | 66,7 | 1 | 3,0 | 8 | 24,2 | 2 | 6,1 | 33 | 100,0 |

TABEL 4.26

DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE WAT OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE, VAN 'N SPESIFIEKE SKOOL SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 6 | 60,0 | 1 | 10,0 | 3 | 30,0 | 0 | 0,0 | 10 | 100,0 |
| Natal | 1 | 50,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Transvaal | 2 | 50,0 | 2 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Private skole | 4 | 80,0 | 0 | 0,0 | 1 | 20,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| TOTAAL | 13 | 59,1 | 4 | 18,2 | 5 | 22,7 | 0 | 0,0 | 22 | 100,0 |

TABEL 4.27

DIE VERLOOP VAN REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE WAT OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE, VAN 'N SPESIFIEKE SKOOL SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 1 | 100,0 |
| TOTAAL | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 2 | 100,0 |

## 4.11 DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER SKOLE WAT OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE, VAN 'N ANDER INSTANSIE ('N SPORTKLUB) SE FASILITEITE GEBRUIK MAAK

### 4.11.1 Stedelike primêre skole sonder fasiliteite: wyse waarop reëlings met die gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite verloop

Volgens tabel 4.28 het die meerderheid hoofde van stedelike primêre skole sonder fasiliteite van Kaapland (54,2%), Natal (93,7%), Oranje-Vrystaat (100,0%), Transvaal (53,3%) en van die private skole (72,7%) aangedui dat die reëlings vir die gesamentlike gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite gladweg verloop. Probleme met die reëlings is soms ondervind deur 31,2; 6,3; 31,7 en 27,3 persent van die skoolhoofde van onderskeidelik Kaapland, Natal, Transvaal en dié van die private skole. Volgens die landsbeeld het 61,4 persent hoofde geen probleme met die reëlings vir die gesamentlike gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite ondervind nie, teenoor 27,1 persent wat soms probleme ondervind het.

### 4.11.2 Stedelike sekondêre skole sonder fasiliteite: wyse waarop die reëlings vir die gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite verloop

Uit tabel 4.29 is af te lei dat die meerderheid van die hoofde van stedelike sekondêre skole sonder fasiliteite, van Kaapland (66,7%), Natal (83,3%), Oranje-Vrystaat (100,0%), Transvaal (68,4%) en van die private skole (83,3%) geen probleme tydens die verloop van die reëlings vir die gesamentlike gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite ondervind nie. Die landsbeeld dui ook daarop dat in die geval van die meerderheid van die skole (75,0%) die reëlings gladweg verloop.

### 4.11.3 Stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole sonder fasiliteite: wyse waarop die reëlings vir die gebruik van die sportfasiliteite van 'n ander instansie verloop

Volgens tabel 4.30 is dit duidelik dat die reëlings vir die gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite ten opsigte van Kaaplandse (2 van 3) en Transvaalse skole (4 van 7) sonder fasiliteite, nie gladweg verloop nie. Daarteenoor het die 2 skole van die Oranje-Vrystaat laat blyk dat daar nie probleme in verband met die verloop van die reëlings vir die gesamentlike gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite ondervind word nie. Die landsbeeld dui egter daarop dat 6 van

TABEL 4.28

DIE VERLOOP VAN REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE WAT OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE VAN 'N SPESIFIEKE INSTANSIE SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 26 | 54,2 | 1 | 2,1 | 15 | 31,2 | 6 | 12,5 | 48 | 100,0 |
| Natal | 15 | 93,7 | 0 | 0,0 | 1 | 6,3 | 0 | 0,0 | 16 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 5 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| Transvaal | 32 | 53,3 | 8 | 13,3 | 19 | 31,7 | 1 | 1,7 | 60 | 100,0 |
| Private skole | 8 | 72,7 | 0 | 0,0 | 3 | 27,3 | 0 | 0,0 | 11 | 100,0 |
| TOTAAL | 86 | 61,4 | 9 | 6,4 | 38 | 27,1 | 7 | 5,0 | 140 | 100,0 |

TABEL 4.29

DIE VERLOOP VAN REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE WAT OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE VAN 'N SPESIFIEKE INSTANSIE SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 20 | 66,7 | 2 | 6,7 | 7 | 23,3 | 1 | 3,3 | 30 | 100,0 |
| Natal | 15 | 83,3 | 1 | 5,6 | 2 | 11,1 | 0 | 0,0 | 18 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Transvaal | 13 | 68,4 | 2 | 10,5 | 4 | 21,1 | 0 | 0,0 | 19 | 100,0 |
| Private skole | 15 | 83,3 | 0 | 0,0 | 2 | 11,1 | 1 | 5,6 | 18 | 100,0 |
| TOTAAL | 66 | 75,0 | 5 | 5,7 | 15 | 17,0 | 2 | 2,3 | 88 | 100,0 |

TABEL 4.30

DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE WAT OOR GEEN FASILITEITE BESKIK NIE, VAN 'N SPESIFIEKE INSTANSIE SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 1 | 33,3 | 1 | 33,3 | 1 | 33,4 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Transvaal | 3 | 42,9 | 0 | 0,0 | 4 | 57,1 | 0 | 0,0 | 7 | 100,0 |
| TOTAAL | 6 | 50,0 | 1 | 8,3 | 5 | 41,7 | 0 | 0,0 | 12 | 100,0 |

die 12 skole geen probleme ondervind nie, terwyl die oorblywende 6 skole wel probleme in die onderhawige verband ondervind.

## 4.12 DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER STEDELIKE SKOLE WAT OOR ONVOLDOENDE FASILITEITE BESKIK, VAN 'N SPESIFIEKE SKOOL SE FASILITEITE GEBRUIK MAAK

### 4.12.1 Stedelike primêre skole met onvoldoende fasiliteite: die verloop van die reëlings vir die gebruik van 'n ander skool se fasiliteite

Blykens tabel 4.31 het die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole met onvoldoende fasiliteite van Kaapland (66,7%), Oranje-Vrystaat (100,0%) asook die enkele skool van Suidwes-Afrika aangedui dat die verloop van die reëlings vir die gebruik van 'n ander skool se fasiliteite gladweg verloop. Met betrekking tot Transvaal het 42,9 persent van die skole laat blyk dat die reëlings gladweg verloop, 14,2 persent het aangedui dat probleme dikwels voorkom, terwyl 42,9 persent van die skole soms probleme ondervind.

Die landsbeeld toon egter dat die meerderheid skole (60,9%) geen probleme met die reëlings vir die gemeenskaplike gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite ondervind nie.

### 4.12.2 Stedelike sekondêre skole met onvoldoende fasiliteite: die verloop van die reëlings vir die gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite

Terwyl die meerderheid van die hoofde van stedelike sekondêre skole sonder sportfasiliteite van Natal (60,0%), Transvaal (66,7%) en van die private skole (75,0%) aangedui het dat geen probleme tydens die verloop van die reëlings vir die gesamentlike gebruik van 'n ander skool se sportfasiliteite ondervind word nie, is dit nie ten opsigte van Kaapland en Suidwes-Afrika die geval nie. In die geval van Kaapland het al drie die hoofde, en in die geval van Suidwes-Afrika die een enkele hoof te kenne gegee dat daar soms probleme ondervind word. In die geheel gesien, is dit die meerderheid van hoofde (52,9%) se ondervinding dat die reëlings gladweg verloop (kyk tabel 4.32).

TABEL 4.31

VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE WAT NIE OOR VOLDOENDE FASILITEITE BESKIK NIE VAN 'N SPESIFIEKE SKOOL SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeant-woord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 6 | 66,7 | 0 | 0,0 | 2 | 22,2 | 1 | 11,1 | 9 | 100,0 |
| Natal | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 1 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 4 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 |
| Transvaal | 3 | 42,9 | 1 | 14,2 | 3 | 42,9 | 0 | 0,0 | 7 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Private skole | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 1 | 100,0 |
| TOTAAL | 14 | 60,9 | 1 | 4,3 | 5 | 21,7 | 3 | 13,0 | 23 | 100,0 |

TABEL 4.32

DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE WAT NIE OOR VOLDOENDE FASILITEITE BESKIK NIE VAN 'N SPESIFIEKE SKOOL SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Natal | 3 | 60,0 | 1 | 20,0 | 1 | 20,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Transvaal | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Private skole | 3 | 75,0 | 0 | 0,0 | 1 | 25,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 |
| TOTAAL | 9 | 52,9 | 2 | 11,8 | 6 | 35,3 | 0 | 0,0 | 17 | 100,0 |

## 4.13 DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER SKOLE WAT OOR ONVOLDOENDE FASILITEITE BESKIK, VAN 'N ANDER INSTANSIE (SPORTKLUB) SE FASILITEITE GEBRUIK MAAK

### 4.13.1 Stedelike primêre skole met onvoldoende fasiliteite: die verloop van die reëlings vir die gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite

Blykens tabel 4.33 het die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole met onvoldoende sportfasiliteite van Kaapland (62,2%), Natal (81,8%), Oranje-Vrystaat (75,0%), Transvaal (52,2%) en van die private skole (62,5%) aangedui dat daar geen probleme tydens die verloop van die reëlings vir die gemeenskaplike gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite voorgekom het nie. Sommige skoolhoofde van Kaapland (27,0%), Oranje-Vrystaat (25,0%), Transvaal (34,8%) en van die private skole (37,5%) het soms probleme met die reëlings ondervind. Die landsbeeld toon dat die meerderheid hoofde van stedelike primêre skole met onvoldoende fasiliteite geen probleme met reëlings vir die gesamentlike gebruik van die ander instansie se sportfasiliteite ondervind het nie (60,4%).

### 4.13.2 Stedelike sekondêre skole met onvoldoende fasiliteite: die verloop van die reëlings vir die gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite

Hoewel die enkele hoof van 'n sekondêre skool van Suidwes-Afrika aangedui het dat die reëlings vir die gesamentlike gebruik van die ander instansie se sportfasiliteite soms probleme opgelewer het, is dit nie die geval ten opsigte van die meerderheid van die hoofde van stedelike sekondêre skole van Kaapland (68,9%), Natal (80,8%), Oranje-Vrystaat (100,0%) en van die private skole (80,0%) nie, aangesien die reëlings gladweg verloop het. Die landsbeeld dui ook daarop dat by die meerderheid van die skole (72,8%) daar nie probleme tydens die verloop van die reëlings ondervind is nie (kyk tabel 4.34).

### 4.13.3 Stedelike nywerheid-, verbetering en spesiale skole met onvoldoende fasiliteite: die verloop van die reëlings vir die gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite

Terwyl 3 (60,0%) van die 5 skole van Transvaal geen probleme met die reëlings vir die gesamentlike gebruik van 'n ander instansie se sportfasiliteite ondervind het nie, het een van die 2 skole van Kaapland aangedui dat probleme soms voorgekom het. Die landsbeeld toon egter dat in die geval van die meerderheid van die skole (57,1%) 'n gunstige verloop van die reëlings ten tye van die opname ondervind is (kyk tabel 4.35).

TABEL 4.33

DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE PRIMÊRE SKOLE WAT NIE OOR VOLDOENDE FASILITEITE BESKIK NIE VAN 'N SPESIFIEKE INSTANSIE SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 23 | 62,2 | 0 | 0,0 | 10 | 27,0 | 4 | 10,8 | 37 | 100,0 |
| Natal | 9 | 81,8 | 0 | 0,0 | 1 | 9,1 | 1 | 9,1 | 11 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 3 | 75,0 | 0 | 0,0 | 1 | 25,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 |
| Transvaal | 24 | 52,2 | 6 | 13,0 | 16 | 34,8 | 0 | 0,0 | 46 | 100,0 |
| Private skole | 5 | 62,5 | 0 | 0,0 | 3 | 37,5 | 0 | 0,0 | 8 | 100,0 |
| TOTAAL | 64 | 60,4 | 6 | 5,7 | 31 | 29,2 | 5 | 4,7 | 106 | 100,0 |

TABEL 4.34

DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE SEKONDÊRE SKOLE WAT NIE OOR VOLDOENDE FASILITEITE BESKIK NIE, VAN 'N SPESIFIEKE INSTANSIE SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 20 | 68,9 | 2 | 6,9 | 7 | 24,2 | 0 | 0,0 | 29 | 100,0 |
| Natal | 8 | 80,0 | 1 | 10,0 | 1 | 10,0 | 0 | 0,0 | 10 | 100,0 |
| Oranje-Vrystaat | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Transvaal | 16 | 69,6 | 3 | 13,0 | 4 | 17,4 | 0 | 0,0 | 23 | 100,0 |
| Suidwes-Afrika | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Private skole | 12 | 80,0 | 1 | 6,7 | 1 | 6,7 | 1 | 6,7 | 15 | 100,0 |
| TOTAAL | 59 | 72,8 | 7 | 8,6 | 14 | 17,3 | 1 | 1,2 | 81 | 100,0 |

TABEL 4.35

DIE VERLOOP VAN DIE REËLINGS WANNEER 'N AANTAL STEDELIKE NYWERHEID-, VERBETERING- EN SPESIALE SKOLE WAT NIE OOR VOLDOENDE FASILITEITE BESKIK NIE, VAN 'N SPESIFIEKE INSTANSIE SE SPORTFASILITEITE GEBRUIK MAAK

| Onderwysowerhede | Verloop van reëlings | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Reëlings verloop gladweg | | Dikwels probleme | | Soms probleme | | Onbeantwoord | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Transvaal | 3 | 60,0 | 0 | 0,0 | 2 | 40,0 | 0 | 0,0 | 5 | 100,0 |
| TOTAAL | 4 | 57,1 | 0 | 0,0 | 3 | 42,9 | 0 | 0,0 | 7 | 100,0 |

# HOOFSTUK 5

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 GEVOLGTREKKINGS

In die voorafgaande hoofstukke is die beplanning en benutting van skool- en sportterreine aan die hand van verskeie aspekte bespreek. Daar is aangedui wat die landsbeeld en die situasie vir elke onderwysowerheid is. Die bespreking in die hoofstukke saam met die toepaslike tabelle maak dit vir elke onderwysowerheid moontlik om 'n beeld van die aangeleenthede wat hulle onderwysdepartemente raak, in oënskou te neem en om daarvolgens met betrekking tot die beplanning en benutting van skool- en sportterreine, besluite te neem.

Ten einde duplisering te voorkom, word in hierdie hoofstuk slegs 'n samevatting van die situasie vir die land ten aansien van die verskillende aspekte insake die beplanning en benutting van skool- en sportterreine gegee. Hierdie landsbeeld sal reeds 'n aanduiding gee van waar knelpunte met betrekking tot die benutting en beplanning van skoolterreine bestaan.

### 5.1.1 <u>Die inruiming van 'n sportprogram in die skool se opvoedende onderwysprogram</u>

Die indruk wat gekry word wanneer die posisie in skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika in oënskou geneem word, is dat sport in die meerderheid van die skole se buitemuurse programme 'n oorweldigende aandeel het. Genoemde bevinding dui daarop dat die beleid van die onderskeie onderwysowerhede ten aansien van die beoefening van sport wel tot 'n baie groot mate vergestalting in die praktyk vind.

Nogtans blyk dit dat daar tog 'n aantal skole is waar sport nie beoefen word nie. So byvoorbeeld is gevind dat die grootste persentasie van skole waar sport nie beoefen word nie (18,5%) voorkom ten aansien van primêre skole wat op die platteland geleë is. In sodanige gevalle moet daar klaarblyklike redes voor wees. Wat die moontlike rede(s) egter ook al mag wees, sou dit nodig wees dat die hoofde van die betrokke skole hul beslis moet vergewis van die positiewe waarde wat daar met betrekking tot die persoonsvorming van die kind uit deelname aan sport geput kan word. Daar bestaan weinig redes waarom kinders verbonde aan gewone skole nie aan sport sal kan deelneem nie, aangesien voorsiening vir 'n sportprogram selfs vir die heel jongste kind (atletiek dien as voorbeeld) of vir die kleinste groep

leerlinge (swem dien as voorbeeld) gemaak kan word.

### 5.1.2 Die beoefening van enkele sportsoorte aan skole van die onderskeie onderwysowerhede

(a) Atletiek

Dit blyk dat van die 3 sportsoorte, te wete atletiek, tennis en swem eersgenoemde, volgens die totaalbeeld, binne elk van die skoolgroeperinge die mees prominente plek in die buitemuurse skoolprogram beklee. In die geval van 7 van die 9 skoolgroeperinge (primêre skole, sekondêre skole, nywerheid-, verbetering- en spesiale skole verdeel volgens stad, dorp en platteland) is die persentasie skole in die land wat atletiek aanbied, 80,0 persent en meer.

(b) Tennis

Die landsbeeld toon dat die minderheid van sowel die stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (43,5%) as van die plattelandse primêre skole (32,0%) tennis aanbied, terwyl die meerderheid - veral van die sekondêre skole - van die ander sewe skoolgroeperinge tennis wel aanbied (stedelike primêre skole 58,0%; stedelike sekondêre skole 95,1%; primêre dorpskole 70,6%; sekondêre dorpskole 98,0%; nywerheid-, verbetering- en spesiale skole in dorpe 66,7%; plattelandse sekondêre skole 96,3%; nywerheid-, verbetering- en spesiale skole op die platteland 100,0%).

(c) Swem

Volgens die landsbeeld word swem in die meerderheid van die sekondêre skole in stede (71,3%), dorpe (71,4%) en op die platteland (77,8%) aangebied. Alle nywerheid-, verbetering- en spesiale skole wat op die platteland geleë is (100,0%), bied swem aan. Alhoewel die skole wat swem aanbied, in al die ander groeperinge (bogenoemde uitgesluit) in die minderheid is, blyk dit nogtans dat die onderhawige sportsoort heelwat aandag geniet (die laagste persentasie in dié verband is 45,1 vir die primêre skole in dorpe).

(d) Dwergtennis

Ten spyte daarvan dat dwergtennis 'n aktiwiteit is wat hom by uitstek daartoe leen dat primêre skoolleerlinge daaraan kan deelneem, toon die landsbeeld dat die primêre skole nie in 'n oorweldigende mate daarvoor voorsiening maak nie. Nogtans blyk dat soveel as 52,5 persent van die stedelike primêre skole

en 60,9 persent van die primêre skole in dorpe geleë, genoemde aktiwiteit aanbied. Dit is veral in plattelandse primêre skole waar genoemde sportsoort nie veel aftrek kry nie - slegs 11,6 persent van die plattelandse primêre skole bied dwergtennis aan.

5.1.3 <u>Kriteria om die toereikendheid al dan nie van skool- en sportterreine van skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika te bepaal</u>

Twee van die faktore wat 'n baie belangrike rol met die bepaling van die grootte van die skoolterrein en ook die sportterrein speel, is die tipe skool en die ingeskrewe leerlingtal. Met inagneming van genoemde faktore het die onderskeie onderwysowerhede standaardformules ontwerp aan die hand waarvan beplanning geskied. Ten einde 'n evaluering van die toereikendheid al dan nie van die bestaande terreingroottes te maak, is met inagneming van die gemelde standaardformules, die volgende as kriteria ontwerp:

(1) <u>Skole sonder koshuise</u>

(i) Primêre skole (skool- en sportterrein): 3 tot 4 morg/ 2,570 tot 3,427 hektaar.

(ii) Sekondêre skole (skool- en sportterrein): 9 tot 10 morg/7,712 tot 8,568 hektaar.

(2) <u>Skole met koshuise</u>

(i) Primêre skole (skool-, koshuis- en sportterrein): 7 tot 8 morg/5,998 tot 6,855 hektaar.

(ii) Sekondêre skole (skool-, koshuis- en sportterrein): 11 morg en meer/9,425 hektaar en meer.

5.1.4 <u>Die toereikendheid al dan nie van die skool- en sportterreine van stedelike skole sonder koshuise</u>

(a) <u>Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van stedelike primêre skole sonder koshuise (landsbeeld)</u>

Dit blyk dat 57,1 persent van die stedelike primêre skole sonder koshuise nie oor die voorgeskrewe standaardgrootte skoolterrein (3 tot 4 morg/2,570 tot 3,427 hektaar) beskik nie. Opvallend egter is dat 60,7 persent van die hoofde van stedelike primêre skole sonder koshuise, die grootte van die sportterrein as ontoereikend beskou, terwyl 80,1 persent van die hoofde waarvan die sportterrein by hulle skole ontoereikend is,

te kenne gegee het dat daar nie op die skoolterrein vir die uitbreiding van sportfasiliteite voorsiening gemaak is nie.

(b) Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van stedelike sekondêre skole sonder koshuise (landsbeeld)

Die meerderheid van die hoofde van stedelike sekondêre skole sonder koshuise, te wete 57,4 persent, verklaar dat die grootte van die terrein nie aan die voorgeskrewe grootte voldoen nie (9 tot 10 morg/7,712 tot 8,568 hektaar). Verder verklaar 54,5 persent van die hoofde van stedelike sekondêre skole sonder koshuise dat die sportterrein ontoereikend is, terwyl 69,2 persent van die hoofde van skole sonder koshuise waarvan die sportterreine ontoereikend is, te kenne gegee het dat daar geen moontlikheid vir die uitbreiding van sportfasiliteite bestaan nie.

(c) Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole sonder koshuise (landsbeeld)

Die landsbeeld toon dat 35,7; 28,6 en 28,6 persent van die skole sonder koshuise se skoolterrein onderskeidelik 3 tot 4 morg/2,570 tot 3,427 hektaar, 5 tot 6 morg/4,284 tot 5,141 hektaar, en 1 tot 2 morg/0,856 tot 1,713 hektaar groot is. Verder blyk dat 78,6 persent van die hoofde van hierdie skole sonder koshuise, nie die grootte van die sportterrein as toereikend beskou nie, terwyl soveel as 81,8 persent van die hoofde waarvan die sportterrein ontoereikend is, te kenne gegee het dat daar geen voorsiening vir die uitbreiding van sportfasiliteite gemaak is nie.

5.1.5 Die toereikendheid al dan nie van die skool- en sportterreine van dorpskole sonder koshuise

(a) Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van primêre dorpskole sonder koshuise (landsbeeld)

In teenstelling met die stedelike primêre skole sonder koshuise, waar die meerderheid van die primêre skole se terrein ongunstig met die standaardgrootte (3 tot 4 morg/2,570 tot 3,427 hektaar) vergelyk, is daar slegs 30,6 persent van die primêre dorpskole sonder koshuise waarvan die skoolterrein kleiner as die standaardgrootte is.

Hoewel 46,1 persent van die hoofde van primêre skole aangedui het dat die skool se sportterrein toereikend is, is die persentasie hoofde wat oor 'n ontoereikende sportterrein beskik (43,9%) relatief hoog. Kragtens die landsbeeld het 71,5 persent

van die hoofde van primêre dorpskole sonder koshuise waarvan die skool se sportterrein ontoereikend is, aangedui dat daar nie vir uitbreiding van die sportfasiliteite voorsiening gemaak is nie.

(b) Die toereikendheid van die skool- en sportterrein van sekondêre dorpskole sonder koshuise (landsbeeld)

Die meerderheid van die hoofde van sekondêre dorpskole sonder koshuise (59,5%) het aangedui dat die terrein nie aan die vereiste standaardgrootte (9 tot 10 morg/7,712 tot 8,568 hektaar) voldoen nie. Dit is ook geensins verrassend dat 43,8 persent van die hoofde van sekondêre dorpskole sonder koshuise die grootte van die sportterrein as ontoereikend beskou nie, teenoor die 50,6 persent hoofde wat die grootte van die sportterrein wel as toereikend beskou. Hoewel 76,9 persent van die hoofde van sekondêre dorpskole sonder koshuise aangedui het dat daar nie vir die uitbreiding van die sportfasiliteite voorsiening gemaak word nie, moet hierdie bevinding in die lig van die voorafgaande geëvalueer word.

(c) Die toereikendheid van die skool- en sportterrein van nywerheid-, verbetering- en spesiale skole sonder koshuise geleë in 'n dorp (landsbeeld)

Terwyl een van hierdie dorpskole oor 'n terrein van 3 tot 4 morg/2,570 tot 3,427 hektaar beskik, val die grootte van die ander skool se terrein in die kategorie van 11 morg en meer/ 9,425 hektaar en meer. Albei hoofde van hierdie skole het te kenne gegee dat die sportterrein ontoereikend is en dat daar nie vir die uitbreiding van die sportfasiliteite voorsiening gemaak is nie.

5.1.6 Die toereikendheid al dan nie van die terreine van stedelike skole wat oor koshuise beskik

(a) Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van stedelike primêre skole met koshuise

Die landsbeeld toon dat soveel as 74,0 persent van die hoofde van stedelike primêre skole met koshuise, nie oor die voorgeskrewe grootte terrein beskik (7 tot 8 morg/5,998 tot 6,855 hektaar) nie. Verder het 64,0 persent van die hoofde van stedelike primêre skole met koshuise laat blyk dat die grootte van die sportterrein ontoereikend is, terwyl 70,6 persent van die hoofde van stedelike primêre skole met koshuise waarvan die sportterrein ontoereikend is, te kenne gegee het dat daar nie vir die uitbreiding van die sportfasiliteite voorsiening gemaak is nie.

(b) <u>Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van stedelike sekondêre skole met koshuise</u>

Daar kon met sekerheid vasgestel word dat 26,3 persent van die stedelike sekondêre skole met koshuise wel oor die standaardgrootte terrein (11 morg en meer/9,425 hektaar en meer) beskik. Hoewel 53,8 persent van die hoofde van stedelike sekondêre skole met koshuise aangedui het dat die sportterrein ontoereikend is, het 62,8 persent van die hoofde van hierdie groep skole aangedui dat daar nie vir die uitbreiding van sportfasiliteite voorsiening gemaak is nie.

(c) <u>Die toereikendheid van die skool- en sportterrein van stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole met koshuise</u>

'n Wisselende patroon ten opsigte van die grootte van die terrein van die onderskeie skole kom voor. Dit blyk dat 66,7 persent van hierdie skole (6 van die 9 skole) se sportterrein volgens die hoofde ontoereikend is. Van hierdie ses skole met 'n ontoereikende sportterrein, het vier skole (66,7%) te kenne gegee dat die moontlikheid vir die uitbreiding van sportfasiliteite nie bestaan nie.

5.1.7 <u>Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van dorpskole met koshuise</u>

(a) <u>Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van primêre dorpskole met koshuise</u>

Die landsbeeld toon dat 29,2 persent van die hoofde van primêre dorpskole met koshuise se terrein nie aan die daargestelde kriterium (7 tot 8 morg/5,998 tot 6,855 hektaar) voldoen nie. Hoewel 48,4 persent van die hoofde van primêre dorpskole met koshuise verklaar dat die sportterrein toereikend is, is die persentasie hoofde wat van mening is dat die sportterreine ontoereikend is, relatief hoog (44,6%). Ten opsigte van dié primêre dorpskole met koshuise waarvan die sportterrein ontoereikend is, is daar 67,1 persent waar daar geen voorsiening vir die uitbreiding van die sportfasiliteite bestaan nie.

(b) <u>Die toereikendheid van die skool- en sportterreine van sekondêre dorpskole met koshuise</u>

Van al die skole binne hierdie kategorie het slegs 17,2 persent hoofde laat blyk dat die terrein aan die daargestelde standaardgrootte voldoen (11 morg en meer/9,425 hektaar en meer).

Daarteenoor het 25,0 persent skole se terrein nie aan die vereiste grootte voldoen nie, en het 57,8 persent skole se hoofde nie die vraag beantwoord nie. Dit blyk verder dat 50,6 persent van die hoofde te kenne gegee het dat die sportterreine van hulle skole ontoereikend is, en dat 66,1 persent van die hoofde van sekondêre skole met koshuise waarvan die sportterrein ontoereikend is, aangedui het dat daar nie vir die uitbreiding van die sportfasiliteite voorsiening gemaak is nie.

(c) <u>Die toereikendheid van die skool- en sportterrein van nywerheid-, verbetering- en spesiale skole met koshuise geleë in 'n dorp</u>

Die grootte van die skoolterrein van die 19 skole in hierdie kategorie toon groot wisseling. Wat veral opvallend is, is dat 68,4 persent (13 van die 19 skole) van die hoofde aangedui het dat hul betrokke skool se grootte van die sportterrein toereikend is. Van die 6 hoofde wat verklaar het dat die sportterrein ontoereikend is, het 4 skole (66,7%) laat blyk dat die moontlikheid vir die uitbreiding van sportfasiliteite wel bestaan.

### 5.1.8 <u>Kriteria vir die verskaffing van sportfasiliteite</u>

Ontwerp en aanwending van standaardformules ten opsigte van die toekenning van sportfasiliteite aan skole blyk algemene praktyk by die onderskeie onderwysdepartemente te wees. Uit sodanige formules is af te lei dat onder andere die getal leerlinge 'n bepalende faktor is ten aansien van die getal sportfasiliteite wat aan 'n skool toegeken word.

Ten einde 'n evaluering te maak van die getal fasiliteite waaroor skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika beskik, is 'n enkele standaardformule ontwerp met die kriteria van die onderskeie onderwysdepartemente asook dié van gesaghebbende komitees as basis. Genoemde formule is soos volg:

(1) Rugby: Een veld vir elke 150 seuns.

(2) Hokkie: Een veld vir elke 150 dogters.

(3) Sokker: Een veld vir elke 150 seuns.

Ten einde vir addisionele fasiliteite te kwalifiseer, word een leerling meer as die maksimum vir 'n spesifieke groepering as vereiste gestel.

5.1.9 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan stedelike skole

(a) Stedelike primêre skole: die algehele gebrek aan sportfasiliteite

Dit blyk dat die getalle stedelike primêre skole in die land wat die verskillende sportsoorte aanbied, van 308 vir atletiek tot 2 vir skyfskiet wissel. Dit val verder op dat sommige van die stedelike primêre skole in 'n mindere of meerdere mate 'n gebrek aan fasiliteite vir die beoefening van die sportsoorte het. Die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

(1) Atletiek (308), netbal (306), krieket (234), tennis (222), rugby (208) en dwergtennis (201) word in vergelyking met die ander sportsoorte, deur die meeste stedelike primêre skole aangebied, terwyl swem (188) en sokker (141) sportsoorte is wat deur 'n besonder groot groep skole aangebied word.

(2) Behalwe vir netbal en dwergtennis waar die skole wat 'n gebrek aan fasiliteite op die skoolterrein het, gering is (onderskeidelik 20 of 10,0% en 16 of 5,2%), is die gebrek aan fasiliteite op die skoolterrein vir swem (56,4% of 106 skole), atletiek (35,1% of 108 skole), sokker (29,1% of 41 skole), krieket (27,4% of 64 skole), tennis (26,1% of 58 skole) en rugby (22,1% of 46 skole) relatief groot. Die gebrek aan fasiliteite wek kommer aangesien meeste leerlinge hierdie sportsoorte kan beoefen.

(3) Hoewel korfbal (25), hokkie (45), skyfskiet (2) en ringtennis (9) deur klein getalle skole aangebied word, is daar by sommige van hierdie skole 'n gebrek aan eie fasiliteite (korfbal: by 2 van 25 skole; hokkie: by 10 van 45 skole; skyfskiet: by 1 van 2 skole en ringtennis: by 4 van 9 skole).

(b) Stedelike sekondêre skole: die algehele gebrek aan sportfasiliteite

Dit blyk dat die getal stedelike sekondêre skole wat die verskillende sportsoorte aanbied, van 212 vir tennis tot 5 vir ringtennis wissel. Dit val verder op dat van die stedelike sekondêre skole in 'n mindere of meerdere mate 'n gebrek aan fasiliteite vir die beoefening van die sportsoorte het. Die

gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

(1) Tennis (212), atletiek (181), hokkie (167), swem (159), krieket (153), rugby (151) en netbal (137) word deur groot groepe stedelike sekondêre skole aangebied.

(2) Skyfskiet (78), sokker (29), korfbal (26) en ringtennis (5) word egter deur klein getalle skole aangebied.

(3) Die gebrek aan fasiliteite vir swem (39,0% of 62 skole), atletiek (21,5% of 39 skole), hokkie (19,2% of 32 skole), krieket (16,3% of 25 skole) en tennis (13,7% of 29 skole) wek kommer aangesien meeste leerlinge hierdie sportsoorte kan beoefen. Alleen vir rugby (6,0% of 9 skole) is die tekort aan fasiliteite op die skoolterrein gering.

(4) Hoewel die getalle skole wat korfbal, skyfskiet, sokker en ringtennis aanbied, gering is, is daar tog 'n gebrek aan korfbalvelde (3,8% of 1 van 26 skole), skietbane (5,1% of 4 van 78 skole), sokkervelde (24,1% of 7 van 29 skole) en ringtennisbane (3 van 5 skole) by sekere skole.

(c) <u>Stedelike nywerheid-, verbetering- en spesiale skole</u>: <u>die algehele gebrek aan sportfasiliteite</u>

Dit blyk dat die getalle van hierdie stedelike skole wat die verskillende sportsoorte aanbied, van 19 vir atletiek tot 1 vir ringtennis wissel. Die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

(1) Atletiek (19), rugby (17), netbal (16), krieket (12), swem (11) word deur die grootste groepe skole aangebied, terwyl die getalle skole wat korfbal (8), hokkie (6), skyfskiet (5), sokker (5) en ringtennis (1) aanbied, in die minderheid is.

(2) Hoewel die getalle skole wat die sportsoorte aanbied, klein is, is die gebrek aan fasiliteite vir atletiek (36,8% of 7 van 19 skole), rugby (23,5% of 4 van 17 skole), krieket (25,0% of 3 van 12 skole), swem (27,3% of 3 van 11 skole), hokkie (50,0% of 3 van 6 skole), sokker (40,0% of 2 van 5 skole) relatief groot. Vir netbal is die gebrek aan fasiliteite redelik klein (12,5% of 2 van 16 skole), terwyl daar vir tennis, korfbal, skyfskiet en ringtennis by die skole wat hierdie sportsoort beoefen, geen gebrek aan fasiliteite is nie.

5.1.10 Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan dorpskole

(a) Primêre dorpskole: die algehele gebrek aan sportfasiliteite

Dit blyk dat die getalle primêre dorpskole in die land wat die verskillende sportsoorte aanbied, van 511 vir atletiek tot 2 vir skyfskiet wissel. Dit val op dat van hierdie primêre dorpskole in 'n mindere of meerdere mate 'n gebrek aan fasiliteite vir die beoefening van die sportsoorte het. Die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

(1) Atletiek (511), rugby (400), netbal (400), tennis (399) word deur groot getalle primêre dorpskole beoefen, terwyl krieket (288), swem (255) en dwergtennis (242) in vergelyking met die voorafgaande sportsoorte ook deur relatief groot getalle skole aangebied word.

(2) Die getalle skole wat sokker (93), korfbal (56), hokkie (49) en ringtennis (35) beoefen, is relatief klein, terwyl skyfskiet deur slegs 2 skole aangebied word.

(3) Die algehele gebrek aan fasiliteite vir rugby (29,3% of 117 skole), atletiek (36,6% of 187 skole), tennis (36,6% of 146 skole), krieket (30,2% of 87 skole), swem (57,3% of 146 skole) is sorgwekkend, aangesien hierdie sportsoorte deur meeste leerlinge beoefen kan word. Die gebrek aan fasiliteite vir dwergtennis (11,6% of 28 skole), 'n sportsoort wat deur 'n groot getal skole beoefen word, is gunstiger as vir die voorafgaande sportsoorte.

(4) Die algehele gebrek aan fasiliteite vir korfbal (7,1% of 4 skole) en ringtennis (5,7% of 2 skole) is in vergelyking met die algehele gebrek aan fasiliteite vir hokkie (16,3% of 9 skole) en sokker (21,5% of 20 skole) gering, terwyl 1 van die 2 skole wat skyfskiet aanbied, nie 'n skietbaan het nie.

(b) Sekondêre dorpskole: die algehele gebrek aan sportfasiliteite

Die getalle sekondêre dorpskole in die land wat die verskillende sportsoorte aanbied, wissel van 415 vir swem, tot 24 vir sokker. Hierdie sekondêre dorpskole het in 'n mindere of meerdere mate 'n gebrek aan fasiliteite vir die beoefening van die sportsoorte. Die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

(1) Swem (415), tennis (401), atletiek (385), rugby (358), netbal (335) en krieket (222) word deur groot getalle skole aangebied, terwyl die getalle skole wat hokkie (184), skyfskiet (177), korfbal (26), sokker (24) en ringtennis (18) aanbied, in die minderheid is.

(2) Die algehele gebrek aan fasiliteite vir atletiek (39,0% of 150 skole), krieket (33,8% of 75 skole), swem (32,5% of 135 skole) en rugby (26,8% of 96 skole) is relatief groot, en derhalwe sorgwekkend aangesien meeste leerlinge hierdie sportsoorte kan beoefen. Die gebrek aan fasiliteite vir tennis (15,0% of 60 van 401 skole) en netbal (11,3% of 38 van 335 skole) is egter minder sorgwekkend.

(3) Die algehele gebrek aan fasiliteite vir korfbal (7,7% of 2 skole), hokkie (19,6% of 36 skole), skyfskiet (9,6% of 17 skole) is relatief klein, terwyl die gebrek aan fasiliteite vir sokker (25,0% of 6 van 24 skole) en ringtennis (27,8% of 5 van 18 skole) ongunstiger is.

(c) Nywerheid-, verbetering- en spesiale skole in dorpe: die algehele gebrek aan sportfasiliteite

Die getalle skole in hierdie kategorie wat die verskillende sportsoorte aanbied, wissel van 21 vir atletiek tot 2 vir korfbal. Die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

(1) Atletiek (21), netbal (15), swem (15), tennis (14), rugby (13) en krieket (13) word deur die grootste getalle skole aangebied, terwyl die skole wat hokkie (8), ringtennis (8), skyfskiet (5), sokker (4) en dwergtennis (3) aanbied in die minderheid is.

(2) Die algehele gebrek aan fasiliteite vir swem (46,7% of 7 van 15 skole), atletiek (38,1% of 8 van 21 skole) en krieket (30,0% of 3 van 10 skole), is relatief groot, terwyl die gebrek aan fasiliteite vir rugby (15,4% of 2 van 13 skole) en tennis (4,3% of 2 van 14 skole) minder sorgwekkend is. Daar moet egter in ag geneem word dat meeste leerlinge hierdie sportsoorte kan beoefen. Vir netbal is daar geen gebrek aan fasiliteite by die skole wat die sportsoort beoefen nie.

(3) Vir korfbal, skyfskiet en ringtennis is daar aan skole wat die sportsoort beoefen, geen gebrek aan fasiliteite nie, terwyl 1 van die 8 skole wat hokkie en 1 van die 4 skole wat sokker aanbied, nie oor die fasiliteite beskik nie.

5.1.11 <u>Die algehele gebrek aan sportfasiliteite aan plattelandse skole</u>

(a) <u>Plattelandse primêre skole: die algehele gebrek aan sportfasiliteite</u>

Die landsbeeld toon dat die getalle plattelandse primêre skole wat die sportsoorte beoefen, van 273 vir atletiek tot 5 vir hokkie, skyfskiet en sokker wissel. Dit val ook op dat sommige skole wat die sportsoorte beoefen, oor geen fasiliteite beskik nie. Die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

(1) Atletiek (273), netbal (139), tennis (121) en rugby (118) word deur die grootste getalle plattelandse primêre skole aangebied, terwyl krieket (78), swem (49), korfbal (49), dwergtennis (44) en ringtennis ook by skole byval vind. Die skole wat hokkie (5), skyfskiet (5) en sokker (5) aanbied, maak 'n geringe getal van die skole uit wat die verskillende sportsoorte beoefen.

(2) Die algehele gebrek aan fasiliteite by plattelandse primêre skole vir atletiek (41,4% of 113 skole), krieket (37,2% of 29 skole), rugby (22,0% of 20 skole), swem (42,9% of 21 skole), tennis (16,5% of 20 skole), dwergtennis (15,9% of 7 skole) en netbal (10,8% of 15 skole), wek kommer omdat die meerderheid leerlinge aan hierdie sportsoorte kan deelneem.

(3) Die algehele gebrek aan fasiliteite vir korfbal (6,1% of 3 skole) is gering, terwyl die 3 van die 5 skole wat hokkie sonder eie fasiliteite aanbied, se situasie ondersoek behoort te word. Die skole wat skyfskiet (5) en sokker (5) aanbied, beskik oor eie fasiliteite.

(b) <u>Plattelandse sekondêre skole: die algehele gebrek aan sportfasiliteite</u>

Die getalle plattelandse sekondêre skole wat van die sportsoorte beoefen, wissel van 26 vir tennis tot 2 vir korfbal en sokker. Sommige skole wat hierdie sportsoorte aanbied, het 'n algehele gebrek aan fasiliteite. Die gevolgtrekkings waartoe geraak word, is die volgende:

(1) Tennis (26), rugby (25), swem (21), krieket (20), en atletiek (19) word deur die grootste groepe plattelandse sekondêre skole aangebied. Daarenteen is die skole wat netbal (10), skyfskiet (9), hokkie (6), ringtennis (3), korfbal (2) en sokker (2) aanbied, in die minderheid.

(2) Die algehele gebrek aan fasiliteite by plattelandse skole, verg volgens die getalle skole ten aansien van swem (23,8% of 5 van 21 skole), atletiek (15,8% of 3 van 19 skole), krieket (10,0% of 2 van 20 skole), rugby (8,0% of 2 van 25 skole) en tennis (7,7% of 2 van 26 skole) aandag van owerheidsweë, aangesien hierdie sportsoorte deur die meerderheid leerlinge beoefen kan word. Van die 10 skole wat netbal, die 2 wat sokker en die 3 wat ringtennis beoefen, is daar vir elkeen van hierdie sportsoorte een skool wat nie oor eie fasiliteite beskik nie. Vir korfbal, hokkie en skyfskiet het die skole wat dit beoefen, voldoende eie fasiliteite.

(c) Plattelandse nywerheid-, verbetering- en spesiale skole: die algehele gebrek aan sportfasiliteite

Die skole wat rugby (3), krieket (3), atletiek (3), tennis (5), netbal (1), korfbal (1), skyfskiet (1), sokker (1) en ringtennis (1) aanbied, beskik oor fasiliteite, terwyl 1 van die 5 skole wat swem aanbied, nie 'n swembad het nie. Hokkie word glad nie deur hierdie skole aangebied nie.

5.1.12 Slotopmerking insake die algehele gebrek aan sportfasiliteite

Meer respondente het laat blyk dat die betrokke skole oor geen eie swembaddens beskik nie as wat die geval ten opsigte van die ander sportfasiliteite is. Genoemde bevinding is in 'n groot mate te verstane indien die aanvanklike kapitale-uitleg met betrekking tot die bou van 'n swembad, waarvan die betrokke skool self 'n groot bydrae moet lewer, in aanmerking geneem word. Die feit dat die skole wat oor geen krieket-, atletiek- en tennisfasiliteite beskik in die minderheid is, is bemoedigend. Desnieteenstaande word dit as wenslik beskou dat waar 'n spesifieke sportsoort aangebied word, die betrokke skool ten minste oor die minimum getal fasiliteite vir die beoefening daarvan sal beskik. Sodanige bedeling sal allerweë verwelkom word.

5.1.13 Die toereikendheid al dan nie, van skole se sportfasiliteite geëvalueer aan die hand van die getal ingeskrewe leerlinge as gestelde kriterium

(a) Rugbyvelde

Dit blyk dat, met die uitsondering van Nasionale Opvoeding wat geen skool sonder rugbyfasiliteite het nie, dié skole van die onderwysowerhede wat oor geen rugbyfasiliteite beskik nie (Kaapland 34,8%; Natal 28,7%; Oranje-Vrystaat 22,9%; Transvaal

12,8%; Suidwes-Afrika 38,6%; private skole 6,3%) in die minderheid is. Met die uitsondering van die skole onder die beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding waar daar geen skool is wat nie minstens oor een rugbyveld beskik nie, blyk dit dat persentasiegewys die private skole in voorafgenoemde opsig die beste daaraan toe is (6,3%/1 skool), terwyl die grootste algehele gebrek aan rugbyvelde by skole in Suidwes-Afrika voorkom (38,6%/17 van 44 skole).

Ook wat betref dié skole wat wel oor fasiliteite beskik, dui die beeld vir elk van die afsonderlike beheerliggame daarop dat daar 'n minderheid is wat op addisionele fasiliteite kan aanspraak maak. Persentasies in genoemde verband wissel van 20,0 persent vir die Departement van Nasionale Opvoeding tot 40,3 persent in die geval van Natal.

As die geheelbeeld wat betref dié skole wat aangedui het dat hulle oor geen fasiliteite beskik, tesame met dié van die skole waar die voorsiening van fasiliteite ontoereikend is, in oënskou geneem word, is die beeld in sommige gevalle minder gunstig. In voorafgaande opsig blyk dat die meerderheid van die skole van Kaapland (55,3%), Natal (58,6%), Oranje-Vrystaat (51,8%) en Suidwes-Afrika (61,4%) dringend die aandag van die betrokke onderwysowerhede behoort te geniet. Van die Transvaalse Onderwysowerheid het 47,4 persent, en van die Departement van Nasionale Opvoeding het 70 persent (1 skool) van die skole 'n behoefte aan bykomende rugbyvelde.

(b) Hokkievelde

Die minderheid van die skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika, waar hokkie aangebied word, beskik oor geen fasiliteite nie (Kaapland 26,8%; Natal 19,6%; Oranje-Vrystaat 28,6%; Transvaal 15,9%; Suidwes-Afrika 33,3%; Nasionale Opvoeding 22,2%; private skole 11,5%).

Terwyl die minderheid van die skole van Kaapland (46,7%), Natal (39,5%), die Departement van Nasionale Opvoeding (28,6%) en die private skole (35,2%) wat wel oor fasiliteite beskik, se voorsiening aan hokkievelde ontoereikend is, is die meerderheid van die skole van die Oranje-Vrystaat (81,3%), Transvaal (70,7%) en Suidwes-Afrika (80,0%) geregtig op 'n ruimer voorsiening.

Wat betref dié skole wat oor geen fasiliteite beskik nie, tesame met dié waarvan die voorsiening van fasiliteite ontoereikend is, is die beeld nie so gunstig nie. Slegs met betrekking tot die private skole (38,5%) en skole van die Departe-

ment van Nasionale Opvoeding (44,4%) het die minderheid kragtens die daargestelde kriterium rede om ontevrede te wees. Daarteenoor sou die meerderheid van die skole van Kaapland (60,9%), Natal (51,4%), Oranje-Vrystaat (75,0%), Transvaal (75,4%) en Suidwes-Afrika (77,8%) op 'n ruimer voorsiening van fasiliteite aanspraak kan maak.

(c) Sokkervelde

Slegs in Suidwes-Afrika beskik die meerderheid van die skole (58,8%) wat sokker aanbied, oor geen fasiliteite nie. Die minderheid skole van Kaapland (40,0%), Natal (11,6%), Oranje-Vrystaat (45,5%), Transvaal (24,0%), die Departement van Nasionale Opvoeding (20,0%) en die private skole (31,8%) ondervind 'n soortgelyke bedeling.

Met betrekking tot dié skole wat wel oor fasiliteite beskik, is die posisie só dat die minderheid van Kaapland (36,8%), Natal (20,4%), Transvaal (26,5%), Suidwes-Afrika (42,9%), Departement van Nasionale Opvoeding (12,5%) en die private skole (40,0%) op 'n ruimer voorsiening kan aanspraak maak. Daarteenoor is een (50,0%) van die twee skole van die Oranje-Vrystaat ontoereikend voorsien.

As dié skole wat oor geen fasiliteite beskik nie, bygereken word by dié wat op 'n ruimer voorsiening kan aanspraak maak, is dit slegs in die geval van Natal (29,0%), Transvaal (44,2%) en die Departement van Nasionale Opvoeding (30,0%) waar die minderheid skole werklik rede tot klagte oor die voorsiening van fasiliteite het. Die posisie met betrekking tot die private skole (59,1%) en die skole van Kaapland (57,5%), Oranje-Vrystaat (54,5%) en Suidwes-Afrika (76,5%) is egter so dat die meerderheid van die skole se voorsiening van fasiliteite kommer wek.

5.1.14 'n Gemeenskaplike sportterrein in verwerklikingsperspektief gestel

(a) Inleidende opmerking

Slegs die menings van stedelike hoofde verbonde aan onderskeidelik primêre, sekondêre, nywerheid-, verbetering- en spesiale skole is gebruik, aangesien dit veral in die stede is waar probleme met betrekking tot die bekombaarheid van geskikte terreine ondervind word wat die aanlê van 'n gemeenskaplike sportterrein feitlik noodsaaklik maak.

(b) Die moontlikheid al dan nie, van die beplanning en gebruik van 'n gemeenskaplike sportterrein

Nagenoeg twee derdes van die hoofde van die stedelike primêre skole (66,1%), sekondêre skole (64,6%) en die nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (65,3%) het aangedui dat dit moontlik is om 'n gemeenskaplike sportterrein te beplan en te gebruik. Hierdie standpunt van die hoofde is gegrond op die feit dat hulle reeds ander skole of instansies se sportfasiliteite gebruik om leerlinge aan sekere sportsoorte te laat deelneem.

(c) Die wenslikheid al dan nie van 'n gemeenskaplike sportterrein in gevalle waar ruimte vir die uitlê van 'n sportterrein vir elke skool ontbreek

Waar ruimte vir die uitlê van 'n sportterrein ontbreek of onvoldoende is, beskou meer as die helfte van die hoofde van stedelike primêre skole (58,0%), sekondêre skole (52,0%) en nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (56,5%), dit as wenslik dat 'n gemeenskaplike sportterrein aangelê moet word.

(d) Die persone en/of instansies wat die verantwoordelikheid moet dra vir die beplanning van die gemeenskaplike sportterrein

'n Beplanningskomitee bestaande uit verteenwoordigers van die onderwysowerheid, 'n argitek, 'n ingenieur, 'n stadsbeplanner, die betrokke skoolhoofde en sportorganiseerders van die betrokke skole, word deur nagenoeg driekwart van die hoofde van stedelike primêre skole (77,5%), sekondêre skole (79,4%) en nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (73,9%) as vereiste gestel om die gemeenskaplike sportterrein te beplan.

(e) Die ligging van 'n gemeenskaplike sportterrein

'n Sentraalgeleë terrein blyk by nagenoeg driekwart van die hoofde van stedelike primêre skole (78,3%), sekondêre skole (76,7%) en nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (73,9%) byval te vind.

(f) Die maksimum getal skole wat met sukses van 'n gemeenskaplike sportterrein gebruik sal kan maak

Die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole (55,4%), sekondêre skole (61,4%) en nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (60,9%) huldig die mening dat twee tot drie skole met vrug van 'n gemeenskaplike sportterrein gebruik sal kan maak.

(g) Die persone en/of instansies wat die verantwoordelikheid vir die instandhouding van 'n gemeenskaplike sportterrein moet dra

Geen besliste eenstemmigheid bestaan ten aansien van die onderhawige aangeleentheid nie. Die grootste persentasie hoofde van stedelike primêre skole (47,3%), sekondêre skole (45,7%) en nywerheid- verbetering- en spesiale skole (43,5%) is egter van mening dat die betrokke onderwysowerheid die verantwoordelikheid vir die instandhouding van 'n gemeenskaplike sportterrein moet dra.

(h) Die program waarvolgens 'n gemeenskaplike sportterrein gebruik sal word

Die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole (77,3%), sekondêre skole (81,2%) en nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (56,5%) gee voorkeur daaraan dat die gebruik van 'n gemeenskaplike sportterrein volgens 'n beplande rooster moet geskied.

(i) Die wenslikheid al dan nie van die uitleen of -huur van 'n gemeenskaplike sportterrein aan ander skole of instansies deur die belanghebbende skole

Dit blyk dat die meerderheid hoofde van stedelike primêre skole (61,4%), sekondêre skole (52,4%) en nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (56,6%) eens is dat slegs die betrokke skole vir wie die gemeenskaplike sportterrein aanvanklik beplan is, die gebruik daarvan moet hê.

(j) Die idee van 'n gemeenskaplike sportterrein: Slotopmerking

Dit blyk dat die gedagte van 'n gemeenskaplike sportterrein vir stedelike skole groot byval vind. Beplanning en gebruik van sodanige terrein op 'n verantwoordbare wyse word kragtens die meerderheid hoofde van stedelike skole as 'n voorvereiste gestel.

5.1.15 Die wyse waarop die reëlings verloop wanneer 'n aantal stedelike skole 'n spesifieke skool of instansie se sportvelde huur of sonder vergoeding gebruik

Met betrekking tot talle fasette van die onderhawige aangeleentheid, het die meerderheid van die hoofde van stedelike primêre skole (66,7%), sekondêre skole (59,1%) en die nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (50,0%) laat blyk dat die reëlings gladweg verloop wanneer 'n ander skool se sportfasiliteite ge-

bruik word.

Meer as 60 persent van die hoofde van stedelike primêre skole (61,4%) en sekondêre skole (75,0%), en net die helfte van die hoofde van nywerheid-, verbetering- en spesiale skole (50,0%) het aangedui dat die reëlings gladweg verloop wanneer daar van 'n spesifieke instansie (byvoorbeeld 'n klub) se sportfasiliteite gebruik gemaak word. Die gunstige beeld ten opsigte van die gemeenskaplike gebruik van 'n sportterrein blyk duidelik uit die gegewens.

## 5.2 AANBEVELINGS

In die lig van die doelstellings met en die bevindings van sowel hierdie, as dié van die voorafgaande studie,[1] word dit as wenslik beskou dat aan die volgende aanbevelings oorweging gegee moet word:

(1) Deelname aan sport op verantwoordbare wyse moet steeds as 'n noodsaaklike deel van die opvoedende onderwysprogram van skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika beklemtoon word.

(2) Ten aansien van die aanbieding van sport en die voorsiening en instandhouding van sportfasiliteite moet beleid op 'n nasionale grondslag neergelê word.

(3) Waar 'n spesifieke buitemuurse sportaktiwiteit deur 'n skool aangebied word, moet dit as essensieel beskou word dat daar ten minste vir die minimum getal fasiliteite ter beoefening van sodanige aktiwiteit voorsiening gemaak moet word.

(4) Indien die voorsiening of die uitbreiding van sportfasiliteite aan skole geleë in stede of dorpe, vanweë finansiële of ander oorweginge moeilik verwerklik kan word, moet die moontlikheid vir die daarstelling van 'n gemeenskapsentrum[2] oorweeg word. In dié verband kan oorweging daaraan gegee word om bestaande parke so te omskep dat daar ook voorsiening vir sportfasiliteite gemaak word wat

1) STRYDOM, A.E.: Die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite, Deel I.

2) Ibid. bl. 25 - 35.

deur sowel skoliere as ander lede van die publiek benut kan word. Laasgenoemde gedagte verdien evaluering aangesien die vraag gestel kan word of 'n groot aantal van die bestaande openbare parke, veral wat betref die fasiliteite wat gebied word, op 'n verantwoordbare wyse benut of benut kan word.

(5) Tydens die beplanning en aanleg van nuwe woonbuurtes binne stede en/of dorpe, moet die moontlikheid vir die daarstelling van 'n gemeenskapsentrum hetsy aangrensend aan 'n skool of andersins apart, dog sentraalgeleë, ondersoek word om met die minste uitgawe in toekomstige sportfasiliteite te kan voorsien.

(6) Daar dit reeds uit die praktyk blyk dat die gemeenskaplike gebruik van 'n spesifieke skool se sportfasiliteite deur 'n aantal skole met sukses plaasvind, moet die moontlike uitbouing van sodanige terreine slegs vir gebruik deur 'n aantal skole van wie die fasiliteite ontoereikend is, in oënskou geneem word. Genoemde praktyk kan as alternatief vir dié van 'n gemeenskapsentrum dien.

(7) Met die aanbevelings soos in (d), (e) en (f) uiteengesit as studie- of werksprogram, moet 'n verteenwoordigende komitee(s) van belanghebbendes op inisiatief van die betrokke onderwysowerheid of stads- of dorpsraad of provinsiale owerheid saamgestel word. Wat betref die samestelling van hierdie komitee, is dit wenslik dat verteenwoordigers van die onderwysdepartement, 'n argitek, 'n ingenieur, 'n stads-/dorpsbeplanner, die betrokke skoolhoofde en hulle sportorganiseerders in die komitee moet dien. Sodanige komitee(s) moet by die betrokke owerhede aanbevelings doen met betrekking tot die instandhouding en uitbreiding van sportfasiliteite, en moet die verantwoordelikheid aanvaar vir die samestelling van 'n program waarvolgens die skole en die betrokke gemeenskap van die fasiliteite gebruik kan maak.

## 5.3 SLOTOPMERKING

By wyse van empiriese gegewens is daar in hierdie verslag vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika 'n beeld gegee van die huidige stand van die aanbieding van sportaktiwiteite en die voorsiening van sportfasiliteite aan skole. Gesien in die lig van die feit dat sportbeoefening 'n integrale deel van die opvoedende onderwysprogram van feitlik alle skole vorm, kan daar deur onderwysowerhede met vrug uit hierdie verslag geput word ten einde die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite te verseker.

RGN-PUBLIKASIES/HSRC PUBLICATIONS

GESKIEDENIS/HISTORY

G-1/Van Dyk, J.H./Stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika/ 1972/R2,50

Bronnepublikasie Nr. I/Oberholster, A.G./Dagboek van H.C. Bredell/ 1972/R3,20

INLIGTING/INFORMATION

Humanitas/Tydskrif vir Navorsing in die Geesteswetenskappe/Verskyn minstens twee keer per jaar
Humanitas/Journal for Research in the Human Sciences/Appears at least twice per annum

Nuusbrief/Maandelikse publikasie behalwe in Desember, met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis
Newsletter/Monthly publication, except in December, which contains the latest information on research by the HSRC/ Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks
Annual Report/Published once a year

IN-4 /Waardebepaling van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1972/R0,65
IN-5 /Evaluation of South African and foreign educational qualifications/1972/R0,65

IN-6 /Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1,15
IN-6 /Sauer, G. and Geggus, C./Directory of research organizations in the human sciences in South Africa/1970/R1,15

IN-8 /Stimie, C.M./Algemene inligting/1971/Gratis
IN-9 /Stimie, C.M./General information/1971/Gratis

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/R0,90
IN-11/Geggus, C. and Stimie, C.M./Training after Standard Ten excluding university training/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in the RSA/1970/R0,50

IN-14/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die RSA en in die buiteland/1971/R2,15

IN-14/Geggus, C./Awards available for post-graduate study in the RSA and overseas/1971/R2,15

IN-15/Stimie, C.M., Caroline Geggus en Coetzee, C.J.S./Universiteitsopleiding en beroepsmoontlikhede/University training and career possibilities/1972/R2,15

IN-16/Stimie, C.M. and Caroline Geggus/University education in the RSA/1972/R0,70

KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/ Herdruk 1972/R0,95

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/R1,00

KOMM-5/Engelbrecht, J.C.R./Die pers as massakommunikasiemedium/ 1972/R3,60

MANNEKRAG/MANPOWER

MM-1 /Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/R0,35
MM-1 /Terblanche, S.S./The supply of and demand for town and regional planners/1969/R0,35

MM-2 /Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/ R0,30
MM-2 /Terblanche, S.S./The demand for and supply of medical practitioners/1969/R0,30

MM-3 /Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/R0,50
MM-3 /Terblanche, S.S./The occupational situation of a group of new graduates/1969/R0,50

MM-4 /Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswanatuisland/1970/R0,90
MM-4 /Redelinghuys, H.J./A pilot study of the Bantu entrepreneur in the Tswana homeland/1970/R0,90

MM-12/Ebersoh, D./Die nasionale register van natuur- en geestes-

wetenskaplikes soos op 30 September 1967/1970/Gratis

MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50
MM-17/Terblanche, S.S./The demand for and supply of engineers, 1973 and 1980/1971/R1,50

MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50
MM-22/Wessels, D.M./Part-time work for married women/1971/R1,50

MM-27/Boshoff, F./Die loonstruktuur van hooggekwalifiseerde Blanke werknemers soos op 1 Maart 1971/1971/R1,00
MM-27/Boshoff, F./The wage structure of highly qualified White employees as at 1 March, 1971/1971/R1,00

MM-28/Hartman, P. en Terblanche, S.S./Werkgeleenthede in die Oos-Transvaalse grensgebiede/1972/R1,45

MM-29/Boshoff, F./Werkgeleenthede in die Noord-Sothogrensgebiede/1972/R0,70

MM-30/Hartman, P./Werkgeleenthede in die grensgebiede naby die Tswanatuisland/1972/R0,70

MM-31/Wessels, Dina M./Die arbeidspatroon van gegradueerde huisvroue in die PWV-gebied - Deel I: Deeltydse werk/1972/R2,95
MM-31/Wessels, Dina M./The employment potential of graduate housewives in the PWV region - Part I: Part-time employment/1972/R2,95

MM-33/Terblanche, S.S./Job opportunities in the border areas of the Orange Free State and Eastern Cape/1972/R1,15

MT-1 /Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/R0,65
MT-1 /Verhoef, W. and Roos, W.L./The aim and experimental design of Project Talent Survey/1970/R0,65

MT-2 /Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70
MT-2 /Roos, W.L./The 1965 Talent Survey test programme/1970/R0,70

MT-3 /Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50
MT-3 /Roos, W.L./The intellectually superior pupil: A background description at Standard Six level/1970/R0,50

MT-4 /Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns/1970/R0,55

MT-4 /Strydom, A.E./Participation in sport, school achievement and adaptation of Standard Six boys/1970/R0,55

MT-5 /Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50
MT-5 /Smith, F.B./The only child in the family: A comparative study/1971/R0,50

MT-6 /Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns/1971/R0,60
MT-6 /English edition out of print

MT-7 /Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/R0,60
MT-7 /English edition out of print

MT-8 /Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1971/R0,55
MT-8 /English edition out of print

NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis
Research Bulletin/Ten issues per annum/Gratis

NORD-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90
NORD-1/Fourie, E.C./Supplement to the 1969 register of research in the Human Sciences in South Africa/1971/R1,90

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-1 /Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I/1970/ Herdruk 1972/R3,15
O-1 /Report of the committee for differentiated education and guidance in connection with a national system of education at primary and secondary school level with reference to school guidance as an integrated service of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa Part I/1971/ Reprint 1972/R3,15

O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale preprimêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika Deel II/1971/R0,75

O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Report of the committee for differentiated education and guidance with regard to a national pre-primary educational programme for the Republic of South Africa and South West Africa Part II/1971/R0,75

O-3 /Visser, P.S./'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/1970/R0,55

O-4 /Spies, P.G. van Z./'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie/1970/R0,40

O-5 /Haasbroek, J.B./Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande/1970/R0,45

O-6 /Oosthuizen, J.H.C./Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys/1970/R0,40

O-8 /Hatting, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,65

O-8 /Hattingh, D.L./The teaching of Geography at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./The teaching of History at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1972/R1,45

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse/1972/Gratis

Catalogue of tests/1972/Gratis

P-1/Madge, E.M. <u>en</u> Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85

SOSIOLOGIE/SOCIOLOGY

S-1 /Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2 /Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3 /Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4 /Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5 /Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6 /Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7 /Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8 /Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9 /Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare, Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10

S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

S-17/Mostert, W.P. <u>en</u> Du Plessis, J.L./Die gesinsbouproses by Bantoes in die munisipale gebied van Pretoria/1972/R3,45

S-18/Mostert, W.P. <u>en</u> Van Eeden, I.J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Johannesburg: Soweto/1972/R3,35

S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/1971/R1,95

S-20/Van der Merwe, C.F./Moeders wat werk/1972/R2,95

STATISTIEK/STATISTICS

WS-1 /Kies, J.D./Verantwoorde Onderwysstatistiek/1971/R3,70

WS-3 /Van Rensburg, F.A.J./Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Nie-Blankes)/1972/R1,75

WS-4 /Uys, C.J /Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Blankes)/1972/R2,40

WS-5 /Steenkamp, C.J. <u>en</u> Van Rensburg, F.A./Vooruitskattings van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika/1972/R5,40

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1971/Gratis

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis
Nienaber, P.J./National Documentation Centre for Music/1971/Gratis

Raper, P.E./Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum/1972/Gratis
Raper, P.E./South African Centre of Onomastic Sciences/1972/Gratis

Breytenbach, P.P.B./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Vertolkende Kunste/1972/Gratis
Breytenbach, P.P.B./National Documentation Centre for Performing Arts/1972/Gratis

ALGEMEEN/GENERAL

Coetzee, J. Chr./Geannoteerde bibliografie van navorsing in die opvoedkunde/1970/R2, 15
Coetzee, J. Chr./Annotated bibliography of research in education/1970/R2, 15

R G R C
BIBLIO LIBRARY

ISBN 0 86965 101 3